

OOR SKRYWERS EN BOEKE.

Werke van
Dr. M. S. B. KRITZINGER:

Die Opstandsmotief by Vondel 9/-

*Plateatlas by die Afrikaanse
Letterkunde* 12/6

*Letterkundige Leesboek, saam
met A. K. Bot* 7/6

*Ons Jongste Letterkunde, 'n
Bloemlesing* 4/6

*Letterkundige Kragte. Be-
skouings oor Afrikaanse
Skrywers* 5/-

*Groot Afrikaans-Engelse Woor-
deboek, saam met Dr.
Schoonees, Steyn, Cronjé
en Drennan* 15/-

Uitgewers J. L. VAN SCHAİK, Bpk.,
Pretoria.

Oor Skrywers en Boeke

deur

M. S. B. KRITZINGER

Uniwersiteit van Pretoria

Uitgewers:

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

1932

GEDRUK EN UITGEHEEL IN PRETORIA

113614

INHOUD.

Voorwoord	6
Die Onderwys van Afrikaanse Letterkunde aan Mid- delbare Skole	7
Die Stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap . .	25
Die Verlede en Hede in ons Letterkunde	37
C. LOUIS LEIPOLDT:	
<i>Wat Agter Lê en ander Verhale</i>	43
<i>Die Donker Huis</i>	49
<i>Die Laaste Aand</i>	55
<i>Afgode</i>	64
<i>Die Kwaksalwer</i>	69
D. F. MALHERBE:	
<i>Hans-die-Skipper</i>	73
JOCHIM VAN BRUGGEN:	
<i>In die Gramadoelas</i>	78
<i>Booia</i>	83
G. C. en S. B. HOBSON	92
<i>Kees van die Kalabarie</i>	99
<i>Skankwan van die Duine</i>	107
C. M. VAN DEN HEEVER:	
<i>Droogte</i>	112
P. DE V. PIENAAR:	
<i>Skakels van die Ketting</i>	119

VOORWOORD.

Die Stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap is uit *Die Nuwe Brandwag* oorgeneem. Al die ander stukke het tussen die jare 1929 en 1931 op die letterkundige bladsy van *Die Volkstem* verskyn.

In die langer stukke is net hier en daar klein veranderinge aangebring. By party van die ander stukke is veral aan die begin iets weggelaat anders sou daar te veel herhaling gewees het. Alleen dié stukke wat op sigself of om die skrywer van waarde is, is hier opgeneem, al het onderwysers my versoek om niks uit te laat nie.

Die stukke is meestal kort, want in die dagbladpers is ruimte altyd skaars. Juis daarom moes ek in die besprekings heelwat kleiner puntjies uitlaat. Ek meen egter dat ek die hoofpunte by elke boek gegee het. Hierdie stukkies wil ook niks anders as net 'n leidraad wees nie. As sodanig hoop ek van harte dat hulle die onderwyser en leerling van diens sal wees.

Kritiek en briefwisseling in verband met die werk sal altyd besonder welkom wees.

Uniwersiteit, Pretoria,
Januarie 1932.

DIE ONDERWYS VAN AFRIKAANSE LETTER- KUNDE AAN MIDDELBARE SKOLE.

(’n Toespraak voor ’n kongres van die Vereniging van Onderwysers(-esse)
aan Transvaalse Middelbare Skole.)

Vir my is dit ’n genoeg om as opvoeder tot opvoeders te kan praat. Die bedoeling is dan ook nie om te sê dit of dat *moet* gedoen word nie, maar net dat hierdie metode wat ek aanbeveel my die meeste bevrediging gee. Ek kom nie as eksaminator verdedig of beskuldig nie, ek kom net uiteensit. Die bedoeling is om ’n ideaal voor te hou wat deur elke onderwyser maklik benader kan word.

Die titel van die onderwerp gee duidelik te kenne wat verwag word, maar ek kan hier nouliks iets anders doen as net ’n skema aanvoer, juis omdat die onderwerp so groot is en die onderrig op die middelbare skool as geheel beskou moet word.

Nes die Uniwersiteit moet bou op die fondament wat in die middelbare skool gelê is, net so moet die hoërskool bou op die fondament van die laerskool. Daar moet dus ’n fondament wees. Gelukkig dat dit maklik gelê kan word, want hulpmiddels vir die laerskool is daar vandag genoeg. Dink maar aan die goeie leesboekies soos die bloemlesing-serie van mnr. Alers en dieselfde soort werkies wat deur dr. Schoonees, mnr. Jordaan en dr. Leipoldt saamgestel is. Verder besit ons heelwat kinderlektuur in prosa sowel as poësie. Almal staan natuurlik uit ’n kuns- en pedagogiese standpunt nie ewe hoog nie, maar almal kan as hulpmiddels diens doen. Daar is verder vertalings en bewerkings uit ander letterkundes, want dergelike werk kan ons ook uitstekende dienste bewys. Eindelik is

daar die goedaferigste onderwysers wat elke jaar in groot getalle deur die opleidingskole uitgestoot word.

'n Mens kan dus veilig aanneem dat daar in die laerskole 'n fondament gelê is.

Hierop moet u bou.

Maar hoe?

Die doel van alle letterkundige studie is, soos iemand dit uitgedruk het, *om die smaak van die leerling te ontwikkel*. Dis die einddoel, die ideaal, maar hy sluit alles in—ook die eksamens. Ek glo vas dat as hierdie eenvoudige doel voor oë gehou word en die onderwyser doelbewus te werk gaan, die eksamens vir hulleself sal sorg.

Laat my toe om in die verbygaan iets van die onderwyser te sê. 'n Mens hoor dikwels dat die onderwyser in letterkunde 'n betreklik maklike taak het. Persoonlik dink ek dat dit nie die geval is nie. Dis 'n opvatting wat ons oorgeërf het van 'n tyd toe elkeen geskik geag is om geskiedenis en letterkunde te doseer of hy nou 'n grondige studie daarvan gemaak het of nie. 'n Mens kon hom vir sy graad op die eksakte wetenskappe toegelê het dan was hy nog geskik om Hollands—waarby ek albei taalvorme insluit—te doseer. Gelukkig raak die opvatting meer en meer uit die mode. Dis ook nodig, want aan die onderwyser in letterkunde moet hoë eise gestel word. Hy moet voor alles geesdriftig wees; hy moet kan besiel. Letterkunde het met die skone te doen en op hierdie gebied kan geen vaste wette neergelê word nie, maar die onderwyser moet kan getuig van wat vir hom mooi is. Die leerlinge moet voel dat dit eg is. Deur sy geesdrif moet hy sy leerlinge aansteek. Pedagogies is dit gesond, want die leerling volg graag die voorbeeld van die onderwyser vir wie hy besonder respek het. Daarom is dit in letterkunde so nodig dat die leerlinge 'n hoë dunk moet hê van hulle onderwyser. Maar hy moet verder sorg om op hoogte van sake te kom en op die uniwersiteit is dit nie altyd moontlik nie. As hy eers op hoogte van sake is, moet hy daar bly. Daarom moet hy sy hele lewe lank 'n ywerige student wees.

Hoe kan hy anders lei as hyself leiding nodig het in elementêre letterkundige sake?

Hy moet dus baie lees. In die eerste plek die boeke wat verskyn. Hy moet in staat wees om oor elkeen 'n eie oordeel uit te spreek; hy moet die leerling kan aanraai wat hy van die allerjongste Afrikaanse werke moet lees. Hy moet verder kennis maak met die vernaamste letterkundige beskouings in ons tydskrifte en koerante. So moet hy heeltemal "by" bly. Dan sal hy deur sy kennis en sy liefde kan besiel, dan sal hy vir die leerling 'n lewende model wees, wat nagevolg behoort te word.

Maar om tot die letterkunde self te kom.

In die skool het die onderwyser met groot klasse te doen. In elke klas is daar ongelukkig verskillende soorte leerlinge: die een is die ander ver vooruit. So sou dit nie moeilik wees om die leerlinge in drie groot groepe in te deel nie. In die eerste plek is daar die leerling wat al heel-party gelees het. Hy kom uit 'n huis waar gelees word. Die ouers het die nodige leiding gegee. Daardeur is sy smaak al taamlik ontwikkel, want hy kan met oordeel lees. So'n leerling is sy klas vooruit. Daar is in die tweede plek die gemiddelde leerling en die meeste leerlinge in 'n klas behoort tot hierdie groep. Hy is nie dom nie, maar hy het tuis nie die regte leiding ontvang nie. Geesdrif en goeie metodes kan van hom 'n uitstekende leerling maak. Hy het net gesonde leiding nodig. Dan is daar die derde groep, wat in elke klas gelukkig nie te groot is nie. Dis die leerling wat taamlik "dom" is, een wat vir letterkunde, maar ook vir baie ander vakke geen aanleg het nie. Die beste metodes word tevergeefs op hom toegepas.

Hier mag die onderwyser nie te veel aandag aan die eerste en laaste groepie wy nie. Die meerderheid sal daaronder ly. Hou dus die gemiddelde leerling voor oë, maar verwaarloos die ander nie heeltemal nie. Moeilikhed sal die goeie leerling nie hê nie. Hy sal ook nie juis agtergehou word nie. Die onderwyser sal vanself voel wanneer hy 'n woordjie veral tot hom moet rig. Na of voor die klas sal hy deur 'n enkele woordjie, deur 'n vraag of hy 'n

spesiale boek, wat pas verskyn het, gelees het leiding kan gee. So'n leerling sal dan self seek. Dis altyd 'n dankbare leerling.

Vir die doel van hierdie beskouing bring ek Vorm I, maar veral II onder die middelbare skool. Soos sake nou staan is daar dan nog Vorm III* wat in Transvaal geen "eksamen"-vorm is nie, en Vorm IV en V waarin 'n eind-eksamen afgelê moet word. Dis noodsaaklik dat van die laagste klasse van die middelbare skool tot die hoogste 'n vaste stelsel gevolg sal word. Daarom is die metode van vakonderwysers waar een of meer onderwysers vir die een vak in die hele skool verantwoordelik is, so goed. Een onderwyser, die senior, gee dan na raadpleging met die die ander die nodige leiding.

In die laer klasse van die middelbare skool is dit noodsaaklik om goeie prosa sowel as poësie te behandel. Laat die kinders gereeld stukke uit die hoof leer en laat hulle dit ook goed opsê, sodat dit vir die toehoorders 'n genot sal wees om daarna te luister. Hier is dit wenslik om die keuse sover doenlik aan die kind self oor te laat. Natuurlik sou die onderwyser kan sê dat die keuse uit een of ander digbundel, of bv. die bloemlesing, *Digters uit Suid-Afrika*, van dr. E. C. Pienaar, moet wees. Op hierdie manier kies die leerling 'n stuk waarvan hy hou en juis omdat hy dié keuse gedoen het, sal hy hom ekstra inspan om dit goed te leer en om dit mooi voor te dra. Dit werk gesonde mededinging in die hand.

Maar uit die standpunt van die onderwyser besit hierdie metode nog 'n ander groot voordeel. Daar word afwisseling in die klas gebring waar verskillende goeie gedigte opgesê word. Dit word dan nie 'n herhaling tot in die oneindige van 'n bekende stuk nie. Op die wyse word die leerlinge in die geleentheid gestel om ook hier met 'n hele klompie kunswerkies kennis te maak. Hulle luister by die voordra; hulle stel vanself belang daarin.

*Van 1932 kom hierin verandering. Vorm III moet nou 'n openbare eksamen aflê en nie meer Vorm IV nie. My opmerkings by Vorm IV geld dus nou vir Vorm III.

Genoeg klem kan op die leer uit die hoof van mooi prosa en poësie nie gelê word nie. Maar dan het ek die oog nie in die eerste plek op werk wat maklik voorgedra kan word nie. Sulke stukke besit in die reël iets retories en daarteen moet goed gewaak word. Hier wil 'n mens stukke hê wat deur die mooi gedagte in 'n netjiese kunsvorm die leerling se gedagtewêreld sal verryk. Dis 'n uitstekende belegging en later wanneer die kind baie ouer is, sal brokstukke van hierdie kunswerkies, wat hy in sy jong dae geleer het, weer op die onverwagste oomblikke opkom en dit sal sy siel verryk. Al vergeet 'n mens baie hiervan, sal alles nie verlore raak nie.

Miskien kan die kinders aangemoedig word om die stukke wat hulle uit die hoof wil leer in 'n netjiese, stewige boek af te skryf. Op hierdie manier word 'n versameling aangelê wat vir elke liefhebber van die skone later 'n groot bekoring sal hê. Dit word dan 'n soort bloemlesing wat die kind self saamgestel het, waarin sy smaak weer-spieël word. Elke stuk besit dan vir hom seker assosiasies.

Genoeg is dit egter nie. Van sy kant behoort die onderwyser in verband hiermee ook iets te doen. Om die oefening so vrugbaar moontlik te maak, is dit noodsaaklik om by elke gedig, of liever by die gedigte van elke skrywer, 'n kort inleiding te gee. Ons almal stel belang in kunstenaars. By ons met ons handjievul skrywers wat gesteun en aangemoedig behoort te word, is dit nog meer wenslik om iets omtrent hulle doen en late mee te deel. Dit wek gesonde belangstelling. Dit kan sluimerende talente by die jong kinders wakker maak en hulle in die regte rigting lei. 'n Paar besonderhede uit die lewe van die digter is daarom baie nodig. As 'n mens die pers goed volg (en die leerlinge moet so vroeg moontlik aangemoedig en in die geleentheid gestel word om met die Afrikaanse koerante en tydskrifte gereeld kennis te maak) dan leer 'n mens algaande besonderhede in verband met die ontstaan van seker gedigte, wanneer hulle die eerste verskyn het en wat hulle vermoedelik ge-inspireer het. So leer 'n mens 'n kunstenaar meer ken as 'n waaragtige, 'n volledige mens.

Die leerling sal dan die naam van die digter maklik onthou, want die nodige assosiasies is mos gewek. Hy behoort ook te weet uit watter bundel die gedig oorgeneem is en wanneer, min of meer, die bundel verskyn het. Vir die leerling sal dit later verbasend baie beteken.

Hier is dit uiters wenslik om die onderrig aanskoulik te maak. Toon portrette van die digters. Raam 'n paar van die beste skrywers se portrette vir die Afrikaanse klas-kamer. Wys op karakteristieke kenmerke. In tydskrifte verskyn af en toe 'n kiekie van een of ander van ons kunstenaars. Knip dit uit en plak dit in 'n stewige boek. Dit dra alles daartoe by om die menslike kant van die skrywer te laat uitkom. As die onderwyser van hulle briewe besit, kan die skrif en veral die naamtekening getoon word.

Behalwe die leer van stukke uit die hoof moet alles in die werk gestel word om die leerling aan te moedig om baie te lees.

Ek neem aan dat hy in die laerskool met die kinderlektuur, eers via die onderwyser, maar later direk, in aanraking gekom het. Hy hou dalk al van lees en van boeke oor die algemeen. Moedig hom aan om nou soveel moontlik te lees, maar dis wenslik om die nodige leiding te gee sonder om jou oral in te meng. Die onderwyser moet juis leer om hom misbaar te maak. Hy moet maklik na die agtergrond kan verdwyn. Daarom sou ek 'n vaste skema wil aanbeveel. Die onderwyser kan uit die werk wat vir hierdie klasse die geskikste is 'n keuse doen. Die werke moet egter kunswaarde besit. Ons moet onthou dat die doel nog altyd is om die smaak van die leerling te ontwikkel. Ons kan hom dan vertel hoe die boek "smaak", maar die regte metode is dit seker nie. Moedig die leerling aan om self te lees, want hy moet self proe. Op hierdie manier sal hy leer hoe 'n mens kunswerke moet "proe" en hy sal gou uitvind wat vir hom aangenaam is. Hierna moet die onderwyser juis streef.

Mag ek hier veral die gebruik van 'n bloemlesing aanbeveel? Vir die doel om die leerling in te wy in letterkunde beskou ek 'n dergelike werk uiters geskik. Enige

bloemlesing sal egter nie die gewenste resultate oplewer nie, want die samestellers gaan van verskillende standpunte uit. Die populêre opvatting van 'n bloemlesing is dat dit 'n versameling van die mooiste gedeeltes uit die letterkunde, prosa of poësie, moet wees. Dit laat dink aan die bekende versamelings in ander letterkundes van bv. die honderd beste gedigte. So'n bloemlesing het ek nie op die oog nie. Dié soort kan vir sy doel uitstekende dienste bewys, maar dié wil die kuns alleen dien, wil die skoonheid in die poësie van die besondere letterkunde uitbring. Vir die studie van die literatuur is 'n historiese en verteenwoordigende bloemlesing nodig. Dit moet dan 'n monster van die hele letterkunde wees. Sover doenlik moet al die belangrikste skrywers uit die tydperk wat verteenwoordigend beskou word, daarin opgeneem wees. Die stromings in die letterkunde moet goed verteenwoordig word. Kronologies moet hy goed gerangskik wees om die ontwikkelingsgang duidelik te laat uitkom.

Daarby moet die stukke op sigself geneem goed wees; die keuse van die beste verteenwoordigende dele is noodsaaklik: hulle moet 'n taamlik afgeronde geheel vorm, ens. Daar is nog verskeie ander vereistes waarby ek hier nie wil stilstaan nie. Dis verder wenslik dat so'n werk 'n paar besonderhede oor die kunstenaars bevat; dit wek belangstelling en dien as aanknopingspunt. Van meer belang is dat aan die end van elke stuk duidelik gesê sal word waaruit dit geneem is.

So'n bloemlesing word dan in die laer klasse van die middelbare skool as leesboek gebruik. Die stukke word in die klas gelees, maar die hoofdoel is dat die stukke belangstelling sal wek, sodat die leerlinge die boeke waaruit die stukke oorgeneem is, tuis verder sal lees. Dis noodsaaklik dat al hierdie boeke in die skoolbiblioteek moet wees.

Hierop wil ek besonder klem lê, want dit sou vergeefse moeite wees om belangstelling by die leerlinge te wek, om hulle begerig te maak om die werke te lees as die boeke wat die honger kan versadig nie beskikbaar is nie. Elke skool moet verskeie kopieë van die vernaamste werke

besit. Dit sou die beste wees om 'n algemene, dit is 'n sentrale, boekery in verband met die skool as geheel daarop na te hou en verder klas-biblioteekies, wat onderdele van die grote is. Die onderwyser of die leerling wat vir die doel aangestel is, moet sommer daar en dan na die boekkas kan stap om die nodige boek uit te neem. Die kas moet natuurlik gesluit kan word.

Nes in die geval van resitasies moet die onderwyser by die gebruik van die bloemlesing die nodige leiding gee. Dit sou jammer wees as hy sommer laat lees; dan sou alles in die lug deurmekaar sweef. Die onderwyser wat liefde vir sy vak het, sou dit nie kan doen nie. Nee, die regte atmosfeer moet geskep en die nodige aanknopingspunte moet gesoek word; daar moet die regte voorbereiding wees. 'n Kort inleiding om die aandag by seker aspekte van die werk te bepaal, moet by elke stuk, of by die poësie van elke digter, gegee word. Alles moet aangewend word om die belangstelling gaande te maak, om die leerlinge begerig te maak om self handelend op te tree.

So'n bloemlesing is dan net 'n middel en mag nie as doel op sigself beskou word nie. Vir eksamendoeleindes is so'n werk minder geskik. Hy moet veral in die klasse gebruik word, waar geen offisiële eindeksamen afgeneem word nie.

Die doel van hierdie skema is om sistematies leeslus by die leerlinge te wek. By hierdie klasse is geen groot eksamen waarop gekonsentreer hoef te word nie. Alles moet daarom in die werk gestel word om leeslus te wek vir die beste prosa en poësie, om op hierdie manier die smaak van die leerlinge te ontwikkel. As daar stelsel in die skool is, sal die kinders aan die end van hierdie tydperk, d.w.s. wanneer hulle vir die offisiële eksamens van Vorm IV (trap I) en vorm V (trap II) begin te werk, al heelwat gelees het. Trouens dit sou moontlik wees dat die gemiddelde kind met al die vernaamste kunswerke in Afrikaans vertrou is.

Daar kan gereeld skriftelike werk in verband met die behandelde stukke gegee word. Daarby mag die hand-

boeke soos dié van dr. Pienaar, dr. Schoonees en dr. Lydia van Niekerk nie vergeet word nie. Die leerling moet naamlik voel dat dit 'n ernstige, maar ook aangename studie is en dat daar van die begin getrou gewerk moet word.

In die verbygaan wil ek 'n klein aantekeningboekie in verband met die werk aanbeveel. Dit moet 'n boekie wees soos 'n gedrukte werk, d.w.s. netjies ingebind en nie 'n gewone skrif nie. Laat die leerling van die begin aangemoedig word om in hierdie boekie die naam van die werke wat hy gelees het met die naam van die skrywer en die datum neer te skryf. Daarby word in 'n paar woorde die inhoud aangegee bv.: "Handel oor die Twede Vryheidsoorlog en vertel van die lotgevalle van Dirk Liebenberg, 'n burger onder genl. Beyers." Daarna moet hy 'n paar indrukke afskryf, bv. wat hom besonder getref het, wat mooi is, waarom, wat lelik is, ens. Op hierdie manier word die leerling aangemoedig en geleer om sy eie opinie uit te spreek. Hierop kan in verband met letterkunde nooit te veel klem gelê word nie. Dis goed as die leerling 'n werk of 'n artikel kan raadpleeg om te sien wat 'n erkende persoon oor 'n boek skryf, maar dis van meer belang as hy reguit en eerlik kan sê waarom hy van 'n boek hou. Ons het in die lewe op elke terrein oorgenoeg napers; op kunsgebied wil ons elkeen aanmoedig om self te dink, om self rekenskap te gee van wat hy gelees het. Napraterij openbaar afhanklikheid en 'n gebrek aan eie oordeel; in die eksamen help dit nie baie nie, want die eksaminator weet in die meeste gevalle wie daardie gedagte die eerste uitgespreek het. Dis nie 'n deug om met 'n ander man se kalf te ploeg nie.

Mag ek ook sterk aanbeveel dat die onderwyser nooit aantekeninge moet diktêr nie. Leer die kind om self aantekeninge te maak; skryf die hoofpunte as leidraad op die bord. In die later lewe, bv. op die Universiteit, of as sekretaris, of as verslaggewer sal die leerling makliker die kern van 'n lesing, of toespraak kan neerskryf as hy van jongsaf daarin geoefen is. Ek weet van 'n goeie Trans-

vaalse skool met 'n onderwyser in Afrikaans wat sy werk verstaan. Hy het egter daarvan gehou om aan die hand van seker outoriteite oor elke voorgeskrewe werk iets te dikteer. Toevallig was daar 'n vraag in die eksamen waarvoor dit net nodig was om so'n stuk, wat die leerlinge uit die hoof geleer het, (want hulle had vertroue in die onderwyser) neer te skryf. Dink bietjie wat die eksaminator moes gevoel het toe kandidaat na kandidaat dieselfde storie herhaal. In belang van die kandidate was dit stellig nie. Nog 'n gevaar is dat die leerlinge by elke vraag oor 'n werk met 'n draai by die gedikteerde wil uitkom, of dit in die vraag pas of nie. Hy beantwoord daarom sy eie vrae en nie die van die eksaminator nie—iets wat in elke eksamen gebeur.

Verder wil ek die sogenaamde leesuurtjie weer sterk aanbeveel.

Dis die woord waarmee die bekende pedagoog, Jan Ligthart,* dit noem. In hierdie geval dink ek egter aan iets anders as wat hy bedoel het. Dit gebeur dikwels dat 'n onderwyser siek is en dat iemand anders sy vrye uur moet opoffer om sy kollega se plek in te neem. Die onderwyser in Afrikaans moet dit ook af en toe doen en dis in verband hiermee dat ek die leesuurtjie wil bring. Sorg dat daar 'n goeie digbundel vir die doel by die skool is en behandel poësie of iets anders in hierdie uur van die afwesige kollega. Lees iets voor, maar doen dit mooi, knoop 'n praatjie daaraan vas, wek belangstelling vir die digkuns of vir 'n skrywer. Natuurlik sal al die saad nie in goeie aarde val nie, maar die onderwyser sal verras wees om te sien hoeveel belangstelling hy gaande maak. So kan daar aan die end van die kwartaal of op ander tye snipperuurtjies wees wat vir die doel gebruik kan word. Verwaarloos hulle nie, want dis kosbare minute.

Moedig die leerlinge ook aan om 'n eie boekerytjie op te bou. Die voorgeskrewe werk vir die verskillende eksamens sal al 'n goeie kern vorm as die ouers veral, maar ook

*Kyk *Woensdagmiddag-lesuur in Over Opvoeding II*.

die onderwysers, die kinders nie van kleinsaf aangemoedig het om hulle boeke te bewaar en goed op te pas nie. Die leerling sal liefde vir boeke ontwikkel en hulle as sy beste vriende beskou en hulle daarom goed versorg. Moedig die kind aan om sy spaarpennies gereëld in boeke te belê. Dis 'n nuttige vermaak, want so sal liefde vir die boek gekweek word en die leerling sal teen wil en dank 'n groot leser word. Daardeur kry hy 'n algemene sleutel in sy hand wat hom later orals heen kan voer. Hy sal na willekeur sy kennis in verband met enige onderwerp vermeerder; hy sal vanself vorentoe moet beur; hy sal 'n nuttige burger wees, 'n bate vir sy land en deurdag dat hy 'n warm ondersteuner daarvan is ons letterkunde vooruithelp.

Wanneer 'n mens dus by die eksamenklas vir Trap I kom, is daar al taamlik baie belangstelling; wat meer is: die leerlinge het al heelparty gelees. Hulle weet al min of meer hoe 'n kunswerk gelees en gewaardeer moet word. 'n Taamlke klompie sal al 'n smaak ontwikkel hê; hulle sal gereelde lesers wees. Dit sal vir hulle al 'n behoefte wees om die tydskrifte en koerante te volg, veral as die onderwyser van die laagste klasse in die middelbare skool daarvoor belangstelling gevra het.

Vir Trap I is dit noodsaaklik dat elke boek in besonderhede bestudeer sal word. Die getal voorgeskrewe werke is gelukkig nie groot nie, maar daar is vir een jaar seker oorgenoeg te doen. Die leerlinge het vroeër seker al met party van die boeke kennis gemaak, maar nou moet dit intensief gedoen word. In die klas word party van die werke, veral die digbundels en dramas, noukeurig gelees. Die onderwyser verklaar, waar nodig, en probeer leiding gee. Dit spreek vanself dat die leerlinge hierdie besonderhede nie sommerso kan onthou nie, daarom moet hulle aantekeninge maak. Skriftelike werk in verband hiermee word verder opgegee. Ook in verband met prosawerke is dit nodig dat daar baie leiding sal wees. Daar is geen tyd om al die voorgeskrewe boeke in die klas te lees nie, en al kon dit ook, die tyd kan 'n mens op 'n ander manier met meer vrug gebruik.

Laat die leerlinge die boeke dus tuis deurlees. Die meeste sal dit al vroeg in die jaar gedoen het. Nou moet hulle dit onder leiding van die onderwyser doen. Vir 'n seker dag moet 'n boek deurgewerk word. Aan die begin kan die onderwyser 'n klompie suggestiewe vrae stel, wat die leerling as leidraad kan dien. Die kind moet die boek daarom met sy volle aandag lees. Moedig hom aan om alles neer te skryf wat by die lees van die werk in sy gedagte opkom. So oefen hy algaande kritiek uit en moet helder wakker bly. Die mooiste dele word gemerk—as dit sy boek is—of as die onderwyser hierteen is kan die leerling 'n spesiale nota van sulke dele in sy aantekeningboek maak. As die leerling dit netjies leer doen het, is ek sterk daarvoor, dat hy sy merkies in die boek maak. Dis dan byderhand en by die hersiening gaan dit baie maklik om dit gou deur te gaan. Verder gee dit 'n mooi beeld van 'n mens se letterkundige ontwikkeling.

Hierdie merkies bestaan uit allerhande letters of tekens: 'n 'g' langsaan beteken geestig, 'h' humor, 'n' natuurgeskrywing; 'n vraagteken dui iets aan wat duister is; 'n vraagteken en 'n uitroepteken langsmekaar gee te kenne dat die leser verbaas is, of dit werklik nie kan glo nie, ens. Mocilik is dit seker nie om 'n vaste stelsel uit te werk nie. Op dié wyse word die leerling geoefen om met sy verstand en met onderskeiding te lees. Hy probeer die rede soek waarom sy gevoel sê dat 'n stuk mooi is. 'Vrae wat opkom dien juis om sy mening uit te kristalliseer.

Maar die leerling lees die hele jaar deur tog nie net die voorgeskrewe werke nie. Juis hier wil ek meer leiding aan die kinders gee. Plak in die klaskamer en in die biblioteek in verband met die kursus die titels van seker boeke op. Veronderstel dat *Dina en Lalie* van Marie Linde een van die voorgeskrewe boeke is. Dan sou ek op my lys o.a. hê:

“In verband met *Lina en Lalie* die volgende ander werke van dieselfde skryfster: *Onder Bevooregte Mense en Bettie Maritz*, romans; *Die Goue Roos*, kortverhale. Ander verdienstelike romans

in Afrikaans is: *Ampie I* en *II* van Jochem van Bruggen, *Die Meulenaar* en *Hans-die-Skipper* van dr. D. F. Malherbe, *Langs die Grootpad* en *Droogte* van C. M. van den Heever..." ens., ens.

Die leerlinge word dan aangeraai om uit hierdie lys die boeke te lees waarmee hulle nog nooit vantevore kennis gemaak het nie.

Op hierdie wyse word stelselmatig gelees en die leerling mors nie sy tyd deur rond en bont te staan nie. As die werk in die ander klasse goed gedoen is, sal dit net beteken dat hier en daar aangevul moet word, want ons letterkunde is nog maar klein. Maar ek herhaal: dit moet van die laagste klas van die middelbare skool sistematies gedoen word.

Ek hou vol dat 'n leerling wat so te werk gegaan het, sal kan saampraat wanneer oor ons letterkunde gese's word; sy smaak sal goed ontwikkel wees en hy sal met sukses sy eksamen aflê. Hy behoort selfs besonder hoë punte te behaal, want elke eksaminator voel gou watter kandidaat gelees het en sy eie oordeel uitspreek. Dit bring soos 'n eilandjie afwisseling in 'n see van eentonigheid. So kry die leerling 'n kans om met sy opvattinge voor die dag te kom. Hy sal *wil* gesels, hy sal *moet* getuig.

Maar Matriek lê nog voor. Hoe moet die onderwyser die werk van hierdie kursus indeel. Soos sake nou staan, word van die leerling in die hoogste klas van die middelbare skool in die Transvaal die volgende verwag:

- (a) Hy moet vertrouwd wees met 'n seker tydperk uit die Nederlandse letterkunde;
- (b) hy het die hele Afrikaanse letterkunde van die begin tot vandag;
- (c) hy het drie boeke, waaronder een in Nederlands, vir uitvoerige studie;
- (l) hy het 'n viertal werke vir algemene studie; hieronder is twee uit die Nederlandse letterkunde.

Oor al hierdie werk is daar een drie-uur-vraestel.

Niemand sal wil ontken dat dit heelparty werk is nie. Daar sal moet hard gewerk word om alles goed te doen.

Persoonlik dink ek dat dit beter sou wees om nie vir die Afrikaanssprekendes 'n tydperk uit die Nederlandse letterkunde voor te skryf nie. Dit sê ek nie omdat ek 'n vyand van die Nederlandse letterkunde sou wees nie. Inteendeel, ek sou van ander middels wou gebruik maak om die belange van die Nederlandse boek in Suid-Afrika te bevorder. Nou word die werk uiters oppervlakkig gedoen. Studie van die Nederlandse letterkunde is dit seker nie. Ek sou meer wil laat konsentreer op die voorgeskrewe werke in Nederlands. In die eksamen word dit blykbaar ook verwag.

Dit spreek vanself dat die boeke vir uitgebreide studie noukeurig deurgegaan moet word. Dit vereis veral 'n grondige studie van die besondere boek na inhoud en vorm. Vrae oor die inhoud word gestel, maar die kandidaat word ook verwag om die boek krieties te lees. In hierdie geval sou ek egter nie die ander werk van dieselfde skrywers verwaarloos nie, al val dit eintlik onder die ander afdeling.

Nes in die geval van die Trap I-eksamen moet die onderwyser aan die begin van die jaar 'n lys boeke opstel waaruit gelees moet word. Ek sal nie verbaas wees om te verneem dat party leerlinge al die werke van 'n betrokke skrywer deurgegaan het nie, maar daar sal oral nog gapings wees wat voordelig opgevul kan word. U sien dat die boekie waarin ek wil hê dat elke leerling gereeld moet aanteken wat hy gelees het in verband hiermee kostelike dienste kan bewys. Dis in die praktyk iets wat baie nuttig is, al eis dit bietjie inspanning en tyd. Maar wat kry en bereik 'n mens deur te lui?

Om te herhaal: die lys boeke waaruit die matriek-kandidate moet lees, bevat die name van die ander werke van die skrywers van wie 'n boek voorgeskryf is. Dit staan tog vas dat die voorgeskrewe werk net as leidraad moet dien. Dit mag dus nooit as 'n eenheid op sigself beskou word nie. Dis dan geen studie van die letterkunde nie. 'n Voorgeskrewe boek is eenvoudig 'n monster. Maar

dis in die eerste plek 'n monster van die werk van die outeur en daarom moet al die ander werke van die kunstenaar, prosa as dit prosa is, en poësie as dit 'n digwerk is, nie verwaarloos word nie. Maar dis in die eerste plek ook 'n monster van die genre, die soort, in die betrokke letterkunde.

Veronderstel dat 'n verhaal van dr. D. F. Malherbe voorgeskryf is. Dan moet sy ander verhale met die oog op die voorgeskrewe werk deur die leerlinge geles word. Maar daardie boek is ook 'n monster van die prosaverhaal, of die novelle en roman, in Afrikaans. Hulle moet dus vrae oor die roman, of die prosa as 'n geheel verwag. Vreemd is dit nie, want die leerling word nie net vir die eksamen afgerig nie, maar vir die lewe en daarom moet hy tenminste iets weet van die letterkunde as 'n geheel. Die eenheid moet bewaar bly.

Word hierdie stelsel gevolg dan staan dit vir my vas dat die leerling aan die end van sy skoolloopbaan heelwat geles sal hê. Die trage leerling sal deur die onderwyser aangespoor word. Natuurlik sal dit 'n wonder wees as so'n persoon later liefde vir die boek het, maar die onderwyser moet van sy kant ook sy paadjie skoon hou.

Dan bly daar nog oor die letterkunde. Die word in die eerste plek histories behandel. In ons geval is dit die geskiedenis van die Eerste en Twede Beweging, maar te veel vrae mag in die eksamen hieroor nie gestel word nie. Hierdie agtergrond is egter noodsaaklik en in die laer klasse het die leerlinge al met die een en ander kennis gemaak. Dit word tog nie gebêre net vir die eksamen-klasse nie.

Dan mag die ander vooraanstaande skrywers wie se werk die jaar nie voorgeskryf is nie, nie verwaarloos word nie, want van die eksaminator word verwag om 'n vraag oor die ander kunstenaars ook te stel, al is die keuse verbasend groot. Baie kunstenaars sal in ons klein letterkundedjie nie vergeet wees as die stelsel wat hier aanbeveel is van die begin konsekwent toegepas is nie. Maar om geen gapings oor te laat nie, kan die onderwyser 'n paar beskouings gee oor die werk en die betekenis van die ander

vernaamste digters en prosaskrywers. Meer as 'n stuk of tien sou ek nie behandel nie: as prosaskrywers sou ek neem, as hulle nie spesiaal voorgeskryf is nie: Jochem van Bruggen, Sangiro, Malherbe, Langenhoven, C. M. van den Heever. Preller, Marie Linde en nog 'n paar ander; as digters: Leipoldt, Jan Celliers, Visser. Totius, Wasse-naar, Toon van den Heever en nog een of twee ander volgens die oordeel van die onderwyser. Ek noem hierdie name net as leidraad.

Dis baie werk!

Ja, ek erken dit volmondig, maar ons mag nie vergeet dat dit die beëindiging van 'n vyfjarige kursus is nie. Wat meer is: dis die hoogste klas in die middelbare skool en daarna word die kandidate die lewe ingestoot om verantwoordelike werk te doen. 'n Groot gros word aan hulle eie lot oorgelaat; hulle is volleerd en hoe kan hulle 'n bate vir ons kuns en kultuur gaan wees as hulle, wat betref lees, nog nie op eie bene kan staan nie. Dit sou tog te jammer wees. Op die jeug maak ons staat, uit hulle moet ons toekomstige leiers en kunstenaars kom.

Gelukkig gaan 'n taamlike klompie na ons uniwersiteite, maar in hierdie beskouing het seker duidelik uitgekóm dat die eksaminator hom nie ten doel stel om 'n spesiale groep, die bestes, vir die hoëskole uit te vang nie. Nee, almal word absoluut oor dieselfde kam geskeer. Almal moet gewapen wees vir die lewe; dis in elkeen se belang dat hy smaak sal hê vir die beste.

Maar wat van die eksamen? Sal die kandidaat daar ook maklik verbyskerm? Die onaangename moet tog in die gesig gestaar word.

Dit spreek vanself dat daar in die eksamen baie min kandidate mag sak. Onthou moet word dat die kandidate vir wie 'n stelsel hier ontwerp is, Afrikaans as hoofvak neem. Dis daarom hulle eie letterkunde. In hierdie vak moet hulle nie net deurkom nie, maar die somtotaal so hoog moontlik opwerk om in die eksamen nie moeilikheid te kan veroorsaak nie.

Maar aan die eksaminator moet ook seker eise gestel word:

1. Hy moet 'n groot keuse gee, sodat elke leerling wat sy plig gedoen het in die geleentheid gestel sal word om vrae te beantwoord oor onderdele waaraan hy spesiaal aandag gewy het.

2. Die vrae moet van so'n aard wees dat die leerling by elkeen sy lees kennis kan uitbring. Waarom het hy anders geles? Die kennis moet toegepas word; hy moet 'n geleentheid kry om met sy gedagtes voor die dag te kom. Dit sal ook tel as die eksaminator sy werk verstaan en nie die kandidate in een uitgetrapte paadjie wil dwing nie.

3. Die hoofstrominge moet in aanmerking geneem word. Die student van literatuur weet dat kuns oor die algemeen en letterkunde in die besonder maklik in tydperke, stromings en newestromings verdeel kan word. Hierop moet die eksaminator gedurig die oog hou. Die grondige studie van die literatuur moet altyd voor oë gehou word en nie die afrigting vir 'n seker eksamentjie nie.

4. Hieruit volg dat die eksaminator nie na moeilikhede moet gaan soek nie. Hy moenie hom ten doel stel om die kandidate vas te vra nie. Nee, hy moet reguit sê wat hy wil hê en dan moet hy sorg dat die kandidate nie hulle eie vrae beantwoord nie.

As ons die letterkunde op ons skole só bestudeer, dan twyfel ek vir geen oomblik daaraan dat groot belangstelling by die kind gaande gemaak sal word nie, dat hy lus sal kry om self verder te ondersoek. Daar sal liefde gewek word en dit is hoofsaak. Die onderwyser rig dan nie sy leerlinge net vir 'n eksamen af nie. Dit is ook nodig, maar hy sal hulle lekker deur die eksamen help en hulle tegeelykertyd vir die lewe goed voorberei. Kan hy hom 'n hoër ideaal stel? Hy het dan nie die oog op een beperkte doeltjie nie. Al hierdie dinge sal hom toegewerp word as hy die hoofdoel voor oë hou.

Maar die geesdriftige onderwyser moet van sy kant nie te hoë verwagtings koester nie; hy kan dalk teleurgestel raak. Hy is 'n saaier en daarom moet hy verwag dat 'n deel van die saad langs dig pad sal val, nog 'n verder deel tussen dorings, maar hy kan daarvan seker wees dat 'n mooi klompie korrels in goeie aarde sal beland en dit sal hom bevrediging gee as hulle dertig-, sestig- en honderd-voud vrugte oplewer.

1930.

DIE STIGTING VAN DIE AFRIKAANSE TAALGENOOTSKAP.*

13 Desember 1905—13 Desember 1930.

Op 13 Desember 1905 is in Pretoria die Afrikaanse Taalgenootskap gestig. Dis die begin van die georganiseerde beweging wat in ons letterkunde die Tweede Taalbeweging genoem word. Dis maar vyf-en-twintig jaar gelede en 'n kwarteeu is baie kort in die geskiedenis van 'n volk, maar as ons terugkyk op die afgelegde baan, dan voel ons dat dit vanpas is om die gebeurtenisse van daardie dae, hoe nietig party mag lyk, in herinnering te bring. Alles gaan in die laaste tyd met so'n versnelde pas dat 'n mens die dag van die nietige begin nie na behore waardeer nie. Eers wanneer 'n mens na die vordering op elke terrein kyk, besef 'n mens watter groot diens die eerste baanbrekers ons taal bewys het. Die leiers het gedroom van 'n letterkunde; ons kan vandag op een wys en hoe nietig hy ook mag wees as ons hom met absolute standarde meet, hy is ons s'n en ons is trots op hom. Amptelik word ons taal gelykgestel met Engels en as daar af en toe rede is om skaam te voel dat ons op kulturele gebied nog baie papbroekerig is, dan weet ons dat alles net van onself afhang.

Na aanleiding van die vyf-en-twintigste verjaardag van die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap het ek die 1905-leggers van *De Volkstem* deurgegaan om aan die hand daarvan enige feite bymekaar te bring. Een ding

*Soos uit hierdie stuk sal blyk, is geen gebruik van dr. E. C. Pienaar se *Taal en Poesie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging* gemaak nie. Alles is uit die oorspronklike bronne gehaal.

is seker en dit is dat die hele stryd in die kolomme van *De Volkstem* afgespieël word, want Preller was onder-redakteur van daardie koerant en hy het gesorg om sy lesers goed op hoogte van sake te hou.

Die aanleidende oorsaak van die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap was die toespraak van Onse Jan (J. H. Hofmeyr) op 6 Maart 1905 voor Ons Spreekuur op Stellenbosch. „Is 't ons Ernst?” het hy gevra. Hy het nagegaan hoe die toestand op taalgebied in die staat, die kerk en die skool is. Dan vat hy die strekking van sy rede só saam:

„Is 't ons Ernst? Ernst met wat? Ernst met ons beweren, met het beweren van zo velen, — dat zij, dat wij, de miskennis, verguizing, minachting, vertrapping van onze Taal werkelijk gevoelen, die betreuren, verlangen onze Taal op te heffen, in eer te herstellen en al wat in ons vermogen is daartoe bij te dragen? Of is het bij ons, of bij velen onzer, slechts gekunsteldheid, semelarij, gehuicheld, slechts „aanstellings”, en „ons-maak-maar-zo-geschiedenis”? Of, is ons hart wel op de rechte plaats, maar zijn wij zelf te lam, te lauw, te pap, te zeer beziel met 'n flauwe Jan-Salie-geest, om in deze onze plicht te doen?”

Hy het die Hollandssprekendes voor die gereg laat verbygaan om op seker euwels te kan wys, maar hy al die tyd die oog op Nederlands gehad en nie op die algemene spreektaal, Afrikaans. nie. Aan die anderkant het hy 'n lofsang op Engels gehou, wat hier minder van pas was. 'n Mens mis in die toespraak die regte leiding; geen duidelike rigting word aangegee nie.

Hierdie toespraak het van 5 April, in drie agtereenvolgende stukke in *De Volkstem* verskyn. Van 19 April tot 14 Junie, in vyftien uitgawes, is Preller se beroemde stuk: *Laat 't ons toch Ernst wezen!* in die blad afgedruk. Die pleidooi is in Nederlands geskryf, maar dra 'n sterk Afrikaanse kleur. Die skrywer was nie bang om suiwer

Afrikaanse vorme oor te neem nie. In die begin reageer hy effens teen Hofmeyr se stuk en dan kom hy tot die kern van die saak:

„Allen spreken wat we nu kennen als Afrikaans, terwijl de overgrote meerderheid, insluitende al de onverschilligen, iets schrijft dat bestendig koers houdt tussen het Nederlands der scholen, het Afrikaans „zo as ons hom praat,” en een soort van Engels.”

Ongelukkig moet Afrikaans hieronder ly, want „in dat Afrikaans, diezelfde „kombuistaal”, dat „koeterwaals” of dat „patois” of wat men het ook al noemen wil, schuilt het geheimzinnige taalorganisme dat hier leeft en aardt, en hoe eerder Afrikaners dat inzien, hoe beter.” Hy wil die jongeres daarop wys, „dat het niet ene doodzonde is wanneer zij, om uiting te geven aan het gevoel dat daar in hun binnenste opborrelt, zich op verstandige en verstaanbare wijze bedienen van diezelfde spraak die hun de hele dag zo maklik, licht en lustig op de lippen zweeft, in stede van met hun gedachten en al te verdwalen in een harnas waar zij te klein voor zijn — of dat voor hen te groot is.” Dan kom hy tot sy vername stellings:

I.

„De taal die in een land leeft, die in het volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan, en laat zich niet uitroeien dan met uitroeiing van het volk waarin ze leeft.

De geschreven taal van enige nasie regelt zich onwillekeurig, of behoort zich te regelen, naar de gesproken taal van die nasie; anders lopen de twee naderhand zó ver uitmekaar dat zij feitelijk afzonderlike talen zouden worden.

II.

Afrikaans wortelt diep en leeft gezond in de Afrikaner nasie.

Geen andere taal doet hetzelfde.

Onze schrijftaal verschilt zover van onze spreek-taal, dat de gros der Afrikaners het geschrevene slechts met moeite verstaan en het zelf nagenoeg nooit schrijven.

III.

Daarom heeft Afrikaans in Z. Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan.

Daarom behoort zich onze schrijftaal te wijzigen naar onze spreektaal."

Hy gaan verder na wat 'n taal is, wys op voorbeelde uit die geskiedenis waar hulle die volkstaal nie kon uitroeï nie, herinner aan die vrugtelose pogings wat in ons land aangewend is om Nederlands in ere te herstel en haal 'n voorspelling van president Burgers aan „dat hier eenmaal in Z. Afrika een taal gesproken zou worden, die noch Hollands noch Engels, maar Afrikaans zou zijn." In fors beeldende taal wys hy daarop dat Afrikaans „onuitroeibaar" is, „hij biedt het hoofd aan opzettelijke vernieling, hij draagt lijdelijk vriendelijke verdrukking, hij groeit van Kaappunt tot aan de Zambesie," en hy eindig die paragraaf met die volgende:

„In het Afrikaans alleen is de Afrikaner in staat met de beste kracht weer te geven wat er in hem omgaat, zijn natuurlikste gewaarwordingen, zijn innerlikste gedachten, zijn diepste gevoelens — het is de taal die ook bij uitnemendheid behoort te wezen het voertuig zijner op papier geschreven gedachten."

As joernalis weet hy dat hy in Nederlands nie die hart van die Afrikaner raak nie. Hy herinner aan die duisende goedkoop Afrikaanse boekies wat die Patriotters van die hand gesit het; toe het die mense leer lees, want dit was in hulle taal. Vandag is dít heeltetal anders. Daarom vra hy tereg:

„En, waarlik waar, *is 't ons Ernst?* Is 't ons ernst met de koers waarin we de lezende en schrijvende minderheid van onze nasie drijven? Is 't ons ernst met de bestending van een volsiagen onmogelikheid? Is 't ons ernst met de verwachtingen die we daarvan koesteren?"

Hy gee verskeie briewe wat *De Volkstem* byna daaglik ontvang. Die is byna voor-die-voet in 'n treurige koeterwaals. Die mense behoort daarom in Afrikaans te skryf, maar hy maak verskil tussen verskillende soorte Afrikaans. Hy wil die vorm kies waar dit die suiwerste gepraat word, „en dit is de taal van de Vrijstaat en het Transvaalse Hogevelde.” Hy is verder teen die *Patriot*-spelling en wil hê dat die skrywers hul moet hou „aan de vereenvoudigde Nederlandse spelling waar er geen verschil is op te merken tussen de Afrikaanse en Nederlandse uitspraak.”

In Transvaal word die vereenvoudigde Nederlandse spelling al „tien jaar lang” gebruik, maar „nu is 't onze tijd om nog een stappie verder te gaan.” Dan formuleer hy sy standpunt teenoor Nederlands:

„Als overgangs maatregel, totdat het Afrikaans algemeen geschreven wordt, omschrijven we onze gedragslijn: Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen.”

„De zoveel mogelijk beschaafde taal” wat in Suid-Afrika deur „joernalisten, auteurs en predikanten” geskryf word, „is te stijf, te aanstellerig en te koud voor ons Volk.” Daarom is sy versugting: „... laat er toch harmonie komen tussen Volk en Taal.” Hy raai jongmense aan om hulle ernstig toe te lê op die skryf van suiwer Afrikaans en eindig met die vo'gende pakkende sin: „Het Afrikaans is onze Moedertaal, ons Landstaal, ons Volkstaal — help om het te maken tot onze Schrijftaal!”

Dit gee maar net 'n paar sinsnede uit hierdie kragtige dokument, wat nou nog die moeite werd is om deeglik bestudeer te word.

Op 17 Junie kom daar, onder die vorige opskrif, een stuk van Preller agterna, hierdie keer in Afrikaans. Hy wou met sy studie „die goeie bestaanreg van onze Taal... perbeer bewijs.” As sy landgenote „die taal lief het wat ons 'n aparte Nasie maak, ons so gou molik moet beginne om te lees wat daar in die taal geschrijf wordt, om zo-

doende diegene aan te moedig wat dit skryfve." Hy maak melding daarvan dat hy sedert sy stukke verskyn het briewe ontvang het en daarin „wordt daarop aangedring om 'n bijeenkoms te beleg van belangstellende persone, waarop ons 'n Afrikaanse Taal Genootskap kan stig om daadwerklik op te tree ver die handhaving van wat ons reken dat reg is." Hulle moet „'n schoot o'er die Zaak gezels," „o'ereenkom o'er die spelling," propaganda „met woord en daad maak" en „voeling hou met voorstanders" in die Kaapkolonie en Holland.

Hy vra belangstellendes om voor 1 September aan hom te skryf as hulle lid wil word. 'n Genootskap word in die vooruitsig gestel en die doel daarvan uiteengesit.

In dieselfde nommer van die blad word 'n prysvraag vir die beste oorspronklike Afrikaanse storie uitgeskryf. Dit moet voor 1 Augustus ingestuur word.

Van nou af verskyn daar verskeie briewe oor die saak. Die eerste is deur mnr. I. van Heerden, die latere sekretaris van die A. T. G. Hy wil sy naam op die lys hê. As daar 'n „Ou Twak" is wat nie in organisasie glo nie dan raai hy hom aan om by 'n miershoop te gaan sit en na die miere te kyk. Hulle werk saam. Geesdriftig klink dit verder: „Ons gaan Afrikaans verbrands 'n taal maak, as dit nog nie een is nie!" en aan die slot: „... 'n man krij somer lus om uit te wei o'er al die kwessies van die dag as jij weet jij kan jou zê in jou eie taal zê."

Later word van 'n brief van die studente op die Teologiese Kweekskool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom melding gemaak: hulle gaan van nou af Afrikaans skryf en algemeen handhaaf. H. Visscher laat hom teen Afrikaans hoor en hoop dat die Kongres „de Nederlandsche taal als volkstaal (zal) handhaven", maar hy word so warm aangeval o.a. deur J. P. la Grange Lombard Jr. (in Nederlands) dat hy later die „misverstand" verduidelik en 'n sterk voorstander van Afrikaans word.

J. Lion Cachet, dr. J. D. du Toit (Totius), dr. F. Postma en J. Kamp laat hulle gesamentlik ten gunste van Afrikaans hoor en op die jaarvergadering van onderwysers

laat dr. M. S. Lingbeek hom ook uit ten gunste van die volkstaal. Daar word later aangekondig dat Preller se stuk, voorsien van 'n voorwoord deur dr. F. V. Engelenburg, as brosjure uitgegee sal word. (Van hierdie werkie, uitgegee onder die sub-titel: „Gedachten over de Aanvaarding ener Afrikaanse Schrijftaal” kon ek tot my spyt geen kopie in hande kry nie.)

Op 5 Julie verskyn daar onder die opskrif: *'n Mooi Brokkie, 'n Winternag* deur „Klaas Vakie” (E. N. Marais) soos dit uit *Land en Volk* oorgeneem is. Preller is geesdriftig oor hierdie gedig en hy meen dat „Klaas Vakie” een van die manne is „wat gaan beslis om Afrikaans te maak tot schrijftaal.” Nico Hofmeyr betuig ook sy instemming met die kongres, „omdat ik vast geloof dat de Afrikaanse taal 'n toekomst heeft.” Ook di. L. E. Brandt en J. A. du Plessis is ten gunste van Afrikaans. F. Postma (nie dr. Postma nie, soos later uitdruklik gesê word, want in privaat briewe word hy aangeval) is teen Afrikaans, want die skryf daarvan is net „verfijnde gemakzucht” en „wil men het nageslacht een patois opdringen als schrijftaal, dan is het Hollandsch, hier te lande ten minste, ten doode opgeschreven.” Hy sê verder die mense sal aan Engels met sy mooi letterkunde die voorkeur gee. Die voorstanders sal egter niks uitvoer nie, „want bij een poging zal het blijven moge die ook een eeuw duren.”

Preller antwoord direk in 'n voetnoot. Afrikaans is die gevolg van ewolusie en die voorstanders van Afrikaans sien juis dat Hollands in Suid-Afrika agteruitgaan. Hy wil nie die pad vir Nederlands-skrywe toemaak nie, maar stel die vraag: „Wie sê dat daar o'er 'n eeuw geen „lezenswaardige literatuur” in die Afrikaanse taal zal wees nie? 'n Pessimistiese dogmatiek of 'n dogmatiese pessimisme?” „Belangstellende” (Preller?) wys daarop dat die Kaapse koerant, *Ons Land*, hewig geskrik het vir die „Afrikaanse Taalbeweging” in die Noorde en dan hekel hy die standpunt van daardie blad wat nog met vereenvoudigde spelling sukkel wat „hier al tien jaar en meer” gebruik word. Hy is nie vir Afrikaans, omdat hy meen

dat die hele taal en nasie gered sal word nie, „maar dit zal 'n hele stuk sheel wat ons beter zal kan schrijf as nou, en wat ons ook beter kan schrijf as wat ons Engels schrijf.”

Daar verskyn nog ander geesdriftige briewe, meestal in Afrikaans. Mooi is egter 'n Nederlandse brief van G. Leliveld. Hy is teen „Patterjots,” maar meen dat Nederlands geen toekoms in Suid-Afrika het nie en verder: „Spreek dus al mijn hart voor Nederlands, mijn verstand zegt in Afrika, Afrikaans!”

Op 15 Julie verskyn 'n berig dat genl. C. R. de Wet laat weet het dat hy vir die Genootskap is.

Van nou af word daar meer georganiseer. In Bloemfontein is daar 'n voorlopige kommissie, wat bestaan uit: Ds. W. Postma, Joh. Visscher en D. F. du Toit (Oom Lokomotief). In Transvaal bestaan die voorlopige kommissie uit dr. N. M. Hoogenhout, dr. M. S. Lingbeek, N. Hofmeyr, E. N. Marais en G. S. Preller. Verder word berig dat daar in Potchefstroom reeds 'n vereniging bestaan.

Teen die end van Julie verskyn in *De Volkstem* die rede wat dr. Lingbeek op die jaarvergadering gehou het onder die tittel *Nuttige wenke over de Toekomst onzer Taal*. Van nou af verskyn daar meer en meer Afrikaanse onderskrifte by Nederlandse briewe, al handel hulle nie oor taalaangeleenthede nie.

Interessant is die slot van die oproep van die Vrystaatse kommissie soos dit eers in *De Vriend* verskyn het. Dis 'n rympte deur „Blikoor,” wat deur Preller se standpunt ingegee is:

Op die skole goeie Hollands leer;
Afrikaans met die pen en die mond hom weer!
Terwyl met die lees, ons albei hanteer,
En op die manier krij ons net wat ons begeer!

Deur kort-kort in *De Volkstem* te meld hoeveel opstelle reeds ontvang is, het Preller die publiek warm gehou. Aan die begin van Augustus kom die verblydende nuus

dat daar agt-en-neëntig stukke ontvang is en byna almal in Afrikaans. Daarom word daar een eerste en nie minder as vyf tweede pryse toegeken nie. Mnr. A. J. Willemse van Middelburg, Tvl., het die eerste prys behaal met 'n stuk getitel *Vroe'er*. Tweede pryse is toegeken aan mevr. A. T. Spies van Dundee, mej. L. Pretorius van Pretoria, B. P. A. van Niekerk van Germiston, Jan Hend. Coetzee van Ermelo en W. van Rhijn van Middelburg, Tvl. By die verslag word 'n hartlike raad aan aspirant-skrywers toegevoeg.

'n Lys met die name van prominente persone wat lid van die Genootskap wil word, bevat o.a. dié van genl. en mevr. J. C. Smuts, H. Visscher, ds. Paul Roux, A. J. van der Walt, C. J. van Rijn en J. H. Coetzee. Verder is een opskrif al *Die Afrikaanse Taalbeweging*. Omstreeks die tyd het dr. Hoogenhout, Visscher, Lingbeek en Preller in *De Volkstem*-gebou bymekaar gekom. Dr. Hoogenhout en Visscher is gevra om 'n leidraad vir spelling op te trek. Op 30 Augustus word *Hoe lang?* en *Môre*, twee gedigte van „Stoffie”, afgedruk. Dis, sover ek weet, altwee deur Eugène Marais, al verskyn hulle nie in sy *Gedigte* nie.

Die briefwisseling oor die Genootskap en Afrikaans het nog een strook aangehou. So laat ds. P. C. Snijman en vyftien ander uit Steynsburg weet dat hulle ook wil saamwerk. Verder antwoord Preller prof. P. J. G. de Vos op sy „Open brief aan de Voorstanders van 'n Afrikaanse Taalgenootskap”, soos dit in *Ons Land* verskyn het. Hy het dit oor die versnippering van kragte, maar Preller sê: „...as daar nou uit dié gedagte-wisseling tussen ons en ons volk, te voorskyn kom — so's 'n feniks uit die as — 'n goeie, bruikbare, liewe taal, wat ook nie meer totaal sonder sij eie letterkunde is nie — wel, dan denk ons dat ons kerk en ons skool (of die staat en die Universiteitsrade) ook wel die reg sal kan erlang om dit te gebruik, ver die goeie en grote oogmerke wat ieder op daardie gebied weer nastreef.” „Vaalswaër” (I. van Heerden) trek in dieselfde uitgawe flink te velde teen 'n stuk in die blad, *De Vereniging*, van die Verenigde Kerk. Hy wil

hê die dominees moenie „spreek” nie maar „praat” en verder: „Dit verwonder mij baje daë as ik sien hoe ons al-immer ’n ding van die end af aanpak, dat ons nog so eendragtelik tweedragtig is!” Op ’n speelse wyse moedig hy Preller aan om ook iets te sê en die voetnoot ontbreek nie.

Op 16 September verskyn ’n lang stuk van adv. J. H. H. de Waal uit *Ons Land*. Daarin trek hy te velde teen ’n stuk in daardie blad, nl. *Vecht niet in uw eigen kamp*.

Teen die end van September het Hoogenhout, N. J. de Wet, E. N. Marais, Visscher, I. van Heerden en Preller bymekaar gekom en die spelling en statute bespreek. Omdat daar ’n twee maande lank min oor die kongres verskyn, skryf A. J. van der Walt teen die end van Oktober ’n lang brief oor die saak. Hy is al net warm. Intussen word stukke oor Afrikaans uit ander tydskrifte oorgeneem o.a. uit *De Unie*, verder een van dr. R. A. Kolléwijn en ’n stukkie uit Coornhert (16e eeu) se werk.

Op Woensdagaand, 13 Desember 1905 word eindelik die „Kongres” onder voorsitterskap van dr. Hoogenhout in *De Volkstem*-kantoor gehou. Daar was ’n dertigtal, meestal plaaslike persone, teenwoordig o.a. H. C. Jorissen, A. J. van der Walt, genl. Tobias Smuts, H. C. Bredell, S. W. Pienaar, adv. G. Wolmarans. Joh. Visscher, N. J. de Wet, C. Pienaar, G. Otto, H. Visscher, F. T. Nicholson, I. van Heerden en Preller. Briewe en telegramme van Totius en adv. J. H. H. de Waal is voorgelees.

Hoogenhout het in sy toespraak baie klem gelê op die leer van Nederlands, die moeder „van ons eie Afrikaans en die bron van krag,” maar „in ons omgang wil ons Afrikaans die eer gee wat dié toekom”;dàárom wil ons ook perbeer om die Afrikaners wat Afrikaans wil skryf, aan te moedig, om sodoende ons taal sterk te maak en mettertyd ’n literatuur.” Adv. De Wet wil Nederlands ook nie in die wiele ry nie. Hy herinner aan Preller se standpunt: „Afrikaans skryf. Hollands leer en albei lees.” Hulle moet net nie skaam wees om Afrikaans te gebruik

nie. Hy verseker: „dat dit g'n skande maar 'n eer is om Afrikaans te besig in al die omstandighede van hul lewe.”

Mnr. S. Griffiths, genl. T. Smuts, J. Visscher laat hulle ten gunste van Afrikaans hoor. Hulle vind dit noodsaaklik dat 'n Genootskap gestig word. Visscher waarsku egter teen plathede wat die ontwikkelde deel kan vervreem. Hy wil skrywers aanmoedig om so'n meesterstuk in Afrikaans te kry dat alle kwessies meteens opgeruim sal word. Net mnr. H. Oost het hom teen Afrikaans uitgespreek, want „hy sien geen kans om dit te leer nie.” Lank is oor 'n tydskrif gepraat. Daarna is die statute vir een jaar aangeneem. As bestuurslede is gekies: dr. Hoogenhout, A. J. van der Walt, H. Visscher, N. J. de Wet, I. van Heerden, F. T. Nicholson en Preller. Hulle het die reg gehad om ander by te voeg en toe is die volgende uitgenooi: Jorissen, dr. D. F. Malan (Montagu), dr. J. D. du Toit (Potchefstroom), S. W. Pienaar, ds. W. Postma (Bloemfontein), Joh. Visscher (Bloemfontein), J. S. M. Rabie (Pietermaritzburg), en ds. P. C. Snijman (Steynsburg). Die bestuur moes dus die hele land verteenwoordig.

Volgens mededeling op die Kongres het 300 mense uit die Transvaal hulle instemming met die beweging betuig en omtrent 100 uit die Vrystaat.

Dis 'n kort en onpartydige samevatting van wat daardie dae volgens die blad, wat gedeeltelik onder leiding van mnr. Preller gestaan het, gebeur het. Een ding staan soos 'n paal bokant die water: Preller het in sy beroemde stuk logies geredeneer en daarna doelbewus gehandel. Daar was geesdriftige medewerkers en die paar teenstanders, wat hulle laat hoor het, is van afdoende antwoorde gediën. Hulle het in die toekoms van Afrikaans geglo en daarom het hulle onvermoeid opgekom vir die belange van die volkstaal. In die verskiet, „oor 'n honderd jaar”, het hulle 'n eie letterkunde gesien. Maar Preller het besef dat mooi besluite, lang betoë en hartstogtelike briewe hulle nie sou bring waar hulle wou en moes wees nie, daarom

plaas hy in *De Volkstem* van 13 Desember 1905 sy eerste studie oor Piet Retief. Skaam was hy nie vir daardie eerste beskeie poginkie nie, maar ook nie tevrede nie, want sedert daardie tyd is die werk in die verskillende drukke meer en meer uitgebrei, sodat dit vandag in die 10e druk een van die beste lewensbeskrywings in Afrikaans is, beide wat die vorm en die inhoud betref. En wie twyfel vandag nog daaraan dat *dade soos 'n Winternag* deur Eugène N. Marais (wat in Julie 1905 die lig gesien het), *Piet Retief* deur G. S. Preller en *Die Vlakte* deur Jan F. E. Celliers (wat in *De Volkstem* van 12 Mei 1906 vir die eerste keer afgedruk is) in die taalstryd die deurslag gegee het?

1930.

DIE VERLEDE EN HEDE IN ONS LETTER- KUNDE.*

Nie lank gelede nie het iemand my gevra om 'n paar Afrikaanse boeke oor masjiens of dergelike meganiese dinge as voorgeskrewe werk vir 'n eksamen vir werktuigkundiges aan te beveel. Tot my spyt moes ek hom mee deel dat ons in ons letterkunde nie een werk besit wat oor masjinerie of soiets handel nie. Op die oog lyk dit na 'n groot gebrek en niemand sal wil ontken dat dit 'n leemte is nie, maar dit kan maklik verklaar word uit ons lewensomstandighede. Dink 'n mens na oor die ontstaan van letterkunde dan blyk dit algou dat letterkunde niks anders is nie as 'n spieël van die maatskaplike lewe. Dit beteken eenvoudig dat die sake en vraagstukke waarmee 'n volk te doen gehad het, of te doen het, in die letterkunde tot uiting kom. Juis daarom het ons nog geen letterkundige produkte oor industriële sake nie. Die volk wie se letterkunde bestudeer word, word daarom beter verstaan, juister beoordeel, en na behore gewaardeer, juis omdat die dieper wese van daardie volk in sy letterkunde onwillekeurig tot uiting kom.

Dit wil nie sê dat ons in die letterkunde net met die deugde van daardie volk in aanraking kom nie. Glad nie. Kunstenaars is nie mense wat hulle ten doel stel om in die eerste plek deug te verheerlik nie. Dit kan gebeur, maar hulle wil voor alles mense teken en daardie helde en heldinne van hulle werke sal maar baie eensydig wees as ook

* Hierdie artikel is oorspronklik opgestel om uitgesaai te word.

nie baie aandag aan die skaduweekant gewy word nie. Maar nog meer: die kunstenaars skryf vir hulle mense en probeer nie juis om hulle na die een of ander kant te beïnvloed nie. Hulle behandel eenvoudig vraagstukke waarin hul belangstel. Soms worstel hulle in hul boeke met brandende kwessies wat die politieke en geestelike leiers besig hou. Deur die oortuigende manier waarop hulle dergelike vraagstukke van hulle boekhelde oplos, kan hulle die regte weg aan die leiers in die groter maatskappy aanwys. Maar dit is en bly bysaak in kunsangeleenthede.

As dit waar is wat hierbo gesê is, dan is dit nie vreemd dat die geskiedenis so'n vername plek in ons letterkunde inneem nie. Die Afrikaanssprekende moes in die eerste halfeeu van sy doelbewuste strewe om Afrikaans tot skryftaal te verhef en 'n letterkunde daarin te skep vir daardie natuurlike regte veg. Hy moes sy eie mense eers oortuig. Dit het die sogenaamde taalbewegings gedoen. En onlangs eers, is die volkstaal grondwettiglik volkome erken. In hierdie stryd het die geskiedenis van die Afrikaner 'n baie vername rol gespeel. Die Hollandssprekende oor die algemeen is trots op daardie verlede en vreemd is dit daarom nie dat daardie verlede in baie opsigte die band gevorm het wat die Afrikaanssprekendes aanmekaar gesnoer het nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die verlede in die stryd om te bestaan as 'n aparte nasie, die volksaak uitstekende dienste bewys. Dis juis in hierdie tyd (1904) dat President Kruger in die laaste boodskap aan sy volk ook daaraan herinner het dat die skone uit die verlede as ideaal gekies moet word.

Vreemd is dit nie dat die eerste letterkundige produkte van die Tweede Taalbeweging die stryd wat onmiddellik verby is, as 'n soort van geestelike wapen gebruik het nie. Hier dink 'n mens dadelik aan die digters in wie se werk die gevoel altyd die vernaamste plek inneem. Daar is Jan Celliers wat deel geneem het as burger aan die worsteling. Sy *Oorlogsieklus* getuig hiervan. Totius, wat as veldkapelaan 'n ruk by die Boerekommando's was, kies as onderwerp die leed van die kind, die vrou en die man.

Leipoldt, die oorlogskorrespondent, dra sy deel by en in pragtige, veral rebelse verse verklank ook hy die leed. 'n Mens praat mos eers van jou moeilikhede en dan eers van die vreugde en geluk.

In ons prosa kom dit ook uit in die werk van adv. J. H. H. de Waal, dr. D. F. Malherbe en later Jochem van Bruggen.

Maar die geskiedenis wat nog verder in die verlede lê, het ons skrywers ook uitstekende dienste bewys. Ek herinner aan die Eerste Vryheidsoorlog. Die Patriotters het hieroor gerym en baie gedoen om die saak van die Transvalers te bevorder, maar met uitsondering van dele uit *Die Transvaalse Vryheidslied* van ds. S. J. du Toit het hulle geen kunswerke geskep nie. Oor die algemeen het daardie romantiese stryd nog nie baie kunstenaars getrek nie.

Meer aandag is aan die Groot Trek gewy. Die ouer sowel as jonger digters het voorvalle hieruit behandel. Ook in ons prosa vind dit weerklank. In ons geskiedenis is dit miskien die tydperk wat die deeglikste bestudeer is. Ek herinner net aan die groot werk van Gustav Preller. *Fanie* van Nico Hofmeyr is die beste verhaal oor die Trek. Opmerklik is dat hy daarin 'n poging aanwend om die rol wat die Afrikaanssprekende sowel as Engelssprekende gespeel het, uit te bring.

Party skrywers het nog verder in ons geskiedenis teruggegaan. Daar is die interessante tydperk van Willem van der Stel en ook die koms van die Hugenote, wat in ons letterkunde nie vergeet is nie. Dit vereis geen profeet om te voorspel dat die historiese verlede nooit deur die Afrikaanse kunstenaars verwaarloos sal word nie. Dis naamlik 'n interessante en roemryke verlede, al is daar ook baie foute gemaak en al kom, naas die grote, die kleine ook uit. Juis daarom kan dit so menslik voorgestel word.

Dit sou bietjie somber gewees het vir die meeste lesers as die historiese gebeurtenisse alleen weerklank in ons letterkunde gevind het. Die hede is net so belangrik. In die daaglikse gebeurtenisse is daar vir elke mens en ook vir

elke kunstenaar iets wat vir hom mooi is. In die afgelope tien jaar word meer aandag aan gewone sake gewy.

Dink maar aan die vername plek wat ons Natuur, maar ook die Dierewêreld in seker mate, in ons letterkunde inneem. Vreemd is dit nie, want die Afrikaners is kinders van die eindelose ruimtes. Die digters is afkomstig van plase en klein dorpies en daar in hulle kantore word hulle meer en meer beklem deur die vier mure en daarom is dit dat hulle van hul groot liefde moet sing. Dit tref ons by al ons digters aan. Party, soos Leipoldt, wy besonder aandag aan die natuur, maar hy koppel dit byna oral aan die mens; ander kies die natuur as draer van hulle gedagtes as simbool. Wat die dierelewe betref, kan ek net verwys na Sangiro se goeie werk. Dis die woeste en grootse Oos-Afrikaanse natuur wat in sy werk uitkom. Dis die koninklike diere wat hy verheerlik het. In die laaste tyd het die twee broers Hobson in hulle werk die Kalaharie en die kleiner diertjies laat leef.

Dit voer ons na die Plaaslewe waaraan in die laaste jare meer aandag bestee word. Verteenwoordigend van die hele Suid-Afrika is dit egter nog nie. D. F. Malherbe het ons iets gegee van die Westelike Provinsie en die wynbedryf, maar ook van die see, wat nog baie afgeskeep is deur ons skrywers, al het ons in ons digkuns 'n paar mooi brokstukke daaroor.—C. M. van den Heever gebruik die Vrystaat as agtergrond vir sy verhale en E. de Roubaix weer Boesmanland. Onlangs het een dame die Hoëveld as agtergrond gekies en 'n ander een die volstruisboerdery. Maar hoe min is dit nog verteenwoordigend van die boerderybedryf in ons land.

Ook die Armblanke en die Delwerye het die aandag van party van ons kunstenaars nie ontsnap nie. Dis waar: veel is nog nie gelewer nie, veral nie oor die delwerye nie, maar dit sal nog kom. Dis 'n fase in ons geskiedenis wat moet verbygaan en later sal dit, wanneer dit reeds vergeet is, juis interessant wees om die behandeling daarvan in die letterkunde na te gaan. Jochem van Bruggen het die armblanke die skitterendste uitgebeeld. Hy doen dit op liefde-

volle en begrypende wyse. Daarom het hy in ons letterkunde mense geskep wat leef, soos die Sitmans, Ampie en Org Basson. In sy jongste werk, *Booia*, het hy 'n paar outas uitstekend geteken. Dis 'n nuwe element in ons letterkunde, want al tref ons heelwat simpatieke outas en aias aan, hier is 'n hele boek aan 'n paar van hulle gewy, al is dit beskaafde swartvolk. Blankes speel hierin 'n ondergeskikte rol. Ou Rooi, een van die outas, sal in ons letterkunde 'n lewende wese bly. Dit geld ook van die Kleurlinge in Malherbe se werk.

'n Baie vername rol speel in alle letterkundes die verhouding tussen die twee geslagte. Minnepoësie en liefdesgedigte is seker so oud soos die mensheid self. In ons letterkunde het dit betreklik laat opgekom, eers toe jongmense begin te dig het. Dis daarom 'n kenmerk van ons poësie van die afgelope twaalf jaar. Die baanbreker hier is Toon van den Heever. Daarna het al die jongeres iets gebring. By enkeles spreek miskien teleurstelling, by ander is dit bevredigde liefde wat gewit word, of die platjie wat aan die woord is. Gunstig bekend is die geslaagde minne- en liefdesonnette van Theo. Wassenaar, maar die persoon wat op hierdie gebied die volksoor gevang het is wyle A. G. Visser. Uit verskeie van sy liefdesgedigte spreek smart en droefheid. Dit word egter dikwels vergeet dat hy ook opgewekte en speelse minnedigte geskryf het.

In die afgelope jare het verskeie ander onderwerpe die aandag van ons skrywers in beslag geneem. Daar is die Internasionale klank wat af en toe by Leipoldt gehoor word. Afgesien van sy poësie herinner ek aan ons beste toneelstukkie, *Die Heks*. 'n Middeleeuse onderwerp word daarin behandel, maar dit kan ook as ons eie voorgeskiedenis beskou word. Daar is verder die Klassieke element wat in die werk van T. J. Haarhoff uitkom. Die internasionale en klassieke staan taamlik ver van die gewone leser, maar vergeet mag nie word nie dat die wortels van die Afrikaner se kultuur hulle krag geput het en nog put uit die Europese grond en daarom uit die ou klassieke

kultuur ook. Dit was die jonger, ontwikkelde kunstenaars soos Van den Heever wat die eerste deur die internasionale en klassieke aangetrek is, soos blyk uit sy liefde vir die klassieke godeleer.

Eindelik moet nog gewys word op die vername plek wat die vrou in ons letterkunde begin opeis. Daar is verskeie prosa-skryfsters, maar Marie Linde het sover die beslisse klank laat hoor en is die talentvolste. Sy het haar lesers tegelykertyd na kunskringe gevoer. Of dit alles eg is, weet ek nie, maar as voorloper van die vrou het sy haar plek verdien. 'n Mens kan die optrede van die vrou in ons letterkunde nie hartlik genoeg verwelkom nie. Dit staan tog vas dat sy haar besig sal hou met sake waarin sy belang stel en op die wyse kan sy naas die skrywers haar deel bydra om ons kuns te verryk. Daardeur sal die hele lewe beter verteenwoordig wees. Dis daarom nodig dat daar 'n Afrikaanse digteres sal opstaan. Skugter-skamerig het hier en daar een haar al laat hoor, maar niemand het dit nog gewaag om 'n digbundeltjie uit te gee nie. Of is die Afrikaanse vrou nog te bedees om met haar diepste en verborgendste gevoelens voor die dag te kom?

Ek het maar net aangestip. Genoeg meen ek, is darem gegee om te laat sien dat ons letterkunde in die vyftig jaar wat Afrikaans doelbewus geskryf word, in die volle lewe gestaan het. Wat die volk beroer het, wat wondes geslaan het, wat ons staatsmanne nog die koppe laat krap, het reeds weerklank in ons letterkunde gevind, maar die gewone lewe word ook nie vergeet nie. Hier sal die jonger geslagte nog meer verskeidenheid bring.

Só behoort dit te wees, maar ons mag nooit vergeet dat hierdie pragtige opiewing van ons letterkunde op elkeen van ons, die lesers, verpligtings lê nie. Steun ons hulle deur hulle werke te lees? Koop ons hulle boeke? Ons kunstenaars is tog ons beste adverteerders, die geestelike leiers van ons volk.

Die mens kan van brood alleen nie leef nie en veral nie 'n doelbewuste jong Afrikaanse volk nie.

1931.

C. LOUIS LEIPOLDT.

WAT AGTER LÊ en ander Verhale.

Dr. Leipoldt het in die afgelope paar jaar heelwat prosa in ons tydskrifte gepubliseer. Die werk onder bespreking bevat egter net nege van sy verhale. Dis te hope dat die ander—en ook die uitgebreide verhaal—een van die dae in boekvorm sal verskyn. Hierdie bundel is verder van belang omdat dit uit misterie-verhale bestaan en dié is nog maar skaars in ons letterkunde. Die skrywer beskou hierdie jongste bundel „as 'n verdere miskien 'n rypere, ontwikkeling van die tiepe van verhaal wat reeds in “Waar Spoke Speel” geprobeer (is)—dit wil sê, hulle is pogings om belangstelling te wek in ons verhouding tot verwikkelings wat ongewoon is en soms onverklaarbaar lyk..... Dis die reaksie, die subjektiewe indruk wat iets ongewoons en onverklaarbaars op die persone maak, wat die moeite werd is om te beskryf en te bestudeer.”

Leipoldt word deur die misterieuse aangetrek en in al hierdie verhale word die kern deur een of ander geheim-sinnige gebeurtenis gevorm. Dié gebeurtenis beslaan dikwels net 'n paar bladsye in die hele verhaal, maar om hierdie kern so waarskynlik moontlik voor te stel, word 'n lang aanloop gegee. Die skrywer laat ons hier sterk dink aan Oom Gert van die *Diwagaties*, d.w.s. hy is nie bang om in twee bladsye te sê waar 'n ander miskien met een sou volstaan nie. Hy doen dit egter nie omdat hy van woordrykheid hou nie, maar omdat hy wil hê dat die leser hom stappie vir stappie moet volg. In hierdie verhale bedien Leipoldt hom van die “ieunstoe-metode.”

Kalm en bedaard begin hy, nêrens is daar haas nie; hy gee die fynste besonderhede wat die verhaal so waar moontlik kan voorstel en juis daarom word die eintlike saak, die geheimsinnige gebeurtenis, uiters aanneemlik. So word die illusie van die werklikheid uitstekend geskep. In alle geval: dis dan nie die skuld van die skrywer as ons nie onder die indruk van die verhaal gekom het nie.

As gevolg van hierdie metode vind ons dikwels herhaling, maar dis in baie gevalle 'n bestudeerde herhaling, byvoorbeeld die sinsdeel „waarmee hy hom nie behoort te bemoei nie” aan die end van al die paragrawe in die begin van die eerste stuk. Dit maak die leser nuuskierig en hy voel in die herhaling die suggestie van die groot onheil wat die bemoeial gaan tref. Daar is egter ook herhaling omdat die saak van verskillende kante beskou word. Dit word dan 'n soort causerie. Die skrywer wil nie een openinkie laat sodat 'n snuggere leser hom sal verbeel dat hier van 'n kunsie gebruik gemaak word nie. Sy verhaal wil hy eg en aanneemlik voorstel in die raamwerk van die gewone fiesiese lewe en daarin slaag hy stellig. Die rond-draaiery bevorder nie die gang in die stuk nie, maar hier mag ons nie vergeet dat die insident self die eintlike verhaal vorm en daarby word nie onnodig stilgestaan nie.

In verskeie van die verhale word die ek-vorm gebruik. 'n Mens hoor hier telkens die skrywer, veral omdat kritiek oor alles en nog wat uitgeoefen word. Ons leer Leipoldt beter ken, al sou dit gevaarlik wees om dogmaties vas te stel dat al die gedagtes wat hierin uitgespreek word die persoonlike opvattinge van ons kunstenaar is. Dit neem nie weg dat ons verskeie van die gedagtes in ander werk van die skrywer aantref nie, selfs in sy poësie. Die ander klink ook eg Leipoldtiaans. Dit kom ook omdat 'n medikus of wetenskaplike dikwels aan die woord is. Soms is die opmerkings komies of effens spottend bv. waar oor seker spiritiste gepraat word:

„En Conan Doyle, en Newton”, sê ek, „waarin die hemel beskryf word as 'n plek waar ons wiskie-sodas kan kry, en met 'n vliegmasjien rondvlieg ”

En op 'n ander plek hoor ons die wetenskaplike wat eers feite wil hê voor hy oordeel:

.....die dokter was nie heeltemal seker hieromtrent nie, maar sy lewe deur het hy volgens die leuse gehandel waar die polietiesie so goed mee klaarkom, dat, as jy maar iets op 'n gesaghebbende manier sê, driekwart van die bevolking dit soos kollewyntjies opeet.

In verskeie verhale is Leipoldt uiters geestig, selfs humoristies. 'n Mens dink vanself aan *Die Torre* en *Groottannie se Salf*, twee van die beste stukke in die bundel. Hulle laat 'n mens bietjie benoud voel, maar ek glo nie dat hulle die gewone leser regtig bang sal maak nie. Miskien sal dit die geval wees met *Die Vlermuis* omdat die mense hierin hulle verdiende straf kry om 'n misdaad wat hulle gepleeg het, nl. die vervalsing van 'n testament.

Nêrens voel 'n mens by hierdie verhale dat hulle onmoontlik is nie al het 'n mens geen verklaring vir die verskynseis nie. Vanself kom Hamlet se woorde op 'n mens se lippe: „There are more things in heaven and earth, Horatio, than are dreamt of in your philosophy.” Opmerklik is dit ook dat 'n geneesheer hom tot dergelike verhale aangetrokke voel. Meer as ander wetenskaplikes (behalwe sielkundiges) het hy daaglik ook met die geestelike kant van „sick” mense te doen. 'n Mens dink aan die studies van 'n ander geneesheer, Frederik van Eeden, wat hierdie en aanverwante geheimsinnige sake wetenskaplik wou bestudeer in 'n tyd toe die geleerde wêreld nog taamlik skepties daar teenoor gestaan het. Maar om die letterkunde was dit Van Eeden in die eerste plek nie te doen nie en daarom het baie hulle neus vir hierdie „kwak-salwer” opgetrek.

Dr. Leipoldt probeer nie om 'n verklaring van die verskynseis wat hy beskryf te gee nie. Dit sou nie in die kader van die werk pas nie. Hy laat ons egter dink en voel dat daardie wêreld van onsigbare dinge nog baie verrassings kan oplewer. Een van die vertellers in hierdie boek druk dit só uit:

Ek besef dat tweemaal twee vier is, maar soms sê my verbeelding my dat 'n mens daaruit miskien vyf kan maak, met 'n sekere mate van kennis wat ons nou nie het nie.

Natuurlik het ons in 'n kunswerk niks met die inhoud as sodanig te maak nie, maar die feit dat sulke gedagtes ook by die leser opkom, is 'n bewys dat die skrywer daarin geslaag het om goeie werk te lewer, om sake aanneemlik voor te stel.

Die waarheidsillusie bereik Leipoldt op baie plekke deur die fyn trekkies wat gegee word. Neem bv. bls. 17. Dis noodsaaklik vir die later deel van die verhaal dat daardie skynbaar nietige maar noukeurige beskrywing gegee sal word. Op verskeie plekke in die aanloop vind 'n mens fyn natuurtrekkies, sodat 'n mens vanself aan die digter Leipoldt dink. Hier sien 'n mens dat die skrywer baie gereis het, dat hy die wêreld ken en dat hy oor sake nadink en niks op gesag aanneem nie. Die egte ondersoekende, wetenskaplike gees is in misterieverhale so nodig. Daardeur oortuig hy die leser; 'n mens vertrou hom mos.

In *Bemoeisug* gee die beskrywing van die beroemde Tirol die plaaslike kleur. Op ander plekke weer is dit fyn natuurtrekkies wat die omgewing laat leef. Dit tref 'n mens veral in die begin van 'n verhaal. Daarin kom Leipoldt die liefhebber van kleure ook goed uit. Neem maar net die begin van *Torre*.

Met spookstories in die gangbare betekenis van die woord het ons hier nie te doen nie. Bekend is egter dat die skrywer veral in sy poësie „spoke” en „geeste” as sinonieme gebruik. Natuurlik sou 'n mens in verband met hierdie verhale die woord spookstories kon gebruik, maar die woord „okkult” of „geheimsinnig” tipeer hulle as geheel beter. So het verskeie te doen met 'n persoon wat na sy dood terugkom, party het met gedaanteverwisseling te doen, ander weer met 'n soort toordery. In party gevalle wil die verteller ons laat verstaan dat die verhaal deur suggestie verklaar kan word maar in verskeie voel 'n mens dat daar vir hierdie teorie party skakels ontbreek.

Uit 'n letterkundige standpunt is al die stukke nie geslaag nie, maar dis ook gevaarlik om definitief te beweer dat hierdie of daardie die beste is. In sulke gevalle moet met die persoonlike smaak en met die assosiasies wat elke stuk te voorskyn roep, rekening gehou word. In die eerste bundel, *Waar Spoke Speel*, het ek besonder van *O'Callaghan se Waatlemoen* gehou. Mooi is uit hierdie jongste boek *Groottannie se Salf*. Die oumense met hulle werklike en ingebeelde kwale en veral hulle geloof in medisyne leef in hierdie verhaal. Dit bring die skrywer pragtig uit. Dink maar aan die kelkie wyn en die gerasperde biltong. Daar is afwisseling, maar daardeur word die werklike ver-skyning soveel aangrypender. Hierin knoop hy die geheimsinnige pragtig vas aan die stoflike, want die „gees” maak selfs kassies oop.

Fyn word die huigelagtige in *Die Vlermuis* gegee. Die kwasi-godsdienstige toon daarvan is kostelik. In die sarkasme wat die hele verhaal soos 'n geheimsinnige waas dek, voel ons iets van Langenhoven se toon, maar Leipoldt is humaner en daarom gee hy dit so aanneemlik asof die skuldiges hulle gewete daardeur wil sus.

Juis daarom is dit ook as outo-suggestie so mooi.

Stilisties kon die verhale beter versorg gewees het. 'n Mens kry soms die indruk dat die skrywer op hierdie gebied baie onverskillig is. Op 'n paar plekke merk 'n mens dat verskeie sinne met „Dit” begin; „met dit in die hand . . .” is op die plek waar die woorde gebruik word, af te keur. Die meeste beswaar het ek egter teen die baie „hets”. In dergelike verhale maak die vertel-teenwoordige tyd alles aktueler en waar die skrywer die illusie wek dat ons toeskouers is van daardie wonderlike gebeurtenisse, daar sou dit juis uitstekend wees om deur die teenswoordige tyd daardie gevoel te versterk. Opvallend is dit veral in die begin van *Die Swemgat*.

In verband met hierdie soort verhale lyk dit vir my of Leipoldt die genre tegnies so omskep dat dit pas by sy aanleg as vlot verteller wat deur die breë opset veral daarvan hou om atmosfeer te gee. Daardeur benader hy die

talentvolle verteller, veral die ou oom wat in die lewe baie ondervinding opgedoen het en wat deur die tussenwerpsels van die kant van die skeptiese luisteraars nie uit die veld geslaan word nie, maar doodbedaard hom net dieper in sy leunstoel inwoel om nog behaagliker te vertel. Omslagtig is hy dan vir die man wat sy trein moet haal, maar die persoon wat die kuns van luister verstaan, sal die verhaal, die mensekennis, die reguit kritiek, die lewenservaring op prys stel. Leipoldt se verhale mag nie met die gewone maatstawwe gemeet word nie. Hy het opsetlik daardie vorm gekies wat by sy verhaal en sy geaardheid die beste pas. En in die uitvoering het die skrywer goed geslaag. Omdat die veld so ruim is en die mens 'n groot kind bly wat van kiewelige bonatuurlike verhale hou, kan ons nog meer sulke stukke van hierdie vrugbare skrywer verwag.

DIE DONKER HUIS.

Dit lyk of Leipoldt in die laaste tyd opruiming hou van wat hy in die afgelope jare geskryf het. Dit gaan egter nie snippermandjie-toe nie. Gelukkig, want al beteken hierdie werk literêr nie veel nie—party boeke is letterkundig uiters swak—is dit om die inhoud van belang. So leer ons die skrywer uit die verskillende gebiede wat hy betree beter ken. Daardeur kan ons hom beter verstaan en waardeer op die terrein waarop hy leiding gee in ons letterkunde, dié van poësie. Mag ek so vry wees om hier aan die hand te doen dat Leipoldt ons 'n lewensbeskrywing van sy vader en van homself verskuldig is. Te oordele na brokstukke uit *My Oosterse Dagboek*, die reisbeskrywing van Leipoldt wat in *Die Huisgenoot* verskyn het, behoort sulke werk besonder interessant te wees. Daarby het ons geen regtige outobiografie in ons letterkunde nie. Biografieë is ook maar skaars.

Die Donker Huis het oorspronklik in *Die Huisgenoot* verskyn. Dit handel oor die mislukte opvoeding van 'n seun. Ons maak eers kennis met die vader, Cornelis, 'n prokureur met 'n lokkende toekoms wat stoflike sake betref. Hy is 'n outokraat van die eerste water. Dit merk ons in die behandeling van sy vrou. Haar persoonlikheid word op so'n farisêse wyse deur hom onderdruk dat dit haar baie ongelukkig maak. Om hom te lief word sy later in haar optrede teenoor Piet, haar enigste seun, net 'n eggo van haar man. Op sy wyse sorg Cornelis vir die opvoeding van sy seun; hierin word hy deur 'n simpatieke goewernante bygestaan. Die seun kry geen kans om na sy aard te ontwikkel nie, want die vrees vir sy vader belet dit. Hy word daarom 'n totale mislukking en die benepe

atmosfeer in die huis word nog drukkender. 'n Gevaarlike griep-aanval van die seun ontnugter die vader in seker mate. Die dood van sy vrou, wat op haar sterfbed haar standpunt vir hom uiteensit, bring 'n keerpunt in die lewe van die welgestelde, maar ongelukkige prokureur. Nou wil hy sy seun verstaan en hy word uiters verdraagsaam en toegewend teenoor hom. Sy doel bereik hy egter nie. In die skool stel Piet hom teleur en die vertrouling van sy vader word hy ook nie. Na sy matriek wil hy nie verder leer nie, want „Pa is mos ryk.” Hy stel net belang in masjinerie en in die rigting wil sy vader hom nie laat studeer nie. Voordat die saak opgelos is, verongeluk hy met 'n motorrywiël wat sy vader hom present gegee het.

Hieruit blyk dat dit nie 'n alledaagse verhaal is nie. want „liefde” in die gewone betekenis van die woord speel hierin geen rol nie. Die skrywer wou eenvoudig die „opvoeding” van Piet deur die eiensinnige vader as 'n skrikwekkende voorbeeld voorhou. Die wat Leipoldt se ander geskifte ken, soos *Praatjies met Oumense*, sal baie van daardie gedagtes in hierdie werk terugvind. Omdat die boek met 'n doel geskryf is, het die gevaar bestaan dat die didaktiese te veel beklemtoon word. En dis inderdaad wat gebeur het. Om die voorbeeld so afskrikwekkend moontlik af te skilder, moes die skrywer van skerp kleure gebruik maak. Daarom tref ons onder die hoofpersone in die boek geen werklike mense aan nie. Hulle, maar veral Piet en sy vader, is die beliggaming van seker begrippe. Die hele werk is gegrond op 'n hipotetiese geval en dié is aan die hand van wetenskaplike kennis so uitgedink dat die skrywer en kindervriend die gevolge van verkeerde opvoeding goed kon uitbring. Die hoofpersone in die boek het daarom geword uiters eensydige wesens. Dit hinder die leser op byna elke bladsy en dit maak hom bepaald krielwelrig as hulle net skaakstukke vir die skrywer is.

Die skrywer het met oop oë in hierdie gevaar geloop, want toevallig kon dit nie by Leipoldt so kom nie. Dat daar by ander persone vrees bestaan het vir hierdie serebrale

„mense” blyk uit die opdrag aan dr. H. G. Viljoen, „wat dit gewaag het om Piet aan die publiek voor te stel.”

Dr. Leipoldt is kinderspesialis en sielkundige. Dis hierdie kennis wat hy in die boek invleg. De skeppinge moet dus, kom wat wil, in sy skema inpas. Is dit daarom vreemd dat ons robot-mense gekry het? Soos reeds gesê: dit kon nie anders met die opset van die werk nie. Dis jammer want as lerende werk sou hy meer ingeslaan het en sou die skrywer sy doel beter bereik het as die leser nie so dikwels teen die optrede van die vader in die harnas gejaag word nie. Die skrywer was ongetwyfeld te bang dat hy anders sy doel sou misloop en nou wek hy deur 'n moontlike uitsonderingsgeval 'n reaksie by die leser teen byna al die persone in die boek.

Die skrywer is orals op die toneel en dikwels besig om kommentaar te lewer op wat hy sy mense laat doen. Neem as voorbeeld hierdie brokstuk uit die hele bladsy 140:

Die oordeel wat ons oor die lewe vel, hang grotendeels af van die liggaamlike toestand waarin ons verkeer, net soos ons handel en wandel, ons daaglikse manier van doen en late daarvan afhang of ons kopseer het of nie. Terwyl baie van ons nog spook met die bespreking van sulke kwessies asof 'n mens 'n vrye wil besit of gebonde is aan die noodlot wat onvermydelik sy sake vir hom reël, sê die wetenskap, wat naastenby die ding ondersoek het en met 'n skyn van gesag daaroor kan praat, dat die vrye wil glad nie in aanmerking behoeft geneem te word nie, aangesien elke beweging en uiting van ons wil waaraan alleen ons wil te kenne is, genoodsaak word deur weefselveranderings wat in ons liggaam plaasvind . . .

Hierdie aanhaling kan sommer dien as voorbeeld van die skrywer se onverskillige styl. 'n Modelsin is die tweede een seker nie.

Sulke verklaring of inlassings vind 'n mens baie. Om die skrywer te verstaan en as mededeling van kennis is dit interessant, maar dis die dood van 'n kunswerk.

Die vader se karakter word besonder raak geteken deur sy skrande moeder—een van die min persone in die boek wat sê wat hulle dink:

Hy is eiesinnig; en ofskoon hy my eie seun is, moet ek erken dat hy selfsugtig is—baie selfsugtig. Hy wil sy eie gang gaan, en hy gaan dit ook, deur trane selfs, en bekommer hom maar weinig oor anderma's gevoelens.

Cornelis kry dit meesterlik reg om so op te tree. want hy gee sy toehoorder eintlik nie kans om met sy mening voor die dag te kom nie, maar die „lammetjiesagtige verdraagsaamheid” van sy vrou is darem te erg. Veral in die begin kon haar verset teen sy outokratiese optrede baie beter uitgebring word. Dit sou die man laat beseef het dat hy feilbaar is en dit kon tot ’n hersiening van sy teorieë gelei het. Nou word ’n totale ommekeer bewerk deur die skok van die skielike siekte van sy seun, maar veral deur die onverwagte dood van sy vrou. Dis effens onnatuurlik dat hy, die koppige, nou skielik die sagsinnigheid en meegaandheid self word, al duik die ou Adam af en toe darem op. Hy slaan m.a.w. te veel in die ander uiterste oor. Dis ’n verkragting van sy hele wese of sy teorieë moes baie wankel gewees het.

’n Welkome skepping tussen die onmenslike persone is die goewernante, maar veral dr. Sartoris en sy vrou. Die goewernante, wat ’n goeie opvoedkundige is, wil soms dien as ’n weerligafleier, maar dit geluk haar nie altyd nie. Die huisdokter is egter baie menslik geteken. Deur sy simpatieke optrede speel hy ’n mooi rol in die boek; hy verstaan sy werk en verwaarloos die sielkundige kant van sy pasjente nie. Daar is liefde in al wat hy doen en daarom oefen hy ’n heilsame invloed uit op die seun en ook op die vader. Een van die mooiste hoofstukke is vir my juis die XXIIe. Hier is ons in die huiskamer van die dokter. Sy vrou is met ’n handwerkjie besig en hy lees Freud. Hy deel haar enkele besware mee teen die psigo-analis se opvattinge en dan gee sy aan die hand van voorbeelde uit hulle eie lewe haar kritiek. Dit bring afwisseling juis om-

dat dit plek-plek baie geestig is. Haar opmerkings is raak en die ou dokter moet gou saamstem. Mooi kom die maatskap tussen hierdie paar uit. Dis soos 'n oase in die middel van woestynagtige uitgestrektheid in die lewens van die ander persone. Dis jammer dat hulle nie kinders het nie, want hulle sou ideale ouers gewees het.

Deur Cornelis word dinge later so bont gemaak en die seun neem so'n houding aan teenoor die tegemoetkomingheid van die ouer dat daar hoegenaamd geen ander oplossing as die dood kon wees nie. Dit moet dan des te meer as afskrikwekkende voorbeeld dien. Tog het die skrywer nie bewys dat die planne wat hy aan die hand doen, 'n heilsame uitwerking gehad het nie.

Die skrywer spreek hom in die werk oor allerhande onderwerpe uit. Soos reeds aangetoon, doen hy dit soms direk en dan skaad dit die boek as kunswerk. Soms laat hy sy mense praat. By hulle is dit soms ook aanplakself, maar dit bly waar. So laat hy 'n besliste stem hoor teen die kleredrag van die kadette in ons land en oor die verwaarlosing van geslagtelike onderrig deur die ouer. Veral behartenswaardig is wat hy sê oor die aanleer van Latyn. Elkeen wat onder die ou geesdodende metode geswoeg het, en in plaas van brood stene gekry het, sal met die skrywer saamstem.

Die onderwerp wat baie somber is, en 'n neerdrukkende uitwerking het, leen hom nie tot baie geestige afwisseling nie. En tog tref 'n mens dit hier en daar aan. Behalwe die Freud-kritiek van mevr. Sartoris word dit verskaf deur die Kleurlinge. Ai Let kan lekker uitpak en sy jaag Cornelis die skrik op die lyf deur haar skildering van die ellende van die griep. Sy is „op haar stukke” wanneer „sy oor siekte en dergelike aangeleenthede kon praat.” Haar beskrywing van die vaart waarmee Piet op sy fiets ry, is ook komieklik.

In sy taal bring die skrywer ook af en toe afwisseling. Hy laat, in die dialoog veral, die dramatiese goed uitkom. Ongelukkig behoort werklik mooi beskrywings in die boek tot die uitsonderings. Vreemd sou dit natuurlik wees as

die digter hom nie af en toe onwillekeurig laat hoor nie en dit gebeur veral in die gebruik van doodgewone woorde. 'n Enkele natuurbeskrywing is deurvoel. Die moeite werd om te onthou, vind ek die volgende uitspraak omdat dit van Leipoldt kom: „'n Digter sê net wat ander mense voel.”

Ongelukkig is die taal van die boek nie wat dit behoort te wees nie. Leipoldt is lief vir die gebruik van die verlede tyd waar hy hom met baie meer sukses van die vertel-teenwoordige tyd kon bedien het. Neem as voorbeeld net die volgende sin: „Dieselfde noukeurige sorg was bestee aan sy klere, wat blykbaar deur 'n eerste klas snyer gemaak was, en wat hom gepas het asof hy daarin gebore was.”— Dis ondeurvoel en verraai haas.

DIE LAASTE AAND.

Die Laaste Aand is 'n dramatisering van een van Leipoldt se mees dramatiese gedigte nl. *Van Noot se laaste Aand* wat in *Uit Drie Wêrelddele* opgeneem is. Dis 'n tiepiese gedig van hierdie sanger: 'n mens word deur die mooi natuurbeskrywings getref en sy liefde vir die Ooste straal daaruit. Verder bevat dit brokstukke pragtig beskrywende poësie, waaruit die digter se fyn waarneming en minitieuze beskrywing blyk. Maar ook hartstog word gegee, want die digter het hom pragtig ingeleef in die posiesie van die bedroë en teleurgestelde Martha.

Deur die omskepping van hierdie gedig in 'n toneelstuk het die skrywer hom aan een groot gevaar blootgestel nl. dat daar 'n gebrek aan handeling sal wees en die resultaat bewys dat hy nie daaraan ontkom het nie. Dit mag by die beoordeling van die werkie nie uit die oog verloor word nie, want nou het 'n mens te doen met wat ek 'n lieriese drama sou wil noem. Dit laat 'n mens direk dink aan *Gijsbrecht van Aemstel* van Vondel, wat deur die epiese *Aeneïs II* van Virgilius ingegee is. Die resultaat was ook 'n tweeslagtige werk, in hierdie geval meer 'n epiese toneelstuk.

Die hoogtepunt in *Die Laaste Aand* word deur die dood van goewerneur Pieter Gysbert Noodt (of Van Noot soos dit gewoonlik aangetref word) gevorm. Dis bekend dat die oorlewering van hierdie goewerneur 'n besonder romantiese figuur gemaak het. Die geld veral vir sy dood. Hy was van 1727 tot 1729 goewerneur aan die Kaap. Op 23 April 1729 is hy skielik oorlede. O. F. Mentzel gee in die tiende hoofstuk van sy *Life at the Cape in Mid-Eighteenth Century* (soos die werk in die vertaling van

die Van Riebeeck-Vereniging genoem word) 'n gekleurde verhaal van sy skielike afsterwe. Theal hou Mentzel verantwoordelik vir die storie wat in later jare tot die volks-gemoed spreek het. Die allerlaaste veroordeelde een het, voordat die strop om sy nek geplaas is, die goewerneur gedaag om voor die regterstoel van God te verskyn. Toe die toeskouers van die teregstelling terugkeer, was die goewerneur dood. Omdat hy besonder ongewild was, het iemand gou 'n rympie na aanleiding hiervan gemaak en spoedig het dit oral weergalm: „Noot is dood, nu is er geen nood!”

Theal bewys dat Mentzel verkeerd is, al staan dit vas dat die goewerneur werklik op dieselfde dag oorlede is toe 'n klompie soldate opgehang is. Natuurlik het die volksverbeelding die twee gebeurtenisse aanmekaar gekoppel. Theal sê van die goewerneur: „Mr. Noodt was a coarse, harsh, ill-tempered man, full of pride and self-conceit, and therefore generally disliked.” 'n Bietjie verder sê hierdie historikus: „...Mr. Noodt's death has not only been copied in many modern books, but was the foundation of a drama which was popular some years ago.”—Tot my spyt kon ek nog nie die vinger op hierdie werk lê nie, want dit sou interessant wees om dit met ons eie kunstenaar se stuk te vergelyk.

Dit spreek vanself dat 'n wetenskaplik onderlegde man soos dr. Leipoldt hom nie laat verlei het om hierdie populêre verhaal letterlik op te rakel nie. Soos dit 'n waaragtige kunstenaar betaam, het hy probeer om aan die hand van die geskiedenis die dood van Van Noot natuurlik voor te stel. Met sy herskepping het die skrywer vanself in ander gevare beland. Die verhouding tot die Oosterse vrou word aanneemlik voorgestel en as dit nie presies waar is van hierdie geval nie, kan dit van ander gevalle waar wees. Omdat die geskiedenis hieroor swyg, is dit stellig nie verkeerd om die gebeurtenis so algemeen-menslik aan te voel nie. Alles word goed voorberei tot selfs die dood van die goewerneur. Die ontknoping is heeltemal bevredigend.

Die toneelstuk, wat maar kort is, word ingelei met 'n Voorspel, in rymlose poësie, wat oor die algemeen uit vyfvoetige jambes bestaan. Die verlate Martha tree hierin op en die grootste deel bestaan uit 'n alleenspraak. Sy uit daarin haar leed en is verbitter omdat Gysbreg haar verlaat het. Sy roep haar God tot wraak, want, profeteer sy, „ek dra 'n lewe wat tot wraak bestem is.” 'n Priester tree haar tegemoet op die Jakatra-strand en predik algehele berusting:

Nee, suster, kom, laat wat bestem is, wag
Tot God bestemming skik. Geen eed, geen vloek
Tref teen die doel van Allahs wil en mag.

Dit laat haar berus in haar swaar lot en saam bid hulle aan die end:

Daar is een god. God is almagtig. God is groot.
God is God. God is God.... Daar is een God en Hy is
God.

Die eerste bedryf word dertig jaar later afgespeel op die voorplein van die Kasteel in Kaapstad. Uit die gesprek van 'n Slamse Visser en die Skildwag verneem ons dat 'n paar soldate die dag opgehang sal word. Abdoel het dit veral oor „die mooi sersantseur”, „'n regte Duisman .. en so regop soos 'n paal.” Ons maak verder kennis met „die blinde Martha van die Markpleinhoek.” Sy is berug om haar toordery. Deurdadig sy iets van die skildwag se verlede vertel, word hy geïmponeer en laat haar die portaal ingaan. Hierdie bedryf is in prosa, terwyl die volgende weer in rymlose verse is.

Uit die gesprek van die Heemraad en Koopman, in die tweede bedryf, sien ons dat daar ontevredenheid met Van Noot bestaan. „Die Raad is net soos potklei in sy hande”, want die goewerneur dring sy wil aan hulle op. Martha het hulle afgeluister en omdat sy tot die goewerneur toegelaat wil word, vertel sy wie sy is. Sy was die „pop” en „plaagding” van Van Noot en nou is sy 'n „afgeleefde, lendelam ou vrou” en verder

.....sat tot in my siel met al die sorg
 En kommer van die jare lang verby,
 En halfpad lam en lewensmoeg en blind.

In mooi verse vertel sy van haar vaderland:

Daar waar, verskuil in frisse môremis.
 Gordyn-gesluier deur goud-bestraalde gloed,
 Rys pragtig teen die môreson se prag,
 Van Bogors ryk die wolk-bekroonde berg
 Met sewe spitse, Salak, waar hy spog
 En oor die oerwoud opkyk na die son,
 En dwars oor padi-velde na die see
 En neersien op die land van Wehstenburg.
 Oor Soekaraja en oor Buitenzorg,
 En oor die geil vergroende groei van veld
 En wilde donkerpurper lommerpronk—
 'n Paradys die wêreld deur vergeur
 Met donserig' geur van duisend soorte dons—
 Dit was my paradys.

Hier verneem ons nou dat die jong sersant haar en Van Noot se seun is. Sy roem ook op haar afkoms van „groot Iskanders lom'ryk boom.”

In die derde bedryf, ook in rymlose verse, maak ons kennis met Van Noot. Hy praat baie min, maar genoeg om ons te laat verstaan dat sy hart hom pla. Hy dink aan die soldate wat daar aan dié galg ly:

Net vir 'n oomblik—myne is vir ure,
 Vir ure lank. ..

Hier kom Martha by hom en in skerp, verwytende taal vertel sy hom dat sy, „Martha van die Markplein-hoek,” wat hy ook ken, niemand anders is nie as sy geliefde Kami. In passievolle verse deel sy hom mee dat dit sy seun is wat op Roggebaai gehang word. Dan verhaal sy haar seun se geskiedenis en hare, terwyl die goewerneur maar net van pyn kreun. Met 'n kris in haar hand wil sy hom wat „vir Kami weggegooi het soos 'n vadoek” dwing om die vonnis te herroep. In haar verhitte verbeelding hoor sy haar seun. Hy roep die goewerneur „om voor die regterstoel van Allah te verskyn.” Hy roep haar

ook, want „as een van ons voor Allah moet verskyn moet ook die ander by wees.” Omdat sy geen antwoord van die goewerneur kry nie, voel sy rond en gewaar dat hy dood is. Verhewe eindig die stuk:

O Allah.....

Die Iman op die strand daar dertig jaar

Gelede.... hy was reg.... dis bidstondtyd.

God is God ... God is groot... daar is net een

God en Ily is God..

Dink 'n mens aan die drama as 'n voorstelling van 'n direkte handeling wat van die kennismaking oor die verwikkeling na 'n hoogtepunt voer, wat tewens die ont-knoping bring, dan voel 'n mens dat die Voorspel 'n inherente deel van die stuk vorm, want daarin maak ons kennis met die wraaksugtige Martha, wat aan die end bevrediging vind deur die ingryping van haar Allah. Met 'n dramatiese maatstaf gemeet, is daar in die stuk egter ver te min handeling. Dit geld veral vir die tweede bedryf. In hierdie verband mag die lieriese karakter van die stuk egter nie uit die oog verloor word nie. Dit wou die skrywer juis uitbring, daarom laat hy die heldin in die Voorspel sowel as in die laaste twee bedrywe in versvorm haar passie uitsnik. Dit is lieries en daarom pas hierdie vorm so uitmuntend daarby. Alleen hierdie vorm kon die kunstenaar se gevoel bevredig.

Die digter het een groot beswaar deur die skepping van sy heldin voorkom en dit is dat hy veral die uitwerking op haar van haar verlating deur Van Noot weergee. Sy is dus meestal aan die woord om lug te gee aan haar opgekropte gemoed. So kry ons in die Voorspel 'n indruk van die karakter van Van Noot en in die eerste sowel as tweede bedryf verneem ons die een en ander van hom, maar hy bly op die agtergrond en eers aan die end sê hy 'n paar woorde. Natuurlik is dit tegnies nie reg om allerhande informasie oor hom te verneem nie, ons wil hom *sien handel*. Danig hinderlik vind ek hierdie gebrek in die indruk wat die werkie nalaat stellig nie, maar dan meet ek nie met 'n dramatiese maatstaf nie. Die kunstenaar

staan tog bokant kunsreëltjies en -wetjies en ons moet ons aan die werking van die stuk self oorgee en ons afvra of hy, soos hy die stuk opsetlik geskep het, geslaag het. In hierdie geval staan dit vas dat die geheel 'n groot indruk maak op die leser (en in groter mate sal dit van die toeskouer geld as die illusie van die werklikheid veral deur die speelster van Martha se moeilike rol geskep word). Hiervoor is verskeie deugde in die onderdele van die stuk verantwoordelik.

In 'n dergelik poëtiese drama is die taal van baie groot belang. 'n Kwasi-digterlike taal kan soos 'n blok aan die bene van die skrywer wees. Gelukkig dat Leipoldt 'n vooraanstaande digter is, want 'n groot deel van die werk word deur sy mooi poësie gedra. Die verhaal word heeltemal aanneemlik voorgestel, die sielkunde is goed versorg. Nêrens voel 'n mens by die deurgaang van die werk hom die lus bekruip om oral vraag- of uitroeptekens te plaas nie. Dat Martha meestal in suiwer poësie praat, hinder nie, want haar gevoel is in die Voorspel sowel as in die laaste twee bedrywe hoog gespan en daarby mag nie vergeet word dat sy „prinses, ranee, afstammeling van die vorste van Atjehs trotse ryk” is nie.

Afgesien van kleinigheidjies hier en daar is die heel-eerste paar reëls in die stuk vir my swakkerig. „My siel se kiem, die lewe van my lewe” klink in die omstandighede te filosofies of retories. Hinderlik is vir my ook „as heërliker as” en „as ryker as.” Keer op keer tref 'n mens egter woorde en frases aan waaruit Leipoldt se suksesvolle aanwending van alledaagse woorde blyk. Hier volg net 'n paar: „wat hy gekerf het in my siel,” „ek was gierig, gulsig na genot,” „halfpad lam,” „om bitterheid nog braaf die sweep te gee,” „vervuilde herinnering.”

Nes in verskeie van sy gedigte gee Leipoldt plek-plek 'n mooi gedagte in 'n pakkende vorm, bv.:

My Gysbreg .. myne.... jà, tot dood ons skei,
En verder, want nòg noodlot nòg die dood
Kan uitmekaar skeur wat die liefde bind;

Totdat die dood my weggryp en gedagte
 Versink in daardie see van slaap en nag
 Waarin geen dink meer is nie, sal ek dink aan Gysbreg.

Dergelike aanhalings toon ook hoe diep die skrywer hom ingeleef het in Martha se diepste wese.

Die stuk sit goed inmekaar. In die Voorspel word Martha se begeerte uitgedruk dat haar en Gysbreg se kind as haar wreker mag optree. In die eerste bedryf hoor ons van die mooi sersant wat ook gehang sal word, in die tweede verneem ons dat dit die seun is van Martha en Van Noot en in die laaste bedryf hoor die oorspanne moeder die seun roep, maar die goewerneur sterf aan die skok wat die mededeling van Martha dat hulle kind „gehang word deur sy vader” op hom maak. So word die hele saak mooi natuurlik voorberei, sonder ’n omhaal van woorde. Selfbeperking is ’n kuns wat Leipoldt hier oral in beoefening bring. Op meesterlike wyse leef die skrywer hom in Martha se gemoedstoestand in. Daardeur word alles soveel oortuigender.

Treffend is die goddelike berusting van die priester in die Voorspel en aan die end erken Martha dat hy reg was.

Die eerste bedryf is vol lewe en afwisseling. Die spraaksame Abdoel word goed weergegee; natuurlik word sy verlange voorgestel „om die base te loop kyk hang” (een van die weinige plekke waar ons Kleurlingtaal aantref). Ons hoor van smokkelhandel, verneem die een en ander van die goewerneur wat „mos soos ’n jakkals” is. Met trots sê Abdoel van hom: „hy kan ons taal gooi soos een van ons Imans”; dit pas juis in die bou van die geheel. Plek-plek is daar geestigheid, selfs humor bv.: „Ag nee a, Seur. Daar’s mense wat nie sal regkom voordat hulle opgehang is nie.” „Sy kan dolos gooi, en sy kan jou knoop in die derm laat kry as sy op jou maag kyk. Sy maak paljas uit die tjokkas ..” Hoe goed is dit gesien om die toormotief by die Slamse in te bring. Is dit vreemd dat Martha haar doel bereik by die skildwag toe sy iets uit sy

verlede ophaal? Hoe koppel ons in ons verbeelding „goëlerij” en dergelike swart kunste nie met Oosterse volke nie? ’n Mens voel hierdie geheimsinnige atmosfeer in die reël wat in effens gewysigde vorm op verskeie plekke in die stuk voorkom nl. „die blinde Martha van die Markpleinhoek.”

Martha is geheimsinnig, besit baie lewenswysheid en bedien haar oral van ’n poëtiese taal; sy vertroetel haar wraak soos ’n enige kindjie. Mooi kom dit alles uit in die volgende paar sinne:

Want jy is jonk, Duisman, en die jeug het wense en begeertes, baie meer wense en baie meer begeertes as ons wat oud en afgeleef is. Ons het die lewe deurgeworstel en ons het uitgevind dat dit alles smart en verdriet is—maar julle nog nie. Julle, jongmense, sien nog net die rooi van die môreskyn en julle dink dat dit mooi is. Julle weet nie dat sonsondergang honderdmaal mooier is en die nag nog baie meer kleure het as waar ooit die dag op kan roem nie.

In hierdie deel is groot stukke uit die gedig, *Van Noot se laaste aand*, oorgeneem. Die laaste deel van die stuk is nes die Voorspel, niks anders as ’n monoloog nie. Net hier en daar word ’n stukkjie ingelas om die gang beter te laat uitkom. Die paar woorde wat die koopman en heemraad sê, breek die monoloog.

Martha gee ons die nodige informasie en doen dit in fraai verse. Daarby doen sy dit dramaties en dit is nie sommer ’n opsomming van haar wederwaardighede nie. Sy praat wel lank en ’n dergelike onderbreekte alleenpraak is in ’n toneelstuk alleen goed te keur wanneer daar passie uit spreek. In hierdie geval is dit juis ’n soort ontboeseming; die koopman en heemraad meen egter sy is „mal”, „stapelgek”. Daar is in alle geval afwisseling: nou is dit ’n jubelende verheerliking van haar vaderland en sy voel „die kanferwind van ou Jakatra”, netnou is sy skerp, veral waar dit die goewerneur geld bv.:

Van Noot was weg om in sy koue land,
Waar ys nog warmer as sy koue hart
En hael nog heter as sy siel moet wees. ..

Eers in die laaste bedryf maak ons met Van Noot kennis. Fors en uitdagend is hy nie; hy kla oor die „vervloekte pyn” wat hy moet verduur; van sy linkerskouer gaan dit na sy linkerarm en na sy linkerhand om „’n strop” om sy „bors te trek”. Afgesien van ’n paar kort vrae tussenin praat Martha byna voortdurend. Daar is spanning, want sy het ’n kris in haar hand en wil die goewerneur dwing om die vonnis te herroep. Pakkend is dit veral omdat sy blind is en nie sien watter indruk haar woorde op Van Noot maak nie. Sy het dit nog oor haar verlede in haar land en vertel hoe sy met hulle seun rondgegaan het:

’n Suur herinnering aan die swart verlede....
Maar tog ’n soet salfpleister vir haar smart.

terwyl die goewerneur reeds dood is.

Dis ’n pakkende bedryf en op natuurlike wyse kom die ontknoping wanneer die hoogtepunt bereik word. In die Boedditiese berusting hoor ons ’n eggo van die Bybel: „Mij komt de wrake toe...”

Dr. Leipoldt het in hierdie toneelstuk ’n poging aangewend om die historiese aan te voel en uit te beeld. Die geheel word menslik en natuurlik voorgestel. Minder as in *Van Noot se laaste aand* word die legende in verband met die skielike dood van die goewerneur (soos Mentzel dit verewig het) ingebring, maar hier en daar vind ’n mens nog klein oorblyfsels daarvan. Wat ’n mens in die stuk veral bybly is die mooi poësie en ’n paar kleiner toneeltjies. Iets wesenlik verskillend van die oorspronklike gedig het ons nie gekry nie. As drama is dit nie volkome geslaag nie, tog bevat dit dele wat Leipoldt as dramatis in sy volle krag vertoon en daarom behoort dit met ’n oortuigende Martha ’n saal te boei.

1931.

'n Mens kan nie anders as bly wees dat dr. Leipoldt in die laaste tyd meer en meer aandag aan die drama wy nie. As digter sowel as prasaïs en dramatis het hy naam gemaak, maar omdat ons toneelstukke oor die algemeen geneem baie swak is, is mens dankbaar dat hy nou meer deur hierdie genre aangetrek word. Hy behoort nog sulke kunswerke as bv. *Die Heks* te lewer. Daardeur sal hy ons letterkunde 'n onwaardeerbare diens bewys, want uit die aard van die saak spreek die drama tot 'n groter aantal persone as ander kunsvorms. Sien en hoor gaan hier saam, want sulke werk moet opgevoer word om heeltemal tot sy reg te kom.

Die held van die boek, Gys, 'n dorpsprokureur, speel in sy omgewing 'n vername rol. Hy is o.a. die plaaslike Grootmeester van die Goeie Tempeliere. Deur sy vrou en sy dogter, wat pas dokter geword het, word hy verafgood. Gou merk ons egter dat hy hom anders voordoen as wat hy werklik is; so hou hy danig baie van die medisyne wat sy dokter hom voorgeskryf het, maar dis niks anders as brandewyn nie. Geleidelik verneem ons ook dat hy hom aan allerhande ander sondes skuldig gemaak het soos omkoperij, geldverduistering. Sy dogter wie se erfenis hy deurgebring het, is uitermate geskok toe sy verneem dat haar aangebede vader so 'n skurk is. Sy vaar heftig teen hom uit, maar om die moeder te spaar, besluit hulle om niks aan haar te vertel nie. Gou vind hulle uit dat sy reeds alles weet, maar net uit liefde vir hom geswyg het. Dan verdedig die veronregte vrou in 'n vurige rede haar man en vaar heftig teen haar dogter uit. Van belang is o.a. die volgende sitaat daaruit:

„Ag, ek het my afgod van naby leer ken, maar die kennis het nie my liefde verswak nie en ek het altyd gedink en ek dink nog, dat die liefde alles sal regmaak alles alles. Jy—jy sal dit nie besef voordat jy besef wat liefde werklik is nie. Eers dan sal jy leer dat hoe swak, hoe vuil, hoe onrein en hoe wankelend die ding is wat ons liefhet, dit maak nie saak as one eie liefde net maar skoon en heilig en rein en opreg bly nie. En myne is dit nog... . Hier staan ek... by my man. Julle kan gaan ... Jy, Simon, wat meer weet as sy, en jy, Trui, wat met al jou snipperigheid en al jou vitterigheid vir Gert net so veel voel soos ek vir Gys—julle sal verstaan—en ek gee nie om of julle verstaan nie.”

Hierdie stuk laat 'n mens dadelik dink aan die probleem-dramas van Ibsen. Uit die aanhaling hierbo kom dit al uit, maar die stuk bevat nog verskeie ander boodskappe. Omdat dit so onderstreep word aan die end word die stuk selfs te didakties, is daar 'n sterk tendens in die werk. Hieraan is direk 'n groot gevaar verbonde: om die gewenste doel sterk genoeg uit te bring, word die hoofpersone eensydig voorgestel. Dis juis wat in *Afgode* gebeur. Gys word te huigelagtig gegee en te vol allerhande sondes, waarvan die publiek in die klein dorpie nie weet nie. Dis dadelik vreemd waar so baie nuusdraers is. Die vrou word verder geïdealiseer om 'n beliggaming van die ideëe liefde te word. Die dokter-dogter word weer te dom gegee en te liggelowig, al is sy 'n skrande praktisyn.

Kortom die doek word in te skelle en daarom afstotende kleure afgeteken.

Aan die end word daar ver te veel gepraat deur die vrou van Gys, want dis sy wat die doel van die skrywer baie goed moet uitbring en daarom word dit by haar dogter met sout ingevryf. Gys moet goeie hoedanighede ook gehad het, want hy neem in sy dorp 'n vername plek in en tog hoor ons niks daarvan nie. Net sy foute word breed uitgemeet.

Die dogter tree vir my nie handelend genoeg op nie. Sy word selfs siende blind voorgestel. En tog verstaan sy haar werk goed en toon deur woord en daad dat sy 'n geëmansipeerde vrou is. Sy word tot naby die end ook

taamlik managtig voorgestel. Die aia wil juis weet waarom „die kleinnooi vir haar soos 'n mansmens aanstel.”

Dit lyk vir my die skrywer het haar opsetlik so voorgestel om te wys dat sy nie kan wees wat sy kamma wil wees nie. Net so het Marie Linde Dina voorgestel. Dina moes so handel om haarself te oortuig dat te veel vryheid soos wyn na die kop kan gaan. 'n Paar van die hoofpersone by Leipoldt is egter te eensydig vir egte mense; hulle het geword die draers van seker gedagtes en is daarom marionette. Maar dit het die skrywer opsetlik gedoen. Hy wou hom oor 'n interessante saak deur sy skeppings uitspreek. Daarom mag ons hom nie kwalik neem nie, maar dis my plig om daarop te wys dat in hierdie geval twee voëls beswaarlik met een klip gegooi kon word.

Die dialoog is natuurlik en eg, al is die taal wat die aia praat te beskaaf. Oral word 'n mens deur fyn sielkundige trekkies getref. Mooi word die innerlike soms gesuggereer deur die uiterlike gebaar. Hier bewys die geneesheer en sielkundige van die abnormale die skrywer uitstekende dienste. Daar is spanning en die nodige afwisseling, al bly die lang geredeneer aan die end dood ernstig en op een hoogte. Hier sou 'n kwinkslag die geheelindruk egter bederf het. Nou bereik die skrywer sy deel volkome: die toehoorders sal iets hê om aan te kou wanneer hulle die saal verlaat.

Deur die hele drama is die liefde van die vennoot van Gys vir dié se dogter geweef. Die op- en afgaan daarvan veroorsaak belangstelling. Hinderlik is dit dat die jonkman sy saak tydig en ontydig bepleit en op die ongeleëenste tye bring. die ou aia ook die saak op. Dit alleen is genoeg om hom elke keer die nee-woord te besorg. Aan die end is die uitbarsting van die moeder teen haar dogter, wat dokter is en haar so knap hou, ook bedoel as opvoeding vir hierdie dogter en haar geesverwante. Interessant is dit om dan terug te kyk op die afgelegde weg om te sien hoe die dogter se liefde vir die jong man gegroei het. Die skok deur die vader se optrede veroorsaak, laat die sluimerende liefdeskiem skielik ontwikkel.

Afwisseling word dikwels deur die geestigheid en humor in die stuk gebring. Komies is dit waar Gys kort-kort, veral as hy in die huis terugkom, die „medisyne“-bottel aanspreek en half outomaties sê: „Ek sal nou 'n pepermentjie moet sluk om die smaak weg te neem“, maar al die tyd is dit hom te doen om die reuk te neutraliseer. By die publiek moet dit telkens 'n skaterlag veroorsaak, want hulle weet presies hoe sake staan en Gys vermoed dit nie. Dis werklik kostelik veral omdat hy Grootmeester van die Goeie Tempeliere is. Daar is verskeie ander sulke goeie situasies, bv. op bl. 14, 15 en 16. Die vader word hier danig geprys deur sy dogter en handel grootdoenerig, terwyl ons lankal weet dat hy 'n skurk is. Sulke teenstellings tref ons by die moeder ook aan. Plek-plek is dit pateties. Onder dit alles kan 'n mens haar net bewonder vir haar lojaliteit aan haar man en die vuur waarmee sy hom verdedig.

Nes in al Leipoldt se werk word 'n mens hier deur die epigrammatiese getref. In 'n netjiese vorm word lewenswaarhede ingeklee. Hier volg 'n paar: „'n Mens moet soms seermaak om reg te maak.“ „Dis maklik genoeg om iemand se geloof weg te neem: dis nie so maklik om hom iets in die plek daarvan te gee nie.“ „'n Vroumens kan baie doen waarvan sy self nie 'n uitleg kan gee nie.“ „Die wêreld neem jou aan op jou eie waardering, al is dit dan ook so hoog of so laag soos die munisipale valuasie.“

Daar is nog verskeie kleinigheidjies wat 'n mens teen of ten gunste van hierdie toneelstuk kan opnoem. Die besware in hierdie langste van al Leipoldt se dramas geld veral die didaktiese. Uit dié standpunt beskou, sit die stuk goed inmekaar. Selde word iets gegee, wat nie in intieme verband tot die geheel staan nie. Die skrywer dwaal nie op sy paadjies af nie. Alles word met vaste hand geteken. Daar is genoeg handeling en behalwe aan die end, geen preektoon nie. Die skrywer het sy doel bereik om 'n groot waarheid direk onder ons aandag te bring. Dis 'n stuk wat 'n uitbreiding gee van 1 *Korinthe*

13 en daarin veral die volgende versie oor die liefde: „Zij bedekt alle dingen, zij gelooft alle dingen, zij hoopt alle dingen, zij verdraagt alle dingen.”

Hier het ons 'n greep uit die volle lewe. Dis mense met deugde en gebreke, soos ons almal is. Die stuk behoort met sukses opgevoer te word en ook vir die platteland waar dergelike stukke dikwels met 'n deugmaatstaf gemeet word, sal dit goeie dienste bewys. Die stuk sal die toeskouer plek-plek in die grootste spanning laat verkeer; hy sal laat skaterlag om die komiese; die skerp teenstellings sal tot selfdink prikkel en die menslike humor wat hier en daar opvonk, sal in sy meegevoel en beperking louterend werk. Dit bly egter die suiker om die pil—die end van die stuk. Dié sal ons ongemerk sluk en die uitwerking sal nie gemis word nie.

DIE KWAKSALWER.

Die mediese wetenskap staan vandag, meer nog as ooit tevore, in die teken van die kankervraagstuk. Ook by ons is dit 'n aktuele saak. En die wat dr. Leipoldt se geskifte onder sy eie naam of onder 'n skuilnaam lees, sal weet dat hy heelwat oor hierdie onderwerp geskryf het. Dis dan die geneesheer wat aan die woord is. In hierdie toneelstuk wou die skrywer egter nie 'n verkapte vlugskrif lewer nie maar 'n kunswerk skep. Tog het hy die saak uit 'n ongewone hoek beskou. Die eintlike onderwerp waarop die meeste lig val, is die liefde. Die kwaksalwery is maar 'n middel daartoe.

Simon, 'n skrandere Jood, kom na mevr. Westera om 'n maatskappy te floteer wat haar kankerresep onder die handelsnaam „Gousblommiddel teen Kanker” moet eksploiteer. Met die eintlike saak sal sy niks te doen hê nie. Hy sal vir alles sorg en skade sal sy nie ly nie. Hy is selfs bereid om haar dadelik 'n mooi tjek te gee as voorskot. Die geld het sy besonder nodig, want haar seun, Piet, studeer oorsee in die medisyne. Sy is lankal weduwee en haar man het haar net skuld nagelaat. Die kankerresep van haar grootjie het haar in die verlede uit die moeilikheid gehelp. Sy het naamlik gekwaksalwer: die pasient het verligting gekry en sy het dankoffers ingesamel. Nou wil sy nie meer „dokter” nie, want sy twyfel of dit die mense baat, al verseker hulle haar dat dit verligting bring.

Na agt jaar is haar seun geneesheer en in die uitoefening van sy beroep sien hy daagliks die nadelige gevolge van die sogenaamde kankermiddels. Die mense probeer allerhande bog-middels en wanneer dit te laat vir die mes is, klop hulle by die dokter aan. Piet weet egter nie dat

sy moeder tot kort gelede in een van die middels ge-interes-
seer was nie. Sy moeder het nie die moed om hom te
vertel dat hy, dank sy die kankermiddel, geneesheer kon
word nie. Toe 'n ou huisvriend hom op versoek van die
radelose vrou die geheim toevertrou, is hy woedend. Hy
verag nou sy moeder. Met behulp van die vurige pleidooi
van die skrander Jood slaag die vriend later daarin om die
seun te oortuig dat dit sy plig is om sy moeder te vergewe
en dat hy vir sy houding verskoning moet vra.

Daar is dus 'n ernstige ondergrond in hierdie stuk
en aan die end word die eintlike saak deur die Jood met
nadruk ingedreun.

Die spil waarom alles draai, is die liefde, al lyk dit
oppervlakkig of dit die ou kwessie is van die doel wat die
middele heilig. Die aanstaande skoonvader sê: „Liefde,
Piet, is vertrou”. Die is hier nie aanwesig nie, daarom
besit die seun nie die regte soort liefde vir sy moeder nie.
Die jong nooi het daardie liefde vir Piet. Die les word
hom deeglik gelees: hy is te veel dokter en te min mens;
hy is 'n vrot paal en 'n stuk doringdraad is nodig om dit
aanmekaar te hou; hy word herinner aan sy „verwende
dokters-selfrespek”; hy is koppig, ens. Dan kom die
woordryke ou Simon op die toneel en op 'n dooernstige
maar komiese wyse kapittel hy die „kleinbaash” om hoe
langer hoe bytender te word as hy dit oor „meneer dokter”
het. Hy spot met die verkeerde diagnose van geneeshere
en die „kwakmiddeltjies” wat hulle soms voorskryf, net
om die pasjent tevrede te stel. Maar dan word hulle reke-
ning nie vergeet nie. Ook hy wys op die dieper betekenis
van die daad van die moeder. Sy woorde slaan in. Al
antwoord wat die moeder het op die seun se vraag waarom
sy dit gedoen het, is: „omdat jy my kind was en jou
vader se kind. Omdat ek jou liefgehad het soos ek jou
vader liefgehad het.”

Leipoldt laat 'n mens ook in hierdie toneelstuk weer
aan Ibsen dink. Ons lê die boek gou neer, maar die vraag-
stuk laat ons nie sommer los nie.

Die komiese in hierdie stuk word in die eerste plek verskaf deur aia Anna, wat darem ver te spraaksaam is. Dit geld vir haar gesprek met Simon aan die begin. Sy meen sy het die reg daartoe, want sy is deel van die huis: „Ons het mos vir die kleinbaas gewerk . . . dis vir hom wat ons dit gedoen het,” sê sy later.

Uiters komies is die optrede van Simon. Sy spraakgebrek maak wat hy sê nog snaakser. Daarby kan hy so kostelik ongeërg optree. Hy het, toe hy in die eetkamer moet wag, 'n kans om ongenooi aan die verjaardagkoek te proe en rond te kyk na al die portrette waarop Piet verskyn. Dan is sy opmerking: „ . . . oralsh kleinbaash tot vervelensh toe. Ek glo 'n mensh kan te veel van kleinbaash hê, veral as hy sho 'n ordinêre kleinbaash lyk shoos hierdie een.”

Op onderhoudende wys spot die skrywer verder met alles en nog wat. Daar is die opmerking van Simon wat 'n mooi naam vir die kankermiddel voorstel: „Die naam ish nie byshaak nie—'n naam, mevrou, ish van die grootshste gewig in shulke shake. . .” Later is dit weer die skinderpraatjies van die paar dames en die atmosfeer daarby wat uiters goed gegee word. Daar is die „dierbare skat” en die „lieuwe hartjie” in die aanspreekvorm en die „onder ons” en „uit vertroubare bron”; die onvoltooide, suggestiewe sinne ontbreek ook nie. Dit alles sal die toeskouer, juis omdat dit so raak is, laat skaterlag.

Daar is 'n treuriger ondertoon in die gekskeerdery in die tweede bedryf. Dis weer die vriendinne van die begin wat toe so lekker geskinder het—veral oor moontlike huwelikspare—al het dit maar taamlik neutraal gebly. Hier spot hulle met een van die lede van hulle geselskap wat op haar oudag gaan trou. Een sê dat sy die Here kan dank dat sy nou 'n man gaan kry, „al is dit maar 'n wewenaar.” Hierdie dele is kostelik, al sal die effens karikatuuragtige toon party lesers afstoot. Dis egter menslike grappies wat verkoop word. Dit grens aan humor, as dit nie werklik humor is nie, waar die arme dame wat eindelik 'n maat gekry het na al die spotterny huilerig sê: „Hoe-

kom laat jy dan nie my wewenaar staan nie? Dis al . . . wat ek . . . het . . ."

Interessant is dit om te sien hoe die skrywer hom in die standpunte van die verskillende mense kan inleef. Dis nie die geneesheer-skrywer wat teen die kwaksalwers uitvaar en die dokter laat oorwin nie. Hy laat ons inderdaad sien dat hy skepper is. Deurgaans is dit eg. Ons kry dit by die oujongnooiens en hulle kritiek op die dokters wat so danig deur die wet beskerm word. In die aanval van ou Simon kom dit pragtig uit. Ook in die geval van Piet word albei kante gegee, al hinder dit ons effens dat die seun so 'n lummel is dat hy al die jare studeer, seker nie te spaarsaam leef nie, en nooit uitvind of sy ma baie geld het nie. 'n Verstandige weduwee sal anders te werk gaan, al is dit haar enigste kind.

Dis ongetwyfeld 'n stuk wat op die planke sal boei. Daar is baie afwisseling. Dis nie net komieklikheid wat 'n mens aantref nie; dieper geestigheid is ook aanwesig. Die skrywer ken die tegniek van die drama en besit mensekennis. Alles word opgevoer na die slot—daar's eenheid. Miskien sal party toehoorders teleurgesteld wees omdat daar nie genoeg „gebeur" nie. Innerlik gebeur daar oorgenoeg. Daar is handeling. Die kern van die stuk is abstrak, maar die middele is konkreet genoeg. Die dialoog is fris. Wel praat die ou Jood aan die end baie, maar dis die moeite werd om na hom te luister, want hy slaan spykers met koppe. Vreemd is dit daarom nie dat hy die deurslag gee en dat die medikus-seun gedwing word om sy ma ekskuus te vra nie. Dan voel 'n mens dat die kankermiddel nie hoofsaak was nie, maar die etiese beginsel en veral die groot liefde van die moeder, wat enigiets gedoen het—selfs teen haar sin—om haar seun so goed moontlik vir die lewe te laat afrig.

D. F. MALHERBE.

HANS-DIE-SKIPPER.

Dr. D. F. Malherbe, wat een van die leiers was van die Twede Taalbeweging in Kaapland, is 'n skrywer wat op verskillende gebiede sy spore al verdien het. Van hom het 'n hele paar digbundels verskyn. In die laaste jare het hy 'n paar toneelstukke, wat op verskeie plekke met sukses opgevoer is, geskryf. Maar hy is veral bekend as prosaïs. Op hierdie gebied staan hy m.i. die hoogste.

Sy eerste prosawerk is die bekende *Vergeet nie* wat die Twede Vryheidsoorlog as agtergrond het. Dis 'n verhaal wat baie lesers al bekoor het en vir die meeste van die jongeres was dit een van die werke wat hulle persoonlik aangevuur het om met al die ander letterkundige werk in Afrikaans kennis te maak. Dié werkie met sy gespierde taal het ons in 'n nuwe wêreld, al was dit ons eie wat ons net nie geken het nie, ingevoer, want op skool het ons voor die dae van die Rebelle hoegenaamd niks van ons eie letterkunde verneem nie, al was ons op 'n manier bekend met die goeie *Brandwag*.

Na hierdie novelle het Malherbe met 'n verdienstelike roman verskyn, nl. *Die Meulenaar*, 'n boek wat hoofsaaklik oor plaastoestande in die Westelike Provinsie handel. Dis die eerste eintlike „plaas-roman" in Afrikaans.

In *Hans-die-Skipper* word 'n groepie persone op een van die klein vissersdorpies in die Westelike Provinsie behandel. Dis menslik dat die skrywer wat al jare in die Vrystaat woon nou meer en meer getrek word na die streek waar hy sy jeug gesiyt het. As gereelde besoeker na daardie heerlike strandplekke word daar seker herinnerings by hom gewek en dan spreek hy hom uit oor daardie

wêreld, want hy ken die mense daar deur-en-deur en het hulle lief. Hierdie liefde merk die leser oral.

Die skrywer het in die werk onder bespreking veral twee persone uitgebeeld: dis Meester, die gewilde onderwyser van hierdie ongenoemde plekkie en die visser, Hans. Miskien sou dit selfs beter gewees het om die boek na die onderwyser te noem. *Meester* kon dit egter nie gewees het nie, want een van die toneelstukke van hierdie skrywer dra reeds daardie naam.

Meester is 'n liewe verskyning. In die skool doen hy sy plig, maar hy is baie meer as die gewone onderwyser; hy is die geestelike vader van die plek. Hy het die dorpie sien groei, byna al die jong inwoners is in die skool deur hom touwys gemaak; hy gaan dikwels voor in hulle kerk; hy ken die meeste se lief en leed. Al die vernaamste gebeurtenisse in die eentonige lewe van die gehuggie word om Meester gegroepeer bv. die prysuitdeling aan die end van die jaar, wanneer die ouers ook daar hartlik welkom is. Dan spreek hy 'n gepaste woord. Sy verjaarsdag is vir die kinders gewoonlik 'n smulfees en hulle kyk daarna uit. Teen Kersfees steek hy gereeld vuurwerk af en bring so bietjie genot en afwisseling in die eentonige lewe van die kinders en grootmense. Hulle maak noual gereeld staat op die wekkerende feestelikhede, daarom sorg die goeie Meester dat hy dan altyd tuis is. Hy mag „sy mense” mos nie teleurstel nie.

Meester steel 'n mens se hart waar hy soos 'n sorgsame vader oor daardie gemeenskappie waak. As daar een van die jongeres is wat hom aan allerhande katekwaad skuldig maak, dan glo Meester in die adel van sy siel en hy soek na 'n verklaring van die uitspattinge. Omdat hy die mense deeglik ken, kry hy altyd die oorsaak ook en as dié verwyder is, is die moeilikheid opgelos. Die skrywer laat ons herhaaldelik sien hoe hy saam met almal leef, hoe hy hulle gereeld besoek, hoe hy leiding gee en almal se vriend is. Juis daarom kry ons hom so jammer dat hy in sy jeug 'n groot liefdesteleurstelling moes ondervind en in sy eensaamte droom hy dikwels van dae wat was. Op

'n fyn wyse vleg die handige skrywer oral klein gebeurtenisse in om daardie kant van die lewe van hierdie ideale meester te belig. Ewe natuurlik is dit dat hy eindelik die „dame", wat intussen weduwee geword het, moet kry.

Dis 'n kenmerk van feitlik al die mense in hierdie boek dat hulle in hulle werk lééf: hulle het dit lief.

So verskil Hans-die-Skipper hemelsbreed van Meester maar ook hy is verbasend trots op sy werk. Hy beskou hom nie as 'n gewone visser nie, al bestaan daar in die praktyk hoegenaamd geen verskil tussen hom en die minder grootdoenerige blanke visser nie. Hy het net meer durf en werk met oorleg. Sy werk pak hy op 'n wetenskaplike manier aan. Hans beskou homself as skipper en dis hierop wat hy so trots is. Dit onderskei hom van die gewone vissers. Maar ook hier weer saai die skrywer 'n heerlike boodskap uit; dié van die adel van alle arbeid en die genot wat die ywerige en pligsgetroue arbeider daarin vind.

Meester en Hans is die twee hoofpersone in hierdie boek, maar om hulle word 'n groot stuk lewe van die vissersdorpie gegroepeer. Ons maak met daardie mense kennis in hulle werk, maar ook in hulle ontspanning en hulle alledaagse praatjies. Dis nie die grootse wat die skrywer gee nie; dis net 'n eenvoudige stuk lewe wat hy met die oë van die digter waargeneem en vir ons vasgelê het. Dit pak, want dis liefdevol betrag deur die temperament van die skeppende kunstenaar.

Dr. Malherbe het die jongmense van die dorpie ook mooi uitgebeeld. Dis eintlik as onderdeel van Meester se werksaamhede maar dis 'n simpatieke meelewe van die skrywer met die jeug oor die algemeen wat hierin goed uitkom. Ek dink aan Rooi-Koos, die onnut. Hy lewe vir ons in sy platjiestreke, maar ook later wanneer hy sy vaste werk as skrynwerker het en die weerbarstige planke skawe dat sy voete en 'n groot deel van sy bene onder die mooi, geurige krulle begrawe lê. Word die planne wat hy maak om Nelie te toon dat hy dit nou goed meen nie mooi

gegee nie? Fyn en menslik word die skugter-skamerige ontlukende liefde van Johan en Nelig verder geteken.

Die skrywer het die see lief en hy slaag daarin om hom in verskillende stemmings te laat lewe. Hy het 'n oog vir die verskillende gedaantes wat die see aanneem; kleure speel hier 'n vername rol (blou is die geliefde kleur van die skrywer). Baie aandag word ook aan die wind bestee, want in sulke gevalle laat hy Hans-die-Skipper, die grondige kenner van die wisselvallige winde en die see in al sy nukke aan die woord: Mooi word bv. die awontuur van Hans-hulle beskryf, toe hulle met die nuwe skuit skielik oorval word deur 'n storm. 'n Mens voel eintlik benoud só word dit deur die kunstenaar beskrywe.

Tegnies is dit stellig verkeerd dat ons keer op keer voel só het die skrywer dit gesien en nie die helde van die boek nie. Dit het die outeur egter doelbewus gedoen en vir my vergoed die mooi digterlike beskrywings wat ons so volop aantrek, die gebrek aan objektiwiteit.

Die skrywer is digter; dit merk 'n mens byna op elke bladsy. Dit het sy voordele, want nou laat hy die leser beseft dat prosa nie sommer iets is wat 'n mens kan afskeep nie. Nee, ook dit eis die hele hart van die skrywer. Malherbe skep dikwels geslaagde samstellings bv. „stap-draf”, „makriel-kuite”, „daadlus” („daad-” kom in verskeie samstellings voor en word naderhand bietjie vervelend.) Daar is mooi beelde en vergelykings. bv.: „Hans-die-Skipper ...rek hom uit voor die stoof dat sy arms hoog-oerent bak-staan soos die horings van 'n damara-os”. Die skrywer staan kort-kort stil om die natuur te bewonder. 'n Mens weet byna al wanneer hy dit gaan doen. Op die ou end begin dit bietjie hinder, want dit trek die aandag van die verhaal af en vorm 'n blaasplek vir die skrywer. 'n Mens verlang later na meer direktheid en eenvoud as hy keer op keer iets soos die volgende teëkom: „En die skemering van die daeraad het aangestap ruite toe.” Oondeurvoel is dit by die skrywer egter nooit, al het sy sug om alles lewendig voor te stel hom te te ver gevoer. Geiukkig verval

hy nie in retorika soos dit in sulke gevalle met minder geeste sou gebeur het nie.

Dr. Malherbe ken die Bolandse volk uitstekend en hulle taal word dikwels geestig aangewend. Dit bring afwisseling in die boek. Maar ook op ander plekke is die skrywer dikwels geestig.

Dis opmerklik dat 'n gevoel van weemoed hom in hierdie werk van die leser meester maak. Dit voel 'n mens in die eerste plek in verband met Meester wat sy leed in sy hart verberg hou—net 'n enkele weet daarvan; dis veral later ook die geval by Hans, want hy voel dat sy seun nie liefde vir die see het nie en dit kon hy nou eenmaal nie verstaan nie. Dan kom die griep om hom uit sy bittere teleurstelling te verlos.

Moet hierdie weemoed verklaar word uit die feit dat die skrywer hier toestand gee, wat hy liefhet, maar nou onherroeplik verby is?

Dis opmerklik dat die skrywer, wat lid van die Spellingkommissie van die Akademie is, tog baie woorde op sy eie manier spel bv. „artappels”, „goeinag”. Dis onnodig om te sê dat ek dit hartlik verwelkom, want daar bestaan in sulke woorde werklik meningsverskil en dis tog nie sonde as die skrywer sy vorm probeer bestendig nie. In die reël pas dit by die atmosfeer van die boek. Bolands is ook die gebruik „varkens” en „hy het sy kerie in die hoek agter die deur staan gemaak”. Daar is meer sulke woorde en uitdrukkings. Nog iets wat tref is die veelvuldige gebruik van die verlede tyd waar hy dinge skryf. Die „hets” en „wasse” word later hinderlik.

Dit neem egter nie weg dat ons hier met 'n verdienstelike roman te doen het nie. Van harte hoop ek dat die rektorale werksaamhede die skrywer nie in sy letterkundige produksie sal strem nie. Ons kan sy werk so beswaarlik mis.

JOCHEM VAN BRUGGEN.

IN DIE GRAMADOELAS.

In die Gramadoelas bevat sewe stukke van ongelyke lengte. So word byna die helfte van die boek in beslag geneem deur *Org Basson*, 'n skets uit die lewe van 'n plat-telander wat tot ouderling gekies is. Dit sou nie onmoontlik wees om hierdie stuk tot 'n roman of minstens 'n novelle uit te brei nie, veral as daar meer van *Org Basson* se optrede as ouderling gegee word. Ek het hierdie stuk met plesier geles. *Basson* verteenwoordig die tiepe wat *Van Bruggen* met talent en smaak teken. Hy kan ons die nietigste dingetjies uit *Org* se lewe so raak weergee. Met 'n paar woorde teken hy plaastoestande en dan staan dit daar so duidelik dat 'n mens dit nie weer vergeet nie. Beweging word uitstekend gegee en die beeldryke taal dra baie tot die kunsgenot by. In die eerste bladsy word gepraat van die droogte wat daar geheers het en oor die reën wat daarna so heerlik uitgesak het. Dan word daar die Saterdag op die stoep van die Jood se winkel oor niks anders nie op 'n aantreklike wyse uitgewei.

Hoe lekker word daar nie oor allerhande siektes, maar veral boere-rate, breed uitgespin nie. Ons dink somer aan die *Sitmans* in *Op Veld en Rante*. Ook hier koppel die leser dit vas aan sy eie ervaring en hy sal voor sy verbeelding baie sulke tiepes sien wat onafgebroke kan uitwei oor die deugde van eenvoudige medisyne. Dit bring hier afwisseling.

Uitstekend word ouderling *Org Basson* in hierdie stuk geteken. Eers leef hy in die salige verwagting dat hy berig sal kry dat hy tot ouderling gekies is, want Meester het soiets vertel. Op 'n simpatieke wyse beeld die skry-

wer dit alles uit. Ja, en in hierdie meegevoel het ons die geheim van Van Bruggen se geslaagde uitbeelding van Boeretieses. Hy kan oor die geringste, alledaagse dingetjies uit hulle wêreld onderhoudend gesels. Nooit is die onderwerp vir hom te nietig nie. Hy is stellig 'n goeie luisteraar, 'n raak waarnemer, want uit sy brein het hy die klein trekkies wat oral in dergelike werk van hom aangetref word seker nie gehaal nie. Hy kon blykbaar net saamstel en saamgroepeer. Ek het egter 'n sterk vermoede dat party bekendes in seker opsigte tot die voete uit geteken is. Missien is dit 'n geluk dat hierdie mense nie lesers is nie, anders sal hulle skrikkerig voel as hulle dikwels in aanraking kom met Van Bruggen.

Hoe mooi kom Basson se gedagtes nie telkens by die begeerde ouderlingskap uit nie, al moet hy eers later, wanneer hy amptelik van sy verkiesing in kennis gestel is, uitvind dat daar nog baie moeilikhede voorlê. Hy het bv. geen ryding nie, maar hier kan hy maklik geholpe word. Groter moeilikheid lewer die manel op.

Pragtig kom die eienaardige filosofie op bl. 18 uit, maar veral skitterend vind ek bl. 30 en volgende bladsye. Hoe diep bewus is Org nie van die waardigheid van sy nuwe posiesie, toe hy met die gewigtige brief in sy sak sy huisie instap nie. Die „voordeur se bo en onderwerwel” word „stil en presies” dwarsgedraai en die oë van al die kinders en ook van die vrou is op hom. Hulle vra niks nie, maar die oë sê genoeg, daarom kan hy dadelik die groot onderwerp aansny:

„Nee, my ou vrou,” hy sug en stryk die hare van sy voorkop agtertoe, „geen slegte nuus nie, maar wel hoogs gewigtige nuus. Kom 'n bietjie hiernatoe ou vrou. Sannie bring vir jou mamma 'n stoel nader! Kinders julle kan maar opsy staan en julle werk gaan doen. As die Here wil dan sal julle binnekort wel alles weet.”

Is dit nie kostelik nie? Hoe menslik is dit dan dat hy na die oorspanning bitter teleurgesteld voel dat sy vrou doodkalm en bedaard bly. Na die geestelike hoogtepunt voer dit ons na die ander uiterste. Hierdie neerslagtheid

wat voortvloei uit 'n gebrek aan waardering van die vername amp moet hom baie ongelukkig maak. Sy kinders besef nie hoe groot die eer is wat hulle vader aangedaan is nie. Hoe mooi kom dit nie in sy kort gesprek met Sannie uit nie? Hy moes haar op 'n waardige wyse inlig, toe sy later met haar nuuskierige „Wat is dit Pa?” by hom kom:

Met 'n dowwe stem antwoord hy half-afgetrokke: „Dis somar 'n brief van die kerkraad my kind; hulle het jou pa as ouderling benoem, maar dis nog nie te sê dat jou pa dit gaan aanneem nie.”

„Hoekom nie Pa?” is haar verwonderde uitroep.

„Somar nie!” antwoord hy kortaf en ongeduldig.

„Pa moet maar aanneem. Dis tog 'n amp. 'n Mens kry hier op Sukkelaar nie somarso 'n amp nie.”

„Bly stil! jy weet nie waaroor jy praat nie!”

Is dit nie op heterdaad betrap nie?

Daar is nog verskeie sulke dele in hierdie stuk. In die liefdevolle skildering van die kleine munt Van Bruggen uit, maar ook in die skepping van 'n atmosfeer, die sogenaamde milieu-tekening. Op enkele plekke kan hy ook fors wees. In al sy werk tref 'n mens dit aan. Ek verwys net na bl. 38 van hierdie boek. In kort afgebyte woorde suggereer hy die lyfsgenot van die onderwyser wat geestelik afgemat met 'n daadlus in „die mulle sandgrond van sy tuin” „vroetel, krap en kerwe”.

Die ander ses stukke is betreklik kort. *Napoleon* is van belang om die geslaagde wyse waarop die skrywer die hond, die enigste maat van sy baas in die Bosveld, teken. Hoe vol beweging is die volgende sinne nie:

Nappie hengel vol ongeduld aan die waterkant, wagtende op die teken van sy baas. Die klipie ploemp in die middel van die effe watervlak en Nappie stuif, met 'n wolk van reent om sy gretige kop, die rimpelinge tegemoet, luidrugtig soos seuntjies wat jong osse leer. Durand plons in en duik onder Nappie deur wat, mal van pret-maak, agter sy baas wil aanswem. Maar Napoleon se vinnige watertrap bly agter vir sy baas se forse slae. Hy keer hom voor op 'n vlak plekkie en hulle gaan te kere daar soos die jong span wat vrot in die water speel.....

Ou Loek is nog 'n mooi stuk. Die bygeloof van 'n oorlamse Boesman word daarin uiters geestig geteken. Van Bruggen verstaan die sielkunde van die ou jong. Ook die verhaaltjie *Geloof, Hoop en Liefde* is goed. Op 'n maklike manier gaan die skrywer van een deel van die stuk na die ander oor en aan die end is die leser goed ingelig en kan hy die standpunt van die jong paar goed verstaan. Hy voel saam met hulle in hulle beproewing en die wyse waarop hulle met mekaar in verbinding tree, word roerend geteken. Aangrypend is ook 'n *Fragment*. Ook hierin word realisme gegee. Van Bruggen laat die eenvoudige verhaal in die mond van die swaar-beproefde moeder leef. Hy laat ons ook so effens voel met watter moeilikhede die Voortrekkers van 'n geslag gelede te doen gehad het.

Die laaste twee stukke *Tommie* en *Vrouestemreg* is hierdie skrywer nie waardig nie. In die eerste geval speel 'n seuntjie wat doilies verkoop die vernaamste rol. Die twee stukke het nie baie „liggaam” nie, al wil ek nie hierdeur te kenne gee dat die onderwerp by Van Bruggen so belangrik is nie. Dis juis nie die geval nie. Die *hoë* is by hom oneindig belangriker as die *wat*. In *Tommie* is daar aan die begin en end 'n moraliserende toon wat hinderlik is. Ek herinner hier net aan die raak woord van Goethe: „Kunstenaars moenie redeneer nie, bou net.” Af en toe duik die egte Van Bruggen darem op. Op een plek praat hy van motors wat verbysnor na die besighede toe en die seun „hoor hulle aaklige alarm by die dwarsstrate, nes jong hoenderhane, wat leer om te kraai.”

In *Vrouestemreg* is dit 'n geval van „veel geskreu maar weinig wol.” Ek verbeel my dat 'n mens hier met 'n ander sy van die skrywer se aanleg te doen het. Dit lyk plek-plek taamlik satieries. Daar word dan blykbaar gespot met die geestesgesteldheid van 'n paar dames net omdat een van hulle 'n brief kry waarin sy versoek word om 'n vroue-tak van haar man se party te stig. Sy beskouw dit as 'n belediging. Sou die skrywer—die platjie in hierdie geval—te kenne wil gee dat die vrou, te oordele na wat hy in sy omgewing waargeneem het, nie ryp vir

partyvergadering is nie? Mens lees dit in die een en ander. Wat wel mooi uitkom is die bekwame wyse waarop die liefdes-geskiedenis van Meester en Shelma in die verhaaltjie ingevleg is. Die een voorval loop in die ander, veral omdat die vrouens wat vir hulle dogters die oog op Meester gehad het dit nie kan kleinkry dat Shelma nou skielik hom gevang het nie. Komies is dit waar die twee susters wat oor niks rusie-gemaak het nie en nog die spore van hulle daaglikse arbeid dra skielik op Meester en Shelma af-kom. Daar en dan wil hulle kamma haar vir sekretaressie hê, maar die onderwyser steek daar 'n stokkie voor—hy is mos amptenaar en sy vrou mag nie aan partyvergaderings deelneem nie.

Te oordele na hierdie werk is Jochem van Bruggen nog in die fleur van sy kunstenaarslewe. Hy behoort nog uitstekende werk voort te bring, veral as hy verder gaan grasduin in wat hy in sy onmiddellike omgewing aantref.

BOOIA.

Dis 'n verblydende teken dat een van ons beste pro-saskrywers, Jochem van Bruggen, in die laaste tyd so vrugbaar is. Hy weet blykbaar dat hy ter wille van sy nasie sy talente nie in 'n sweetdoek mag wegbêre nie. Enige maande gelede hy hy in die trant van *Op Veld en Rante* 'n verdienstelike bundel sketse uitgegee, nl. *In die Gramadoelas* en nou het *Booia* die lig gesien. Weliswaar skuil daar ook gevaar in te groot vrugbaarheid, maar ek glo nie vir Jochem van Bruggen nie, want 'n kunstenaar soos hy sal nie 'n uitgewer stormloop net omdat hy 'n nuwe boek met sy naam daarop wil laat verskyn nie. Selfkritiek word terdeë toegepas op alles wat hy skryf. Nog meer verrassend is hierdie vrugbaarheid as 'n mens weet dat dit maar as peuselwerkies beskou moet word, want *Ampie* is nie voltooi nie en dit is sy *magnum opus*.

Gelukkig dat Van Bruggen in hierdie jongste boeke nog in die volle bloei van sy kunstenaarskap is. Sy krag lê in die uitbeelding van die armblanke en hier het hy inderdaad lewende wesens geskep. Ek herinner aan Ampie, die Sitmans en Org Basson, maar verskeie minder figure duik oral in sy werk op. In *Booia* het hy hom op 'n ander terrein begewe, die van die Naturel, en ook hier het hy uitstekend geslaag. Hy het outas geskep wat in ons letterkunde gaan leef.

Danig vreemd is dit nie dat die Kaffer ook in ons letterkunde sy plek begin opeis nie, maar 'n mens het dit in die Noorde anders verwag as wat dit nou gebeur. In ons geskiedkundige prosa het hy hom teen wil en dank ingedring. Uit hoofde van die bloedige botsings met die Boere moes sy verlede bestudeer word, maar 'n liefdevolle

oorgawe kon dit nie wees nie. In die teenswoordige tyd staan ons op verskillende gebiede in die teken van die Naturel. Maar omdat daar soms wrywing is, het 'n mens nie verwag dat een van ons vooraanstaande kunstenaars hom as bron van inspirasie vir 'n kunswerk sou kies nie. Die negrofiel kon dit wel doen, al sou hy dit moeilik vind om die Kaffer so uit te beeld dat dit nie hier en daar aanstoot gee nie. Afgesien van die simpatieke outa en aia (dink aan *Freek en sy perd Bles* van Leon Maré, *Ou Gawies* van Jan Celliers en verskeie van ons toneelstuk-kies) sal die Afrikaanssprekende nie deur 'n gewone naturelleonderwerp aangetrek word nie.

Van Bruggen het in *Booia* „beskaafde” kristelike Kafferfamilies as onderwerp gekies. Oor die algemeen is hulle nou verwant aan die blanke tiepes wat hy geskep het. Daar is dus geen verskil in wese tussen hierdie boek en die ander werke van dieselfde skrywer nie. Dit sal uit onderstaande blyk.

Ek moet eerlik sê dat die eerste aankondiging van hierdie werk my nie baie laat verwag het nie, al was ek bekend met die fyn sielkundige skets *Ou Loek* wat *In die Gramadoelas* opgeneem is.

Die oorspronklike aankondiging verskyn in die boek as inleiding. Ook hier stoot dit af; ongelukkig nog meer as 'n mens die boek gelees het. Dis effens hoogdrawend, taamlik misleidend en ek kan nie dink dat dit deur die skrywer self is nie. Dit laat aan die Engelse „blurb” dink. Dit begin so: „Dis die verhaal van 'n klein kaffertjie, wat 'n dupe word van die bandeloosheid, wat kort-kort uitbreek onder die naturelle-gemeenskappe, wat dikwels met die blanke-beskawingscentra in aanraking kom en waarvan hy deel uitmaak . . .”

Booia is nie die hoofkarakter in die boek nie, al kry ons in al ses die hoofstukke miskien iets van hom. Van 'n verhaal kan daar ook geen sprake wees nie. Nes in verskeie ander werke van hierdie skrywer tref ons 'n reeks sketse aan. Hulle verteenwoordig saamgeneem 'n stuk naturelle-lewe en dié word taamlik volledig gegee, al moes

die meeste lig uit die aard van die saak op seker gebeurtenisse val. Die naturelle-lewe vorm daarom die eenheid en die klein Booia is maar net die dun skakeltjie wat alles verenig. As 'n mens alles só beskou dan is Booia 'darems' 'n roman, maar dan is dit nie in die betekenis wat gewoonlik aan dié woord gegee word nie. Die boek eindig baie natuurlik waar Booia, Salina en Ou Rooi, 'n lewensfase afsluit.

In die begin van die boek verneem ons dat die kafferfamielie van Putfontein na hulle ou woonplek, Kromloop, wil trek. Hier moet Booia 'n jaar lank vir sy baas werk, maar in die tyd beleef hy allerhande ervarings by die naturelle-skool en in sy daaglikse werk saam met sy groot vriend, Sagrys, 'n vroeër toggenoot van sy vader. „Teameetings” word gereeld gehou en dié word uitstekend beskryf. Ou Rooi word later tot diaken benoem, maar die dag toe hy voorgestel moet word, is hy so dronk dat hy die plegtigheid nie kan bywoon nie. Die huwelik tussen sy dogter en Ou Basket wat die dag ingeseën sou word, vind ook nie plaas nie. Die aand is daar weer 'n „teameeting”, want alles is by voorbaat gereël. In die oploop wat later ontstaan, word die ontroue Basket deur die teleurgestelde meid dodelik gewond. Sagrys word gevang en Booia wat op die punt gestaan het om die skool by te woon, moet nou saam met sy ouers na Putfontein terugtrek, want die skande van die verlore diakenskap sal hulle hier nie oorleef nie.

Hier vind dus dinge plaas wat Jochem van Bruggen, die kopiërder van die daaglikse lewe, in sy volle krag kon vertoon. Dis onnodig om te sê dat hy van die geleentheid die volste gebruik gemaak het. Daar het vir die skrywer egter een groot gevaar in hierdie onderwerp geskuil en ek dink stellig dat hy dit ook as sodanig beskou het. Dis nl. die taal van die Kaffers. Hoe moes hy hulle laat praat? Hulle is bekeerde Kaffers, sogenaamde „makôlas” wat baie oorlams is. Hulle diens word blykbaar in die Kaffertaal gehou. Die boek is egter in Afrikaans en daarom moet hy hulle 'n soort Kaffer-Afrikaans laat gebruik.

Maar dis juis die moeilikheid: te plat kan dit nie wees nie, te hoogdrawend ook nie. Plek-plek kon hy die taal taamlik noukeurig weergee. Van sulke geleenthede moes hy die beste gebruik maak, want in die dialoog bereik Van Bruggen sy hoogste vlugte en kom die dramatiese die mooiste uit. Daar was dus gevaar dat die werk tweeslagtig sou wees en hieraan het die skrywer nie ontkom nie. Die „volk” praat van „meester”, „leeraart”, „moroetie” en „reverend”. Die eerste twee woorde pas hier nie heeltemal nie. Dis meer vanpas in Kleurling-taal.

Te hinderlik vind ek die taal soos dit nou is gelukkig nie. Vir die skrywer was dit seker baie lastig. Dit merk ’n mens in die dialoog en wanneer mymeringe (nie juis letterlik nie) gegee word. Hier is dit kort en kragtig, maar dikwels bietjie „hoog”. Die volgende paar sinne kan as voorbeeld dien van die gewone spreektaal: „Die nooi sal somar vir jou vat, want al die jong meide loop mos by die dorp”. „Môre die reën hy sal val”.

Die volgende is ’n deel van Jan Ballantoe, die leraar-onderwyser, se mymeringe en laat sommer sien hoe hy historiese sake vir sy eie doel verdraai:

Die groot kafferkaptein Dingaan het die boere verniel; hulle het somar aanmekaar dood gebly lê by die rivier; maar die boere het hulle land gevat, hierdie land ook, die boere het vir hom gevat. Eendag sal hulle weer die land terug kry, maar hulle moet net leer soos die witmense. Nou is hulle swart en die boere is wit, maar die siele, want almal is net eners, hy loop by die hemel of hy loop by die hel, somar gelyk, almal saam.

’n Mens twyfel ook of die skrywer hom oral in die Kaffer-siel ingeleef het. Op party plekke het hy dit meesterlik reggekry, veral waar hy hulle redenerings letterlik gee (tiepies is die omslagtigheid en beeldrykheid); op verskeie plekke weer voel die leser dat dit meer ’n toeskouer is wat die woord voer—dis nie genoeg beleef nie. Dit verstoort die objektiwiteit. Gelukkig behou die skrywer die ewewig, sodat ’n mens nie lang uitweidings kry waarteen beswaar gemaak kan word nie. Raak is egter iets soos die volgende:

„ . Ons wil weer die huis hê. Jy het mos laat weet ou-swaer dat die huis leeg is, nie waar nie?”

„Hy is leeg ja, maar ook nie leeg nie.”

„Ah ek sien! maar hy is darem leeg, en nou, wie bly binnekant?”

Hieruit blyk dat die skrywer die Kaffer ken. Hy het sy kunstenaarsintuïe oop gehou en hulle grondig waargeneem. Die „teameetings” word so goed beskryf dat die vermoede ’n mens bekruip dat Van Bruggen op ’n veilige afstand die Kaffers afgeloer en afgeluister het. Op sulke plekke het ons die kunstenaar in sy volle krag en lewer hy bladsye wat gelyk staan met sy beste werk. In realisme lê sy krag en hy het die slag om met ’n paar woorde te tower. Hier is hy onwillekeurig uiters geestig. Neem maar die volgende brokstukke waarin die lof van die bier besing word:

„Jy is somar nog dom, Booia, ek meen die lekker soos wat jy dink is nog nie die ding nie, die dagga ook, hy smaak baie sleg, maar jy wil vir hom hê, ek meen die kaffer hy wil doodgaan agter hom, hy roep die lekker binnekant die lyf.”

En effens verder:

„Hy loop, Booia, o ja, ek meen hy loop by die kop! Maar soos hy binnekant die kop is, hy bly nie allenig nie. Hy sê vir die moeilikheid gee pad hierso, en hy baklei met die bangeit, ek meen hy maak die kaffer sterk, hy maak hom malkop, ek meen hy sal somar enige ding doen; en agterna hy roep die vaak, laat jou kop kan rus.”

Ongelukkig kon ek hier nie die beste voorbeeld kies nie, want daarin kom ’n paar groot woorde voor. In die boek self gee hulle vir die leser wat die Kaffer ken geen aanstoot nie. Ek vrees egter dat die arme skrywer van seker kant weer aangeval sal word om die naturalistiese trekke in sy werk. Oneg sou dit egter gewees het as dit meer gekuis was. Ons moet mos die Naturel neem soos hy is, of hom laat staan.

Wonderlik is dit hoe geleerdheid, emansipasie, onsedelikheid, godsdienst en dranksug mekaar in hierdie boek afwissel. Bier, maar ook „kafferblits”, „tiermelk”, „perskebrandewyn” en selfs „lemoenbrandewyn” is verantwoordelik vir byna alles wat in die boek gebeur. Die beste dele is juis die beskrywing van die „teameetings” en hulle onvermydelike nasleep: die gerusie en gevegte. Dis hier waar die skrywer in ons letterkunde kop en skouers bokant ons ander prosaskrywers staan. In hierdie boek kom dit veral uit in die skepping van Rooi, ’n outa wat in ons letterkunde gaan leef. Hy is uiters verslaaf aan die drank en nou wil die moroetie hom as diaken hê. Hy het baie besware, maar dit geld sy krukkige knie en nie sy dranksug nie. Sy ou meid, wat uiters trots voel dat haar ou man diaken gaan word, waarsku hom: „Jy moenie so aanhou proe-proe nie.” En tog is die versoeking die dag wanneer hy voorgestel moet word so groot dat die „kafferblits” hom baie gou in ’n doodslaap het. Alles word in die werk gestel om hom voor die diens tot sy positiewe te bring, maar tevergeefs.

„Wees nou verstandig en kom met ons saam”, sê sy ou maat en nie lank daarna nie of die „roerloos beeld met star starende oë begloei deur wanhoopsgedagtes” sê:

„Wag eers, ou-broer!... Wag eers! Sê vir my: what is a noun?”

Ou Sagrys is uit die veld geslaan, maar omdat sy ou maat aanhou met sy vervelende vraag, kom hy tot besinning en dan antwoord hy soos hy dink, soos hy vanmelewe ook geleer het: „...a noun is the name of everything!”

Dis kostelik. Dink aan die kontraste: die diaken en die drank en die uitwerking van die onnasionale onderwys. Dis humor van die suiwerste water, maar dan moet daar by die leser die nodige meegevoel wees. Vir die meeste Afrikaans-lesende persone sal dit net ’n kostelike grap bly. Maar dis dan nie Van Bruggen se skuld nie.

Daar is verskeie sulke skitterende bladsye. Daar is, afgesien van die realistiese en lawaaierige slempartye, die

komiese ondervinding van Booia by die skool, maar veral geestig is die onortodokse eksegeese van Sagrys. Eers is dit oor die „tweede natuur” en later gaan dit oor „die skape en bokke”. Iemand moet werklik so droog wees soos ’n mieliestronk in Augustus as hy op sulke plekke dit nie uitskater van die lag nie. Dit laat baie dink aan die rede-neerdery oor die regte name wat Adam die esel en vark gegee het en die verwarring wat „bestuur” en „bestiering” in *Bywoners* veroorsaak. Die verwantskap duik orals op, al het ons hier met swart velle te doen.

Dis die moeite werd om ook die aandag by seker onderdele van die boek te bepaal, want niks is vir die skrywer te nietig nie. Hy is hier in sy volle krag. Al voel ’n mens dus nie tevrede met die boek as een groot eenheid nie, moet ’n mens se slotoordeel, juis om die geslaagde onderdele, so gunstig wees. Mooi word Jan Ballantoe en sy skool weer-gegee. Daarin troon hy met die kweperlat en nes ons „meesters” van ouds bou hy hierdeur ’n naam op. Die skool-kinders steur hulle egter nie meer hieraan nie, want hulle word dit gewoon. Mooi word die onnasionale in hulle onderwys uitgebring: eike dag word „God syf die king” uitgedreun en hulle dril in Engels. Nêrens sing die volk egter Engelse liedjies nie. Dis vir my weer ’n bewys van die tweeslagtige van ’n naturelle-onderwerp dat hulle by hulle „teameetings” gewone Afrikaanse liedjies sing. „Hiersy weer, hiersy weer met haar rooirok voor die deur” word deur die „baie oorlams” Ou Basket lustig gesing. Mis-kien doen hy dit alleen, want in ’n paar ander rympies neem hy ook die voortou, bv. „Krywewa die moer is los” waarop die Kaffers in koor antwoord: „Draai hom vas, draai hom vas!”

Op sulke plekke kom by die skrywer alles vanself, daar is geen prekerij oor die sedelike agteruitgang van die „volk” of die oppervlakkigheid van hulle godsdiens nie. Die kunstenaar skep net. Soms kan die skrywer darem die versoeking nie weerstaan om te generaliseer nie. Dit vorm knopperige plekke op die glad-gepleisterde mure van sy kunswerk. Neem maar die volgende: „Kaffer se kind

dink egter niks van groot afstande nie; dis van geslag tot geslag geërf om op die voete oor die weg te kom". En weer „die kaffernasie kan amper nooit genoeg bier suip nie". In verband met die kruiwa-deuntjie waarna hier bo verwys is, merk die skrywer ewe nugter op: „Baie lank sukkel hulle om so'n kruiwa se moer vas te kry". Dis die buitestaander wat so praat en nie die skeppende kunstenaar nie.

Booia, die Kaffertjie, word oor die algemeen goed geteken. Hy is die verstoteling, die „randeier van die huisgesin". Interessant is dit om te sien hoe hy by Sagrys ontdooi, maar die romantiese verering van die groot Kaffer lyk onnatuurlik.

Van Bruggen bereik soms baie deur 'n enkele beeld of vergelyking. Daardeur laat hy ons sien of hoor wat hy waargeneem het. In die skool word die lesse deur die hele klas en die onderwyser as 'n soort van voorsanger herhaal: „Die stem van Jan Ballantoe dreun altoos bo 'n sagte gebrom uit, soos 'n tor wat saam met 'n klompie bye in die vrugtelaning rondswerm". „...Ismael bring die úh .. úh... úh uit soos 'n hoenderhaan, wat vir die eerste keer uitvind dat hy ook kan kraai".

Ongelukkig is die taal van die boek nie goed versorg nie, veral die eerste helfte bevat allerhande foutjies. Uit die aangehaalde stukkies het dit al geblyk. Daar is „hol-rug dak" en nog verskeie sulke samestellings, „geslypte oorlams jong" is baie onmoontlik. Verder is dit „bo-land", „ou-swaar", „ah", „nê", „dê". Die skrywer hou verder baie van die toevoeging ou- by eiename. Dis „Ou-Rooi" en „Ou-Basket", maar „oom Rooi". Die koppelteken moet in sulke gevalle daar uit. Hier en daar tref 'n mens ook 'n woord wat verkeerd gebruik word soos „besorg" i.p.v. „versorg". Die woord „as" word ook nie goed gebruik nie. Soms beteken dit „toe": „Sy oë tintel by die aanskouing van die verwilderde osse, wat Sagrys uitkeer, as hulle om en om dam in dom astrantheid". Op ander plekke staan „as" vir „soos": „Die voorpunt knik reëlmatig op en af, as die kop van 'n stappende os".

Maar dis kleinigheidjies. Een ding staan vas en dit is dat Jochem van Bruggen ons letterkunde met 'n gawe kunswerk verryk het. In ons prosakuns is hy die liefdevolle uitbeelder van die armoedige lewes van die minderbevoorregtes of hulle nou wit of swart is.

G. C. EN S. B. HOBSON.

In 1930 is *Hans-die-Skipper* van dr. D. F. Malherbe en *Kees van die Kalaharie* deur G. C. en S. B. Hobson as die beste Afrikaanse prosawerke wat sedert 1928 verskyn het deur die Akademie met die Hertzog-prys bekroon. Dis merkwaardig dat die Hobsons se boek hierdie hoogste onderskeiding vir Afrikaanse outeurs waardig gekeur is, want dis een van hulle beginwerke en hulle was totnogtoe heeltemal onbekend. Verder is dit opmerklik dat die boek geskryf is deur twee persone van Engelse afkoms wie se huistaal Engels is. Dis ook iets besonders dat die boek gesamentlik voortgebring is. By wetenskaplike werk is samewerking van twee en meer persone nie seldsaam nie en daar kan geen botsing wees nie. Gevalle waar twee persone 'n belletristiese werk saam geskep het, is egter taamlik skaars. In die Nederlandse letterkunde het ons 'n paar mooi gevalle. Daar is vereers die vermaarde skryfsters van die 18e eeu, Betje Wolff en Agatha Deken, wat hulle romans in briefvorm en ander werk gesamentlik voortgebring het. Net so bekend en suksesvol is die egpaar C. en M. Scharren-Antink met hulle romans. Sover my bekend, het by ons nog net mnr. en mev. Reenen J. van Reenen 'n tiental jare gelede 'n paar kinderboeke saam uitgegee, maar wat die aard van hulle samewerking was, weet ek nie. Dit spreek daarom vanself dat elke liefhebber van kuns oor die algemeen en letterkunde in besonder graag wil weet hoe die Hobsons saamwerk en wat elkeen se aandeel aan 'n kunswerk is.

Afgesien van die dryfvere wat hulle besiel het, is daar iets besonder moois in die feit dat die Hobsons nie

Engels, die wêreldtaal, vir hulle kunswerke gebruik nie. Hulle bedien hulle van Afrikaans, 'n taal wat nie hulle eie is nie. Hulle wil deel hê aan die opbou van 'n jong letterkunde en meehelp waar 'n groot behoefte aan leesstof bestaan. Vorm dit 'n uitsondering in Suid-Afrika? Dit spreek vanself dat die Hobsons die Afrikaanssprekende medeburger goed verstaan, want hulle het met hom op die platteland en in die minder-beskaafde dele van ons land in aanraking gekom. Daarby het hulle hom van die kant benader waar hy hom die meeste gee nl. in sy geskrifte.

Hierdie skrywers hou niks van publisiteit nie. Hulle behoort egter nou aan ons letterkunde; daarin is hulle van ons belangrikste skeppers. Vir die Afrikaanssprekendes mag hulle daarom geen vreemdelinge bly nie.

Die ouer broer, S. B. Hobson, is in 1888 in Grahamstad gebore en die jonger een, Geo. C. Hobson, in 1890 op Graaff-Reinet. Hulle is die twee oudste seuns van wyle mnr. S. B. Hobson, 'n prominente boer uit Graaff-Reinet. Die grootste deel van hulle jeug het hulle in die Graaff-Reinetsse en Aberdeense distrikte geslyt en terwyl hulle huistaal Engels was, was hulle maters en bediendes Afrikaanssprekend. Op die manier het hulle Afrikaans deeglik leer praat. Op die plaas het hulle tot standerd IV privaat opleiding geniet, maar hulle was meer by die vee as by die boeke. Aangename afleiding het die baie jakkaise en bobbejane opgelewer, want die vee en ook die volstruisneste moes beskerm word. Meer as een Saterdag het die jongspan met die geweer in die veld, agter die rowers aan, deurgebring. So het hulle dié diere goed leer ken. In die Tweede Vryheidsoorlog het die mense geen gewere gehad nie en dit het die bobbejane gou agtergekom. Hulle het so astant geword dat hulle op 'n seker dag die honde gestorm en al om die stoep en die huis gejaag het. Die kinders was te bang om die deur vir die honde oop te maak.

So het hierdie seuns hulle feitlik in twee aparte wêrelde beweeg. In die huis was dit net Engels, maar wanneer hulle gesels oor wat daar buite is, het hulle dit in

Afrikaans gedoen. Seifs vandag gesels hulle by die bespreking van die vee, gesaaides en die weer met mekaar in Afrikaans—so 'n tweede natuur het dit geword.

Later is die seuns na die Muir-kollege in Uitenhage gestuur en hiervandaan is die oudste na die Rhodes-universiteitskollege op Grahamstad. In 1908 het hy die B.A.-graad met honneurs in die klassieke tale behaal. Onder prof. A. Dingemans het hy Nederlands bestudeer en die vak ook vir sy graad geneem. Toe was hy onderwyser aan die Hoërskool op Caledon en later prinsipaal van die Hoërskool op Franschhoek. Hy het sy M.A.-graad in die klassieke tale privaat behaal. Daarna is hy benoem tot inspekteur in die noord-weste van Kaapland; daaronder het Betsjoeanaland en die grensstreek van die Kalaharie geval. Hier was hy jarelank inspekteur. Daarvandaan is hy in dieselfde hoedanigheid na Grahamstad oorgeplaas.

Jarelank was Betsjoeanaland feitlik sy tuiste, want na die Driejarige Oorlog het sy vader na dié geweste getrek. Die streek kom baie ooreen met die Kalaharie en deurdat hulle verskeie kere vir besigheid en jag die land dieper in is, het hulle die Kalaharie uistekend leer ken. Dat daardie streek en die boerdery sy kinders met sy groot aantrekkingskrag blywend bekoor het, merk mens uit die volgende sin uit 'n privaat brief: "At heart we are farmers and of necessity do something else." Die oop en ongetemde Kalaharie het vir die broers nounog 'n groot bekoring.

S. B. Hobson het 'n halfdosyn jare gelede begin om Afrikaans te skryf. In Engels het hy nooit probeer nie.

In die eerste brief het hy my meegedeel dat dit moeilik is om presies te sê watter aandeel hy in die voortbring van hulle werk het. En verder: „Wat waar is van die een werklike geld miskien nie van die ander nie. Miskien sou die juiste beskrywing wees om te sê dat hy (sy broer) vir die idees sorg en ek op my manier vir die Afrikaans." In 'n later brief, toe ek net hierdie vraag alleen gestel het, is dit op die volgende wyse geformuleer: „Die inspirasie is

90 persent my broer s'n, die taal en styl myne. Ek het meerendeels oorvertel wat hy aan die hand gegee het."

Dit moet egter duidelik verstaan word dat die werk van die begin in Afrikaans geskryf word. Dis geen vertaalde werk nie. Wanneer die eerste kladskrif van die jonger broer na die ouer een gaan vir die omwerking in die finale vorm, kry die jonger een die voltooide MS. weer terug en gaan alles uiters krieties deur. Geen uitdrukking, vergelyking of woord word nie keer op keer geweeg om te sien of elkeen 'n taamlik noukeurige weergawe is van wat hy waargeneem en gevoel het nie. Ek mag hierby voeg dat ek hulle jongste MS. gesien het. Hulle taal is heeltemal goed. Selfs die mees krietiese persoon sal net hier en daar iets wil verander. Dink 'n mens aan Langenhoven se uitspraak: „Die laaste bobbejaan kan Duits of Frans of Engels of Grieks of Sesoetoe korrek skryf: maar die geleerdste man kan geen Afrikaans skryf wat 'n ander geleerde nie sal sê is verkeerd nie," dan is dit 'n pluimpie vir die skrywers. 'n Paar van die foutjies uit die eerste druk van *Kees van die Kalaharie* is in die tweede verbeter en in die jongste MS. kom dergelike foute nie voor nie. Dis die inspekteur-pedagoog wat hiervoor gesorg het.

In *Die Huisgenoot* het 'n hele paar stukke, veral sketse, van die ouer Hobson alleen verskyn bv. *Die kainingharde Hardepad*, *Die Sandpad*, ens.

Mnr. Geo. C. Hobson se loopbaan is ook interessant. Hy het nie soos sy broer 'n kans gehad om te gaan studeer nie. Sy vader kon dit nie bekostig om hom na 'n uniwersiteit te stuur nie. Nadat hy die Muir-kollege verlaat het, het hy tot in 1914 in Betsjoeanaland geboer. Van Augustus 1914 tot November 1917 het hy in Suid-Wes, Egipte en Frankryk geveg. In die Wêreldoorlog het hulle juis 'n broer in Oos-Afrika verloor. Volgens die jonger broer was hy die skranderste van die famielie wat uit vyf seuns bestaan het. In 1917 is Hobson op die staf van die Landboudepartement in Pretoria aangestel en was aan die hoof van die afdeling vir bestryding van sietruskanker. Daarna is hy aan die departement van Spoorweë geleen vir werk in

verband met dit uitvoer van vrugte. Van 1925 beklee hy 'n vername posiesie in die afdeling wat toesig hou op die uitvoer van vrugte. Hy woon in Kaapstad.

Hierdie gewese boer het die buite'lewe hartstogtelik lief; maar juis daarom voel hy so magteloos om die natuur en sy inwoners op koue papier reg te laat geskied. "A child of the veld I naturally love the very sticks and stones on it; its creatures, its moods in drought and in plenty." Hy hou van die droë streke, al het hy as boer kennis gemaak met die ellende wat aanhoudende droogtes veroorsaak.

Interessant is dit wat hy vertel van die doel waarom hulle skryf. As seun het hy baie van verhale gehou, daarom kan hy hom maklik in die posiesie van die kind verplaas. Wanneer hy rondreis is daar vir hom niks aangename nie as om die kleinspan om hom te versamel en hulle dierestories en ander verhale te vertel. Hy wil die jongspan aangenaam besig hou en bietjie afwisseling in hulle eentonige lewe bring. Dit stel hy as hoofdoel van al die werk wat hulle nog wil voortbring. Maar dit was nie die doel waarmee hulle begin skrywe het nie. In verband hiermee druk hy hom só uit: "I started to write during 1925, partly in an attempt to overcome a nervous breakdown due to the worry of persistent overwork and partly in an attempt to shake off a growing dislike of town-life."

Sy eerste stukke was in die Afrikaans soos hy dit in Graaff-Reinet leer praat het. Om hulle mense so lewendig en eg moontlik voor te stel, is die broers nie bang om die karakters hulle eie taal te laat praat nie. Ook in die spelling kom dit uit, al voel hulle dat dit met die oog op die skool maar die beste is om nie te baie streekwoorde en Kleurlingtaal te gebruik nie. Dat hulle hul hee'temal ingeleef het in die gees van die platteland blyk uit die volgende aanhaling uit dieselfde brief: "I find it extremely difficult to get the right atmosphere in English when dealing with our veld and its animals." Hy was egter nie tevrede met sy tegniek nie, daarom het hy en sy broer

besluit om saam te werk. Hulle werkmethode beskryf hy só: "I supply the material and he does the rest. My brother of course knows the veld as well as I do, perhaps better, as he is of a more practical turn of mind."

Hierdie aanhalings uit die broers se briewe, wat nie eers na oorleg met mekaar geskryf is nie, is van groot waarde om ons 'n duidelike opvatting van hulle werkmethode te laat kry.

Natuuriik sal alles wat hierbo gesê is nie in elke geval waar kan wees nie. Dit het die oudste broer ook gesê. In hulle jongste werk, *Op die Voorposte*, 'n historiese verhaal uit Betsjoeanaland se wêreld, was die jonger broer siek. Hy kon daarom nie soveel doen as in die vroeër werk nie. Hier is die aandeel van die ouer broer baie groter.

Kees van die Kalaharie is nie hulle eerste werk nie, want toe dit verskyn, had Longmans Green en Ko., Bepk., reeds die MS. van *Kalaharie-Kaskenades*. Ongelukkig is dit nie so bekend soos dit behoort te wees nie. Dis egter 'n boeiende kinderboek, waarin alierhande fantastiese verhale uit die lewe van diere gegee word. Die soort werk spreek tot die verbeelding van die kind en tog word alles vasgeknop aan die bekende diere. Die Boesmanmotiewe daarin is nuut.

Daarna het *Kees van die Kalaharie* en *Skankwan van die Duine* verskyn. Eersdaags verskyn *Op die Voorposte*. Ek is verder seker daarvan dat hierdie talentvolle vertellers nog meer in hulle portefeulje het.

Kees van die Kalaharie het in 'n vertaling van die jonger broer ook in Engels verskyn. Ook in hierdie vorm is dit gunstig beoordeel.

Die Hobsons het van die begin 'n hoë peil bereik. Van harte hoop 'n mens dat hulle ons letterkunde nog met verskeie werke sal verryk. Dank sy hulle toedoen is die Kalaharie een van die streke van ons land wat in ons letterkunde gaan „leef". Min van ons skrywers het hulle streek so mooi uitgebeeld. In sy verlatenheid, in sy ellende en in sy stofstorms het hulle skoonheid gesien. Hulle

laat dink aan Leipoldt met sy liefde vir die „vaal ou Karoland“, Sangiro die verheerliker van Oos-Afrika en sy diereweelde, Malherbe wat die Westelike Provinsie laat leef en De Roubaix met sy Boesmanland.

KEES VAN DIE KALAHARIE.

Dis opvallend hoe min boeke ons in Afrikaans het wat die dierewêreld as onderwerp kies. *Uit Oerwoud en Vlake* van Sangiro is die eerste. Ook in *Op Safari* van dieselfde skrywer word die Oos-Afrikaanse natuur en die diererykdom behandel. Volledigheidshalwe kan *Voor-trekkerslewe in donker Afrika* nog genoem word, maar die werk besit hoegenaamd geen kunswaarde nie.

Nou het gelukkig 'n ander verdienstelike werk oor ons wilde diere verskyn nl. *Kees van die Kalaharie*. In *Die Huisgenoot*, waar dit as vervolggerhaal verskyn het, het dit dadelik die aandag getrek en 'n hernieude kennis-making het nog meer skoonhede uitbring.

In die eerste stuk word die lotgevalle van Kees, 'n bobbejaan, gegee en in die tweede dié van Kloes, 'n jakkals-mannetjie. In elkeen is daar 'n soort verhaal, waardeur die lotgevalle van die held aanmekaar geryg word, maar tegelykertyd maak 'n mens met 'n groot verskeidenheid diere kennis. In die eerste stuk leer 'n mens die luiperd ook deeglik ken. Dis 'n groot deel uit sy lewe wat daarin weergegee word, want hy is die gedugte teenstander van die bobbejane. Die rooijakkals kom in die eerste stuk ook taamlik baie voor. Dit laat 'n mens selfs die indruk kry dat die skrywers oorpronklik nie van plan was om die lotgevalle van dié diertjie in 'n afsonderlike stuk te behandel nie.

In die eerste stuk word alle aandag nie net op Kees gekonsentreer nie, maar die meeste gebeurtenisse staan in een of ander verband met hom. Eers sien ons hom onder sy trop bobbejane wat deur die luiperds gedurig lastig geval word: hy lei hulle nou weg van die groot gevaar in die

berge na die woestynstreek. Ongelukkig is hy die vorige nag in die spokery met die ondier beseer en hy vlug nou van die trop, want die oorwonne leier vind geen genade nie. Later kom 'n verdwaalde bobbejaantjie met wie ons in die begin al kennis gemaak het by hom uit en die twee leef op 'n manier saam, al wil ou Kees wat afsondering soek in die begin niks met die kleintjie te doen hê nie. Hulle bly 'n paar jaar egter saam en toe ou Kees herstel het en weer sterk voel, word die verlange na die geliefde Korannaberge vir hom te veel.

Kees kom onder dramatiese omstandighede by sy vroeër trop aan. Hy en Adoons het naamlik vir 'n luislang geskrik en elkeen het sommer blindelings sy eie koers gevat. Dié aand kom Kees tydens 'n hewige storm by sy ou tuiste. Slaap kan hy nie en onder die soekery na die trop loop hy en 'n luiperd die volgende more vroeg op die lys van 'n krans teen mekaar vas. Hulle spring na mekaar en stort die krans af. Die luiperd val hom dood, maar ou Kees se val word gelukkig deur 'n boom gebreek. Hy is egter bedwelmd, maar kom gou reg en storm dan soos 'n tweede Don Kwisjot die dooi liggaam van die luiperd. Dié manhaftigheid verhoog sy prestiege en kort daarna verslaan hy die leier van die bobbejane en kan hy sy bevele weer ewe hoogmoedig aan die ander uitskree. Komies is dit, maar dit verhoog die spanning, waar ou Kees hom die eerste middag na die rustelose nag al verslaap. Gelukkig word hy gou wakker en beveel sy trop na die geliefkoosde skuilplek.

Hier is vir my iets onnatuurliks: Kees, wat al leier was, het 'n paar jaar van die trop geboer en tog is hy ná die tyd nog sterk genoeg om die jonger leier 'n pak te gee. Ontmoonlik is dit natuurlik nie, maar is 'n twee, drie jaar nie betreklik lank in die lewe van 'n bobbejaan nie?

Die tweede stuk gec die lotgevalle van Kloes, die jakkals. In die begin word hy deur Kariyntjie gelok en nadat hy al die ander „kêrels” verslaan het, woon hy en Kariyntjie saam. Ons tref hulle aan op hulle omswerwings, hoe hulle moet rondval en planne-maak om kos in hande

te kry, hoe hulle later hulle kleintjies versorg. Hulle be-leef awonture met wolwe, ander jakkalse, luiperds, slange en op die tsamaveld word hulle deur storms oorval. Die wyfie word later deur 'n slang gepik en terwyl sy weke-lank siek is, moet Kloes vir haar en die kleintjies sorg. Soms gaan dit uiters swaar om kos te bemagtig, maar hy volhard en doen wat van hom verwag kan word. Hy bring sy gesin veilig deur die ellende, maar kort daarna vang 'n lammervanger een kleintjie. Eindelik word Kar-lyntjie in 'n geveg met 'n luiperd, waarin die onbaatsug-tige moeder haar kleintjies te hulp snel, saam met 'n ander kleintjie dood maak. Kloes en sy oorgeblewe seun trek dan verder, maar die lokgeroep van 'n wyfie is oorsaak dat die jong mannetjie wegspring, haar agterna, en Kloes bly alleen oor.

Die blote verhale is al interessant. Dis bekwaam vertel. Ons leef innig saam met ou Kees en kry hom jammer as hy weens sy besering so moet sukkel. Saam met hom juig ons wanneer hy aan die end ewe manhaftig op die dooi luiperd spring en kort daarna die vorige leier verjaag. Ook die slinkse Kloes en Karlyntjie kry ons lief, omdat hulle, nes die beroemde Vos Reynaerde van die Middeleeue, altyd 'n plan maak en die skynbaar onoor-komelike moeilikhede oorwin. Kloes wek ons bewonde-ring deur sy selfopoffering in belang van sy famielie. Al die gebeurtenisse wat in hierdie werk behandel word, laat die diere van hulle natuurlike en daarom van hulle beste kant sien. Uit hulle standpunt was hulle ontberings die pen van 'n bekwame kunstenaar werd.

Dit was die skrywers te doen om 'n groot stuk diere-lewe uit die Groot- maar veral Klein-Kalaharie te gee. Hierin het hulle uitstekend geslaag. Hulle gee reekse lewen-de beelde uit die woestyn-wêreld en elke keer sien ons alles voor ons oë, bv. die vegtende gensbokke, die gensbok wat deur die wildehonde neergetrek word, die spelende bob-bejaantjies, die klein luiperdjies, ens. So leef die tsama-veld met sy magdom van diere en oral is die oorlog ver-klaar tussen die grasvretendes en vleisetendes, en ook tussen

die vleisetendes onderling. Mooi kom die gedurige stryd om die bestaan uit.

Ek glo nie dat Sangiro se werk baie invloed op hierdie skrywers uitgeoefen het nie. Dit mag hulle net aangemoedig het om die lotgevalle van die diere en die streek waarmee hulle vertrou is te behandel, maar na-apery het dit stellig nie geword nie. Wat hulle gee is eg en hulle doen dit op hulle eie manier. Sangiro voer mee deurdat hy hom in die koninklike diere se standpunt verplaas: dis die leeu, die renoster, die seekoei, ens. Hy probeer die sielkunde van die diere gee, maar die menslike kan hy nie heeltemal aflê nie. Baie keer word die dieresielkunde deur menslike opvattings gekleur. Daar word ook af en toe 'n flinke preek afgesteek. Kortom: die mens loer soms om die hoek. Sangiro se werk word verder deur sy forsq. beeldende styl gedra. Hy voer daardeur mee.

Die Hobsons ken die dierewêreld deur-en-deur, maar hulle soek nie na die menslike in die diere nie. Hulle word veral deur die werklikheid aangetrek. Die kleiner diere word gegee soos hulle is en is nie geïdealiseer nie. Die skrywers behandel die lotgevalle van die kleiner diertjies, daarom is hulle werk minder groots. Ek glo nie dat hulle minder fantasie het nie. Dis net 'n liefdevolle uitbeelding van die kleine, die skynbaar nietige, wat tog net so interessant is as die groot diere, al dring die kleiner diere hulle minder aan ons op. Die taal is eenvoudig en pas by die onderwerp. Nêrens word 'n poging gewaag om grootse vlugte te neem nie. Dit sou nie by die jakkals en die bobbejaan, die sluwe en nie juis sterke diere gepas het nie. Deur 'n raak woord hier en daar, deur 'n mooi beeld, deur 'n enkele trekkie van die natuur te gee om so die nodige stemming te wek, bring die Hobsons die leser waar hulle hom wil hê. Aan die end lê ons die boek neer met 'n tevrede gevoel dat dit so kón gebeur het. Kortom: die klein diere is in die werk groot op die gebied waarop 'n klein diere groot kan wees.

Nooit word die skrywers verlei om lank by die natuur stil te staan nie. Net 'n tiperende trekkie hier en 'n beeldjie daar en die leser is in die atmosfeer van die

streek. Nêrens is dit om die natuur as sodanig te doen nie. Neem maar die volgende:

Die son gaan rooi onder. Dwarrelwinde begin een na die ander in die vlakte op te warrel, 'n warm rukwind kom uit die weste aangewaaï. Daarna 'n oomblik windstilte, bedrukkend, benoud.

Net die orkaan uit die weste, wat in die Kalaharie vreeslik kan woed, word uitvoeriger beskryf. Wat 'n geleentheid is soiets vir die fors beeldende kunstenaar nie! Hier is dit die skrywers meer te doen om die lotgevalle van die diere, veral van die bobbejaan en jakkals, onder sulke omstandighede te gee. Op die manier sien 'n mens die gevolge van die storm beter. Die eenheid word so bewaar, want die diere bly hoofsaak.

Hier en daar kry ek die indruk dat die skrywers iets nie uitvoerig genoeg gee nie. Nie dat ek die omsiagtige aanbeveel nie, maar as daar net iets gekonstateer word, voel die leser asof die skrywers dit nie waargeneem het nie, anders sou hulle meer gegee het. Dis te saaklik. Waar hulle effens uitvoeriger is, is hulle op hulle beste. Die leser kry dan nie die indruk dat dít sketsmatig is nie. Origenes word veral op die verhaal gekonsentreer en die is boeiend met die nodige vooruitgang. Die gewone leser sal die bondigheid hiervan juis as 'n groot deug beskou.

Die geluide van die diere het die skrywers goed beluister. Hulle verstaan haarfyn wanneer die bobbejane net gesels, wanneer hulle mekaar uitdaag, of mekaar waarsku, ens. Veral die jong diertjies word met liefde uitgebeeld. Oral kom hulle spelerigheid uit bv. by die bobbejaantjies en jakkalsies, wat selfs onder die gevaarlikste omstandighede maar net wil speel. Mooi kom die kontras uit waar aan die een kant die spelende en vegtende jakkalsies gegee word en aan die ander die siek moeder, wat hulle nou nie in die veilige gat kan knor nie.

Dit alles dra die spore van egtheid. As dit nie alles waargeneem is nie, dan het die verbeelding van die skrywers dit besonder talentvol aangevul.

In die tegniek het iets my, veral in die eerste verhaal, gehinder. Hier word vertel en beskryf en die leser word heerlik meegevoer, maar skielik word dan alierhande beskouings ingelas. Dit breek die eenheid en versteur die atmosfeer. Dis dan nie uitbeelding nie, maar generalisasies. Die skrywers deel dan kennis mee. Op sigself mag alles waar wees en dis stellig interessant, maar dit verraaï in 'n kunswerk slegte boukuns. Neem bv. die volgende: „maar 'n moeder-bobbejaan, veral as haar babetjie klein is, is alte geneig om haastig te handel.” En weer: „Teen so'n aanval is geen bobbejaan bestand nie .” So vind en af en toe „kraakplekkies” in die mooi gebou.

Daar is verskeie welgeslaagde bladsye. Dikwels is die diere in hulle optrede teenoor mekaar doodernstig, maar die leser sien dan die grootdoenerigheid raak en vir hom is dit uiters geestig. Bladsy 22 en die volgende waar die „kandidaat-stanery” van die bobbejaan beskryf word, is kostelik. Ons sien alles soos dit daar op die bultjie gebeur, terwyl die ander bobbejane toekyk. Eers is dit die stywe-been-stappery al nader en nader na mekaar totdat die twee opponente teen mekaar skuur; dan breek die geveg los wat deur die wreedheid daarvan nie lank duur nie. Die leierskap is dan tot die volgende kandidaatstanery verseker. Die geestigheid lê daarin dat dit met die menslike aktiwiteite saamgekoppel word.

Besonder interessant het ek die maatsoekery van Kloes gevind. Dis geheime van die natuur wat die skrywers hier ontsluit en 'n mens voel dat die ewige wet van „die stryd om die bestaan” ook in hierdie hofmakery in vervulling tree. Dis iets wat 'n mens dwarsdeur die boek aantref. In die diereryk is die leuse: „Bly onderkant die wind” en 'n mens sien keer op keer wat die gevolge is as hierdie voorsorgmaatreël nie geneem word nie. Die een dier teer mos op die ander. Dis die ryk waarin mag reg is. Dis die tragiese element in die dierewêreld, want byna almal sterf 'n gewelddadige dood. In Sangiro se klassieke leeu-geskiedenis kom dit ook uit.

Soms probeer die kleiner diere, bv. die slim jakkals, die sterker diere uitoorlê. Dan kan hy verrassende manewers uithaal. Op dié wyse alleen kan hy bestaan en vermenigvuldig. Dis sy „verstand” of „instink” wat hom oorwinnings op die sterker maar dommer diere laat behaal. Letterlik word die ou spreuk hier bewaarheid: „Wie nie sterk is nie moet slim wees.”

Uitstekend kom die skrywer se liefde vir die Kalaharie uit. Of dit nou sy droogte, sy sand, sy storms. of sy diere is, oral word dit deur die waas van liefde, wat oor alles gesprei is, verheerlik.

Goeie effekte word soms met 'n eenvoudige woord of samestelling bereik, bv. „die skewe draf wat die dikgevrete jakkals eie is”, „die gedreun van die kloutjies” toe die luiperd in die bokkraal spring. By die beskrywing van die hiëna word van sy oë gesê: „Dit lyk of die ou oor 'n bril probeer kyk.” Die kleiner jakkalsies „val-val” om weg te kom, ens.

Mooi word Kloes se *via dolorosa* van bladsy 132 af gegee. Sy pote is al deurgeloop, maar wat aanhou om vir sy siek wyfie en kleintjies kos te soek, is hy. Pateties word die end van Karlyntjie en haar kleintjies op bl. 146 gesuggereer.

Naas al hierdie skoonheid wat elke leser sal tref, is hier en daar iets wat vir my minder mooi is. Gedurig word vertel hoedat die bobbejane en selfs die korhane „uitskel”. Vir 'n enkele keer is dit treffend, maar naderhand ont-aard dit in 'n maniertjie. Dit geld ook vir die uitdrukking: hy „stort die geluid op die nagwind uit”. Dit kom herhaalde kere voor. „So gou soos nou”, 'n geveg „van die ander wêreld” word ook baie gebruik. Dis 'n bekende Afrikaanse frase, maar deur sy algemeenheid sê hy in sulke gevalle te min.

Vreemd vind ek die gebruik van „hom neerhurk” op verskeie plekke in sinne soos: „Hy gaan hom ewe statig op 'n kliprots neerhurk.” Ek ken nie die gebruik van die refleksief „hom” saam met neerhurk nie. Vir my lyk dit na 'n geval van kontaminasie.

Dit neem egter nie weg dat ons hier te doen het met 'n werkie waardeur ons letterkunde verryk is nie. Vir *Kees van die Kalaharie* voorspel ek 'n skitterende toekoms.

Die waarde van die boek word verhoog deur wit en swart tekeninge van die bekende skilder, Timlin. 'n Mens erken in hulle die hand van die kunstenaar. Alleen Kees, voor in die boek, bevredig my nie. Vir die kommandant en leier van die trop lyk hy te wollerig, te vaak en nie trots en uitdagend genoeg nie.

SKANKWAN VAN DIE DUINE.

By die bespreking van 'n kunswerk soos hierdie bestaan die gevaar dat die krietikus te geesdriftig word, maar dan is dit sommer die hoogste kompliment vir die werk. Daar verskyn dan ook min sulke boeke in ons taal en dis m.i. 'n werk wat vir die meeste letterkundiges ter wêreld 'n welkome bydrae sou wees.

Die boek is so modern as maar kan kom. In Holland is die jong, maar belese krietisie vandag daarop uit om in kunswerke die deugde aan te prys wat in hierdie werk in groot mate aangetref word. Daar is die raak woord, die veelseggende suggestiewe beeld, die egtheid en saaklikheid. Allerhande opsmuk en leegheid is hier nie aanwesig nie. Die kunstenaars spreek hulle uit oor die lewe van hulle held, 'n mens maak met hom kennis en sien hom daar voor die geestesoog leef. Wat kan 'n mens meer in 'n kunswerk verwag? Dit toon maar weer dat daar in die beste letterkundige produkte van verskillende lande 'n groot ooreenkoms is tussen die kenmerkende eienskappe van 'n kunswerk. Dis die blywende in elke werk en dié is nie aan modes en grilletjies onderhewig nie.

In ons letterkunde is die Hobson-broers gunstig bekend. Dis 'n groot eer dat hulle eersteling, *Kees van die Kalaharie*, deur die Akademie bekroon is. Vandag word algemeen aangeneem dat dit 'n gawe kunswerk is. Maar ek twyfel nie daaraan dat die liefhebbers van daardie werk ook baie van *Skankwan van die Duine* sal hou nie, party miskien nog meer van hierdie tweede boek. Oor die algemeen sal dit van die onderskeie onderwerpe, wat in die

werke behandel word, afhang. In die eerste werk word die lotgevalle van die bobbejaan en jakkals weergegee, maar ons maak ook kennis met die meeste van die ander Kalaharie-bewoners. In die nuwe boek is dit die wederwaardighede van 'n Boesman en sy famielie wat die kern van die werk vorm. Natuurlik is 'n wilde Boesman ondenkbaar sonder die wild, maar dié is hier nie hoofsaak nie. Verder was dit die skrywer te doen om 'n effens romantiese verhaal uit die lotgevalle van die jong Boesmantjie te skep. Ons maak met hom en sy famielie eers kennis toe hy ongeveer tien jaar is en leef met hom saam totdat hy 'n lewensmaat gevind het. Maar gedurende hierdie tyd moes hy allerhande ervarings opdoen, want sy ouers het hy gou verloor en toe moes hy heeltemal vir homself sorg. Die woestynskaarste het alou sy vernuf geskerp.

In *Kees van die Kalaharie* het ons feitlik net met diere te doen, in *Skankwan van die Duine* met die primitiewe mens. Oor die algemeen sal die leser meer van diere hou soos hulle in hulle natuurstaat gegee word, en daarom sal hy die voorkeur gee aan die eerste werk. Alles saamge neem, dink ek dan ook dat *Skankwan* nie so goed is as die eerste nie. Dit lê miskien aan die verhaal. Dis wel waar dat die Hobsons in die werk niks gee wat onmoontlik is om hulle held uit sy gevare en moeilikhede te red nie, maar 'n mens voel darem dat sy wederwaardighede taamlik afwisselend is—te afwisselend vir die deursnee-Boesman. Daarby word Marak darem te censydig skurkagtig voorgestel. Ek wonder wat sy uiterlik gesuggereer het. Miskien het die skrywers ook te haastig oor die middelste deel van die werk gegaan. 'n Paar hoofstukke meer oor die lewe van hierdie woestynbewoners aan die hand van Skankwan se ondervindings sou ons 'n duideliker beeld van die held en sy mense gegee het. Hierdie werk lyk ryper; die skrywers het die tegniek meer onder die knie as in die eerste werk. Hy is 'n voldrae kunswerk. Daarby bly hy byna van die begin tot die end op dieselfde hoogte, al is die hoogtepunt in die eerste werk hoër as dié in hierdie een. Net so hier en daar voel 'n mens asof daar 'n insin-

king gaan kom. Dan word die simpatieke leser effens onrustig, maar onverwags word hy weer meegevoer en was die verwagte daling gelukkig nie daar nie. Op sulke plekke geld dit altyd die verhaal.

Die hele boek is direk op die man af. Sommer so ongemerk sonder merkbare inspanning gaan die skrywers met die werk aan, maar juis omdat elke woord op sy regte plek en daarby die allerbeste een gekies is, boei dit. Verbasend baie word met die eenvoudigste alledaagse woorde bereik. Juis daarom gee die werk soveel genot. Hy is verder van so'n aard dat hy die fynproewer sowel as die gewone leser bekoor. Hier het ons trouens 'n aanskouingsles dat 'n mens nie opsetlik hoef af te daal om 'n werk te kan voortbring wat die „volk” as 'n geheel sal waardeer nie. Die Hobsons bly net hulleself getrou. Hulle uitgesproke doel is om vir jongmense iets voort te bring, om by hulle leeslus te wek, maar 'n mens kan hulle verseker dat hulle met hul kunswerke baie meer as dit bereik: hulle bekoor byna elke Afrikaanse leser.

Die skrywers ken die Kalaharie en het hom lief in al sy nukke. Met 'n kunstenaarsoog het hulle hom in sy weelde gesien wanneer die sandveld een wildkraal is, maar ook in sy ellende, wanneer die meedoënlose westewind waai, of die son die bas van die bome brand en daar geen groen grassprietjie te bespeur is nie. Nêrens word die beskrywings egter hoofsaak nie, daarom is die bou van die werk so goed. Al was 'n mens nog nooit in daardie streek nie, tog voel hy sommer dat daardie wêreld net so moet wees. Hierdie hoogtepunt bereik die skrywers soms net deur 'n enkele woord, 'n enkele beeld, of 'n enkele sin. Soos in beeldhouwerk staan dit daar voor 'n mens, maar op heterdaad betrap en in volle aksie. Die Hobsons dink daarom in beelde, maar hulle slaag op meesterlike wyse daarin om hulle voorstellings, daardie rolprent wat hulle voor hulle sien, in woorde vas te lê. Alleen waaragtige kunstenaars kan dit regkry.

Hoe raak is bv. die volgende nie: „sy hande om sy mond gekring...”, „die rokies skaars sigbaar in die hitte”,

„sny die tsamas kop-af”, „’n wapad van ’n sleepsels”, „soek ’n lekkerder lê”, „’n gaatjie rooi deur die wit van die as”. „Om en om ’n digte doringrige haak-en-steek stap die dikgevrete Boesmantjie soos ’n hoender met kop gekantel na slaapplek en soek, en mik-mik om in die boom te klim.” Daar is dosyne sulke realistiese trekkies wat deur ’n eie siening tref. Nêrens kry die leser die indruk dat hulle na dergelike dinge moes soek nie, al weet ek toevallig dat hulle nie met die eerste die beste inval tevrede was nie. Maar neem ’n groter brokstuk soos die volgende somer in die begin van die boek:

In die windstilte waar die doringveld doodloop, bak die son vanmiddag dat die voëltjies met oop vlerke in die koelte sit en gaap. Op die verre vlaktes styg en daal die lappe-lappe vaalbos duiselingwekkend in die hitte, en dryf die kameelreuse, ver bokant in die opgeefsel afgespieël, statig heen en weer, hul takstamme wyd uitgestrek soos die vangarms van gedrogte uit die ou tyd, wat monsteragtig voel-voel deur die mistige deinsingheid van die vlakte benede. Die woestyn lê snikheet en bak.

Dit sou ’n mens maar net ’n monster van die werk kan noem, want ek het dosyne sulke plekke gemerk.

Soos reeds aangedui gee die verhaal net die lotgevalle van ’n Boesman en sy famielie. ’n Wonderlike storie is dit stellig nie, al word daar spannende awonture beleef, maar dit ryg die reeks netjiese sketse uit die Boesman-lewe aanmekaar en gee ons ’n indruk van die wisselende lotgevalle van die onbeskaafde wêreld. Daar is vooruitgang, maar veral word baie aandag aan die omgewing en die gewoontes van die Boesman—daardie Ismael van die natuurvolke—gewy. Hy word geteken in sy bygeloof, sy vrees vir die weerlig en die „weerligvoël”, sy bewonderenswaardige kennis van die diere, sy talent om ’n spoor te volg, sy taaiheid en uithou-vermoë, hulle feesviering en danspartye wanneer kos volop is—selfs verskeie danspassies word beskryf. Die skrywers leef hulle in die gedagte-wêreld van daardie skepseltjie uitstekend in. Kortom:

hulle word menslik voorgestel. Miskien sal die leser meer „sielkundige” uitbeelding en diepte hier wou gehad het, maar dan sou die skrywers dit blykbaar uit hulle duim moes gesuig het en dan was dit nie meer Boesmans wat in hulle werk leef nie. Nou is die dier-mense juis so natuurlik. Die hele werk laat in die aksie dikwels aan die Boesmanskuns dink. 'n Mens kry die indruk dat alles uit die eerste hand is, of opgebou en aangevul deur deeglike kenners van daardie ras. Die outeurs gee verbasend baie wetenswaardighede in verband met die Boesmans, maar gelukkig het dit geen geleerde verhandeling geword nie. Die egte, bloedwarne Boesmanmens word gegee. Daarby word die indruk op verskeie plekke in die boek gewek asof die skrywers geskiedenis gee. Hulle kan kamma nie verklaar waarom die held so of so gehandel het nie. Daardeur word die illusie van egtheid uitstekend gewek.

Die boek bevat 'n hele paar tekeninge deur Napier Kuys. Oor hulle kan ek nie geesdriftig wees nie. Die diere word oor die algemeen nie sleg weergegee nie. Ek dink veral aan die springbokke teenoor bladsy 24, maar die Boesmans word vir my te karikatuuragtig en onproportioneel geteken. My voorstelling van daardie menseras is anders.

C. M. VAN DEN HEEVER.

DROOGTE.

Dis verblydend dat daar reeds 'n paar jonger skrywers vorentoegekom het om die plek van die ouer Afrikaanse kunstenaars in te neem. Op die gebied van poësie is dit nog nie so merkbaar nie, wél op die van prosa. So 'n prosaskrywer is C. M. van den Heever. Nog meer verblydend is dit dat hy nie op die oopgetrapte paadjies van die Europese romanskrywers aanhou nie, maar 'n eie weg inslaan. In sy werk kom die plaaslewe meer en meer tot sy reg. Só moet dit wees: die meeste skrywers is mos plaasseuns en dit pas hulle om in hulle kuns die plaaslewe, soos dit in die loop van die jare geïdealiseer is, te herskep. Totnogtoe is die soort werk deurtrek van 'n somber stemming en hierdie swartgalligheid word dikwels as 'n beskuldiging teen ons kuns ingebring, maar eers moet hierdie drukkende leed weggewerk word, voordat die skrywers hulle na die hoogtepunte van geluk kan begeef. Ons mense moes nog altyd veg teen wilde diere, barbare, die elemente, peste en teen ander blankes. Vreemd is dit daarom nie dat die naweë hiervan in ons kuns aangetref word nie.

Dit moes sy spore op die geaardheid van die Afrikaner nalaat. Maar die blye lag sal nog kom. Dit moet die jongeres bring—die geslag wat in en met hulle eie taal opgevoed is.

Droogte is 'n roman wat ons prosakuns onteenseglik verryk. Toevallig het ek net na hierdie boek 'n werk

van 'n Nederlandse skrywer gelees, wat onlangs bekroon is. Die krietisie het net lof vir daardie werk en tog moet ek eerlik erken dat *Droogte* 'n gawer kunswerk is. Daar word die plastiek geroem en hier is dit volop. Dis stellig iets om ons dankbaar te stem.

Die boek behandel die lotgevalle van 'n boerefamelië êrens in die Vrystaat. Daar is 'n paar broers en elkeen sit op die stukkie grond waarin die betreklik groot plaas gesny is. Die droogte druk swaar op hulle. Die veld is weggevrete en die water het in die dammetjies onrusbarend gesink. Die vee gaan by tientalle dood en al die broers, behalwe een, voel die armblankedom hulle in die gesig staan. Die welgestelde broer is weer van plan om hulle uit te werk: hy wil die hele plaas hê soos sy vader dit besit het. Die deurmekaariopery van die skape en deurmekaarboerdery met die waters vererg hom elke dag meer. Sy doofstom broer is sy skaapwagter en die arme man word dikwels mishandel. Geleidelik begin hy 'n wrok teen sy bevoorregte broer te koester. Ons leer die verskillende broers ken in hulle ellende, hulle onderlinge kleinlike rusies, hulle huislike sorges, maar ook in hulle skaarse vreugde, wanneer hulle soos vanouds gaan visvang. Die oudste broer raak uit sy grondjie en toe die welgestelde een meen dat sy planne bokant verwagting slaag, word hy deur sy doofstom broer vermoor.

Deur hierdie geskiedenis word die huweliksverhaal van die plaasonderwyser, wat met 'n progressiewe Johannesburgse nooi getroud is, geteken. Hy wy al sy vrye tyd aan studie om verder te kan kom, maar verwaarloos sy vrou, sodat sy meer en meer 'n senuweewrak word. Die onverwagte moord op die plaas laat haar 'n toeval kry. Deur haar ernstige siekte besef die man dat hy sy plig teenoor haar nie nagekom het nie. Aan die end van die boek sien ons die paartjie vergoed die plaas verlaat, terwyl die uitgeboerde broers op die spoorweg werk. En nou na al die ellende kom die heerlike reëns. Maar die broers besef dat hulle ook geestelike droogte gely het.

In sy beginwerk het Van den Heever die tegniek van D. F. Malherbe, sy leermeester, gevolg. Nou staan hy heeltemal op eie bene, al laat die gedig heefvoor in die boek nog aan *Die Meulenaar* dink. Hier word een koeplet oorskryf, want dit bring die liefde van die skrywer vir sy streek mooi uit:

Daar lok my gedurig die vlakke,
 een droë, verlate stuk land,
 waar die voetstappe kraak oor die bossies
 of suisende gaan deur die sand;
 waar die hitteglans weeg op die velde,
 waar die skaaptroppe trek na die blou
 wat wasig verkwyn in die verte,
 en die landskap herinnering hou.

Uit die hele gedig spreek liefde en heimwee, en herinnerings word gewek, waar die skrywer in die verre Amsterdam in gedagte besig is om sy ervarings in sy wêreld te deurleef.

Droogte is voor alles 'n realistiese werk—hier en daar selfs met 'n tikkie naturalisme, maar nie in die populêre slegte betekenis nie. Hoe leef die volgende stukkie nie? Ons sien alles:

Sy pakkie klere is vaal van al die uitwas, sy kakiehempie het wit vlekke op en laat sy rooi plooiërige keel heeltemal uitkom tot op die kuiltjie, waar die son hom rooigebrand het. Sy velskoene, effens skeefgetrap, het hyself so sonder fatsoen en lelik gemaak. Deur sy hoed se bol is 'n riempie geryg en die rand vertoon plek-plek swart kolle. 'n Haasstert pronk spierwit aan die kant en die fyn haartjies daarvan voel bewerig as 'n asem-sagte veldwindjie vir 'n oomblik die roerloos gloeiende sonhitte verdrywe.

Ja, die skrywer het gesien, goed gesien en hy laat ons ook sien, omdat hy ons eie ervarings voor ons verbeelding met sy magiese woorde oproep: hy laat ons sy kunswerk in terme van ons eie verlede vertolk. Die hele plaas en al die assosiasies daaraan verbonde word voor ons oë beleef.

Die skrywer het 'n eie siening en segging; hy besit styl. Gelukkig vermoei hy ons nie deur die uitstalling van mooi beelde wat hier minder van pas is nie. Dis nie mooiskrywery nie, maar dit pas in die werk en is eg, daarom is dit mooi. Ek sou 'n paar bladsye kon vul met 'n bloemlesing van mooi segswyses uit hierdie boek. Selde is een vérgesog; hulle pas almal by die onderwerp wat behandel word. Neem maar net die volgende wat byna voor-die-voet gekies word: „bak-warm son'', „rooi deurskynende ore'' van die haas, „druppeltjies water ketting van hulle (die skape se) lippe af'', die man „kou met klappende mond'' aan die „knopperige vyewortel'', „toe die laaste skaap langs die ander ingedruk is in die stampvol kraal, waar rugge soos geryste beskuit in 'n pan staan...'', „die geselskap is soos leiwatër wat nie weg kan kom nie'' ens.

'n Goeie indruk kry ons van die historiese plaas met sy bewoners. Dis waar, al die mense is nie ewe duidelik geteken nie, maar dit was hier nie nodig nie. Die hoofpersone leef vir my bv. Soois, Sagrys, Datie en met 'n enkele trek word die vroue geteken. Die wat 'n entjie verder van die hoofgroep staan, kom uit die skemer nog goed uit soos die byfigure op 'n Rembrandt-doeke.

Daar is die soemende vlieë in die broeiwarm kamer, die krakerige stoel, veral wanneer die lywige tante gaan sit, die meganiese vrae oor wie almal op die dorp was en hoe dit met hulle gaan, die gerekte gesprekke oor kleinigheidjies en alledaagse sake, daar is die kritiek wat op die moderne dorpsmense uitgespreek word. Hierdeur gee die skrywer sonder om dit miskien as sodanig te beskou baie grappige afwisseling. Die ouderling bv. het 'n saak met die Jood beklank, maar hulle gaan agterom na die hotel om op die verdere welslae van die transaksie te drink; geestig klink die kritiek op die uitdagende meisie uit Johannesburg, wat by die vrou van die onderwyser kuier. Dit bring bietjie afwisseling in die eentonige sleur van die plaaslewe, maar juis daarom word dit deur almal raakgesien en bespreek:

„Ja, en ek sê vir jou die wolke staan dáár soos sy sigrets rook, en haar knieë speel so wegkruipertjie onder die kort rokkie. Man die ding sit hier,” en oom Luikes wys minstens ’n halfvoet te hoog.

Is dit vreemd dat hulle daaraan dink om die skool-kommissie bymekaar te roep? „Die kinders se siele is mos eenmaal meer werd as dit...” Maar hulle is bang dat die slim onderwyser hulle hof-toe kan neem en daarvoor is hulle baie bang. Dis werklik ’n verligting wanneer die „vroumens wat soos ’n man sigrets rook en gedurig aan haar ou rokkie onder en bo moet pluk om tog ’n stukkie van haar lyf toe te kry” weg is.

Die skrywer spot egter nie met die mense nie. Hy moraliseer nie; hy herskep net en juis daarin lê die mooie. Is dit ook nie tiepics waar oom Soois en tant Sannie, wat die ellende van die droogte moet deurmaak en uit hulle grondjie raak, gedurig net praat van hulle kinders wat moet leer nie? Klein Soois kan daik nog predikant word.

Fiesiese, maar ook geestelike droogte word gegee en daarom word die lotgevalle van die onderwyserpaar ingevleg. Só gesien pas die verhaal by die een van die broers. Die man is filosoof en is net met homself en sy boeke besig; sy vrou verwaarloos hy heeltemal. Sy weer sien net die slowende vroumense op die plaas en dit wek verset by haar. Haar vriendinnetjie, wat van al die heerlikhede in die Goudstad vertel, maak haar nog meer ongelukkig. Mooi word die gedagte aan die trein wat by hulle huisie verbytrek na Johannesburg toe ingevleg. Dit verskerp die weemoed.

Aan die ander kant word die plaasonderwyser vir my te filosofies gegee. Onmoontlik word hy seker nie voorgestel nie, maar hy is ’n uitsonderingsgeval. Dis taamlik onnatuurlik dat hy so sal optree teenoor sy vrou. Dis nou ’n te eensydige voorstelling, maar die skrywer het die volste reg om so’n geval te kies om die droogte-idee so skerp moontlik uit te bring. Tog sou dit met ’n gewoner geval ook kon gebeur het en miskien beter.

Sagrys, die besigheidsboef, word ook goed geteken. Hy is in baie opsigte 'n huigelaar en omdat hy nie vasstaande beginsels huldig nie, sorg hy vir sy eie voordeel. Daarom het hy in die Tweede Vryheidsoorlog die kant van die Engelse gekies en sy vee behou en nou is hy om sy besittings 'n gesiene man. Nie 'n wonder is dit nie dat hy vooruitgeboer het. Hy sorg om sy seil na alle winde te span, om „in tel” te wees. 'n Mens voel bietjie bitter teen hom, maar hy word nie eensydig voorgestel nie. Later vind ons uit dat hy so heen en weer geslinger word, omdat hy 'n swakkeling is. Hy wil soms iets goeds doen, maar die vlees is swak. Ons kry hom dan jammer, al het ons hom in die begin verag. Oom Soois weer, die persoon wat oor die algemeen die beste voorgestel word, hou nes Hansie uit *Langs die Grootpad* van introspeksie.

Daar is afwisseling in die werk, al voel ons meestal die drukkende ellende van die droogte. Vrolik en opgewek is die visvangery geteken. Ons sien die broers daar op die karretjie; vandag is hulle in 'n opgewekte stemming; die rusies is bygelê. Mooi word die toneel van die spartelende, silwerige vis geteken.

Die skrywer gee nie net uiterlike beskrywings nie, hy gaan ook in die diepte. Dit merk ons by die onderwyser en by Soois. Die outeur verstaan ook die kuns om deur 'n klein handeeling die innerlike van sy karakters te suggereer. Die verergde broer gryp driftig na die lastige vlieë en smyt hulle dan teen die grond. Ook word die moord van Sagrys goed voorberei. Dit kom algaande uit sonder dat die skrywer spesiale aandag vir die voorbereiding vra. Mooi word die skoens-motief, om dit so te noem, ook ingevleg. Datie wil aan sy geliefde broer, Soois, 'n paar velskoene present gee. Af en toe sien ons hom besig met die skoene en die dag van die moord het hy blykbaar die laaste hand daaraan gelê. Dit het die fyn stukkies leer, wat by sy slaapplek gevind is, getuig en na die moord kan hy nog net na sy broer in die spoorweg-„kothuis” vlug om as 'n laaste offer die natgereënde skoene aan te bied. Dit vorm een van die patetiese dele uit die boek.

Aan die ander kant vind ek die hoofstuk waarin die innerlike tweespalt van Datie beskryf word voor hy die moord begaan, nie heeltemal oortuigend nie. Dat hy aan hallusinasies ly, is heeltemal natuurlik, maar nou het die hoofstuk gedeeltelik iets melodramaties. Dis waar: die toneel het verbasend baie van die skrywer geveerg. Hy het seker 'n studie van dergelike sake gemaak. Tog kom daar goeie trekke in voor; dit wek spanning en dien om die leser voor te berei. Dis tog bietjie onnatuurlik dat Datie nadat hy die nag op die werf rondgeswerf het na sy terugkoms eers in die donker onder die bed kyk en dan die kers opsteek. Hy het wel eers 'n vuurhoutjie getrek, maar dit word nie duidelik gesê dat hy daarmee onder die bed probeer loer nie. Dit verminder egter vir my nie die onnatuurlikheid nie.

Die onderwyser se vrou word weer te gou gesond. Ons verwag dat sy nog, soos 'n oomblik vantevore, half buite kennis op die bed iê en dan staan sy skielik, blykbaar heeltemal normaal, by haar man waar hy in die kombuis die boeke verbrand. Sou dit nie beter gewees het as hierdie onderdeeljie verder uitgewerk en daardeur beter voorberei was nie?

Daar is nog 'n paar puntjies waarop ek sou wil wys o.a. hoedat die skrywer deur seker gemeensame woorde sy mense hul eie taal laat praat. Dan word woorde soos "heiding", "tyken", "pampier", "perblik", "ken" vir "kan" gebruik. Ek verwelkom hierdie strewe om die mense 'n natuurlike taal te laat gebruik.

Die boodskap van die boek kan in die volgende sin saamgevat word: van die huwelik geld dit: ... "nie los van mekaar af nie, maar sterk sal hulle wees in mekaar se krag" en van die broers: „Binne hom en sy broers was 'n groter droogte as hier op die vlaktes was, hulle was leeg sonder dat die landsreën van die goedheid van God hulle binnekant ryk gemaak het."

Mag ek hierdie werk by elke liefhebber van ons eie letterkunde sterk aanbeveel? Sulke jong talentvolle skrywers moet in belang van ons kuns deur tasbare steun aangemoedig word.

P. DE V. PIENAAR.

SKAKELS VAN DIE KETTING.

Skakels van die Ketting word veral gekenmerk deur die durf waarmee dit geskryf is. Plek-plek voel 'n mens dat dit deur die opsetlikheid van die vergelykings en die weergawe van seker toestande as 'n uitdaging beskou kan word. Die jong kunstenaar is deur ons preutsheid geprikkel om gewaagde toestande te beskryf, om te sê net wat hy wil sê. Ongelukkig het hy in 'n gevaarlike uiterste verval. Baie Afrikaanse lesers sal dink dat hy opsetlik wou skok en dié indruk maak die werk stellig nie, want dan kon hy sy onderwerp baie meer in die trant van Europese skrywers uitgebuit het.

Dit neem nie weg nie dat ek hierdie te gewaagde en dikwels „platte” in sy werk betreur. Dit doen die skrywer skade, want baie sal deurdat die werk verdag gemaak word, dit ongelees laat, of nog erger, dit in die ban doen. Ander sal 'n bloemlesinkie van die gewaagde en vuile saamstel en vergeet dat alles vir die skrywer bysaak was. Hulle vergeet om die skoonheid in die werk te geniet en op prys te stel. Maar juis om sy reguitheid noem ek dit vir ons letterkunde 'n merkwaardige novelle.

Dis verder iets besonders dat hierdie filoloog sy aandag aan 'n letterkundige onderwerp gewy het. (Dr. D. F. Malherbe is ook so'n persoon). Hy het naamlik saam met dr. T. H. le Roux van die Universiteit van Pretoria die *Afrikaanse Fonetiek* geskryf. In Europa het hy sy doktorsgraad behaal en die grootste deel van sy tyd veral onder leiding van die bekende bantoeloog, prof. Meinhoff,

in Hamburg, 'n spesiale studie van die fonetiek gemaak. Enige jare gelede het hy egter met 'n besonder realistiese skets, waarin iets uit die agterbuurtes van Johannesburg verwerk word, 'n goue medalje op die Johannesburgse kunswedstryd behaal. In daardie stukkie werk, wat ongelukkig nooit gepubliseer is nie, het die skrywer van *Skakels van die Ketting* al duidelik uitgekome.

Dit blyk dadelik uit die inhoud van hierdie werk: Kobie Breed is 'n plaasseun, êrens in die Potchefstroomse distrik. Hy help in die boerdery en doen daar sy bes, maar het nog altyd plan om verder te studeer. Hy is 'n dromer, wat die plaas en die natuur hartstogtelik liefhet. As gevolg van die bitter droogte gaan die famielie na die delwerye en is daar taamlik suksesvol. Met nuwe moed kom hulle weer plaas-toe, veral omdat dit so heerlik gereën het. Hier hoor Kobie 'n stem aan hom sê: „Gaan pas my skape op!” En van nou af het hy die groot doel voor oë om predikant te word. Later kry hy dit reg om dorp-skool-toe te gaan en is daar besonder suksesvol. Van die hoërskool gaan hy na die Witwatersrandse Uniwersiteit.

Omdat hy die drang gevoel om noual geestelike werk te doen, stig hy 'n sondagskooltjie en later ontmoet hy eenmaal per week die groter seuns en dogters. Op dié manier leer hy die ellende van die Johannesburgse agterbuurtes ken. Kort voordat hy sy graad behaal, begaan hy egter 'n misstap met Violet, een van hierdie jong dogters en daar hy nou so deur sy gewete gekwel word omdat hy die vertrouwe van sy moeder en die rein nooi, Elka, op die plaas geskok het, besluit hy om direk na sy eksamen sendingveld-toe te gaan. Hy gaan nie eers sy mense groet nie en sonder om hulle te laat weet wat hom kwel, vertrek hy.

In Niassaland is hy 'n halfjaar daarna verantwoordelike geestelike vir 'n groot streek en hy verras sy dominee-vriend onder wie se leiding hy eers gestaan het deur sy oorspronklike metodes en die sukses wat hy behaal. Hy maak een van die Kafferkapteins daar gesond en die bied hom toe sy dogter aan tot vrou. Dit bring Kobie in 'n onaangename posisie, maar hy besluit om die meid vir

hom te laat kook. Hy verneem nou van sy vrindin tuis dat sy moeder siek is en dit kwel hom nog meer omdat hy vermoed dat sy skielike vertrek daarmee in verband staan. Hy het juis so selde van hom laat hoor. Toe die jong meid nader tot haar „man” wil kom, besluit Kobie om daar-en-dan te vlug. Via die stasie van die sendeling vertrek hy huis-toe, maar kom net op tyd vir die begrafnis van sy moeder. Sy droefheid is besonder groot, want hy het haar nie om vergifnis gevra nie en hy kan die edel meisie, wat nou vir hulle sorg, nie in die oë kyk nie. Hy bieg egter sy skuld aan haar en nie lank daarna nie is hulle getroud. Op die delwerye gaan hulle nou probeer om hulle volksgenote op te hef. Hier doen hulle uitstekende werk en is toevallig ook teenwoordig by die sterfbed van die meisie met wie Kobie die misstap begaan het. Haar kind, wat ook syne is, neem hy nou aan. Sy eie huwelik is kinderloos.

Dis werklik 'n ongewone storie. Plek-plek is hy vir my onnatuurlik, veral die ontmoeting van Violet op die delwery en die besluit om sommerso na Niassaland te gaan. Vergeet mag nie word dat sy woonplek baie naby Johannesburg is nie. Oortuigend is die rede waarom hy so min skryf ook nie. Hy spreek hom selfs teë—vgl. maar bl. 175 en 177. Natuurlik het die skrywer 'n doel gehad met die stuur van sy held na die sendingveld: hy moes daar tot inkeer kom en gelouter word, want hy moes in die lewe getrou wees aan die opdrag: „Pas my skape op!” Af en toe spot Kobie juis met sy swart skape. Eintlik gee die skrywer die ontwikkeling van die geslags-instink in die puberbiteitsjare en hy laat die gevare wat daaraan verbonde is duidelik uitkom. Aan die end behaal sy held 'n oorwinning.

Origens is die boek godsdienstig van toon, wat ook nie vreemd is nie, want die geheime van die geslagslewe en die godsdienstige gaan dikwels saam. Die held is vroom godsdienstig en op verskeie plekke verbeel hy hom dat hy 'n bonatuurlike boodskap verneem. In hulle werk op die

delwerwe vind hy en sy moedige vrou later hul'e hoogste bevrediging.

Die boek behandel seker episodes uit die lewe van Kobie en hierin word die meeste klem op die geslagtelike gelê. Maar daarby moes verskillende ander sake aangeroeur word. So vind hy terloops geleentheid om die optrede van die onderwysers, die dominees en ook die sendelinge te gisp. Hy laat duidelik uitkom watter politiek hy in sendingsake gevolg wil hê. Hy spreek hom uit oor ons viering van Kersfees en Nuwejaar, ens.

As geheel het die boek nie geslaag nie, daar is nie genoeg ewewigtigheid in die werk nie en die bespieëlings in die sendingveld is te gerek, al openbaar die skrywer hier fyn sielkundige kennis. Naby die end weer is die boek te oorgevoelig. Daardeur word die indruk gewek dat die werk, veral wat die bou betref, nie heeltemal geskik was om al die gedagtes van die denkende jong man te bevat nie.

Die boek laat baie dink aan C. M. van den Heever se *Langs die Grootpad*. Ook daar is die soekende jong man, wat die lewe ingestoot word, die invloed van die moeder en van die liefhebbende meisie; die jong man wat oorwin en sy natuurlike plek in die lewe inneem; verder die plaaslewe, droogte, die geluk wat op die delwerwe getref word. Ek dink stellig dat Van den Heever se werk suggestief ingewerk het op dié van Pienaar. Vreemd is dit nie as 'n mens weet dat die twee 'n tyd saam in Europa was nie.

By die beskouing van die onderdele kom die skoonhede en gebreke van hierdie werk beter uit en dan eers kan 'n mens die boek na behore waardeer.

So word 'n mens van die eerste bladsy deur die eie segging getref. Die skrywer wil sy emosies nie in hoëruggerde woorde en beelde vaslê nie. Nee, hy wil oorspronklik wees. Die werk en veral die styl moet sy eie stempel dra. Hierin lê die skrywer se krag, maar ook sy swaakheid. Dikwels word die indruk van *soek* na die regte samestelling of beeld te veel gewek. Dan is die uitwerking van die woord of vergelyking nie spontaan nie—dit ruik te

veel na die lamp, óf dit dek die geval nie volkome nie en is minder „af”. Trouens die hele boek maak die indruk dat die skrywer nie die tyd had om die laaste hand aan die werk te lê nie.

’n Mens sou baie voorbeelde van gesogtheid kan noem bv.: „Toe die son agter die vaal bulte sy Paul-Kruger-pondsirkel opsteek...”; „toe hulle agter die ry bome in verdwyn, sien hy nog moeder met die voorskootpunt liefdesessens afdroë...”; „...is dit asof die riem waarmee sy aandag gespanthou was...”; „Heldergeel, ’n stafie van goud, pronk die stigma in die oop kelk, soos die kristaltandery in ’n oop-laggende meisie-gesig.” Vir my is „kristal” minder gelukkig gekies.

Afgesien van beide, wat effens oordrewe is en valse beeldspraak word ’n mens deur baie hoogstaande bladsye getref. Op sulke plekke is die skrywer plasties en word die prosa deur die gevoelvolle weergawe en die beroep wat dit op ons verbeelding doen niks anders as poësie nie. Sien ’n mens nie bv. die volgende nie: „Ver, waar die loodvaal berge hekserig in die lug dans, lê die okergeel veld en stowe en welf yl newels, wat met die blou versmelt.” „In die Ooste lê daar lang wolkbanks stil en wag, soos ’n reën-uitgekabelde pad...”

Maar neem die volgende langerige stukkie:

In die Weste teen die spookswarte bulte af, kleur ’n veldbrand die lug helrooi. Magtige rooigeverfde rookkrulle vorm ’n dak bo en hang verderaf ’n loodgrys mantel oor die vlaktes. Nou en dan brand ’n graspol helder op en rek met ’n kragtige swaai bo die ander uit. So klein brand party vlammetjies tog as hulle vir hulle bestaan veg. Dis of die bulte lewe. Dis of ’n vuursee daar kabbel. Op-af, op-af gaan die tongetjies teen die swart, uitgetande riwweagtergrond.

Weliswaar sou ’n mens op een en ander kon verbeter; nietemin is dit ’n goeie staaltjie van die skrywer se styl. Ongelukkig word sulke stukke nie altyd goed saamgeweef met die hele verhaal nie. Sulke brokstukke uit die natuur word dan doel en behoort in die verhaal

middel te wees. Op sulke plekke is die skrywer egter uitstekend realisties en waar die geleentheid hom voordoen, soos in die agterbuurtes van Johannesburg, slaan dit tot naturalisme oor.

So kan ek my voorstel dat 'n doodnugter mens by bl. 158 of daarlangs sou sê: „Kom aarde toe man; sê wat jy wil sê en kry klaar.”

Vir my is dit heeltemal natuurlik dat die skrywer sy verhaal so sal opdis dat hy verskeie geleenthede kry om sy krag te toon en die lê in die uitbeelding van die natuur. Dit verraai egter swak tegniek.

Die plaaslewe word goed uitgebeeld. Vir my behoort die paar bladsye van 208 af tot die beste van die boek. Daar vertel Kobie van sy eie ervaring en hier is dit eg. Mooi is ook die simboliese natuursketsies waarmee later die meeste hoofstukke begin. Hulle is pakkend geskryf en berei die leser voor op wat kom. Hulle laat onwillekeurig dink aan die reisange by Vondel, al is dié nie simbolies nie. Net so treffend is die krokodil-episode teen die end van die boek.

Mooi is deurgaans die invloed van die moeder op haar kind. Goed word die nooi Elka ook geteken. Kostelik word die kinderverliefdheid in de begin gegee. Dis deurleef. Later oefen Elka 'n heilsame invloed op Kobie uit. Teer is Kobie se liefde ook vir sy oorlede sussie.

Oor die algemeen is die toon van die boek ernstig, maar hier en daar kom die komiese onbewus uit. Opsetlik is dit nie altyd bedoel nie, bv. waar die kaptein Kobie die jong meid present gee. Weier mag hy nie, want dit sal vir die kaptein 'n belediging wees, met haar trou wil hy ook nie.

Die bonatuurlike speel in hierdie werk 'n taamlieke rol. Ongelukkig is dit nie oral oortuigend nie en dan word dit banaal. Die regte atmosfeer word nie altyd geskep vir die boodskap: „Pas my skape op” nie. Bonatuurlik is die geur wat Kobie en Elka gewaarword bv. in hulle kamer die aand na hulle troue. Dis die geur van wit lelies en daarvan het die oorlede moeder so baie gehou!

Minder goed te praat is die moralisasie in die boek. Hier skep die kunstenaar nie, hy redeneer. Neem bv. die volgende: „Dan sal miskien, ja wellig, die lot van die houtsprankie vir hom 'n les wees” en op 'n ander plek „Mag God die kostelike laggie-in-die-baard-humor van die Afrikaner met Kersfees vir alle eeue bewaar, want hier is dit 'n getemde blydschap, in harmonie met die dag wat hulle heilig.”

Daar is baie sulke onnodige prekieë ingevleg.

Merkwaardig is die spelling van die boek. Die fonetikus het ook die spellingoutoriteit uitgedaag en spel baie woorde op sy eie manier. Aan die een kant kan ek, wat al jare vir party vorme pleit, dit van harte toejuig, bv. “twak” (al word “tabak” ook in die boek gebruik), “krokkedel”, “sommer”, “patattaklip”, “parra”, “lik-sens”, “moter”. Daar is min Afrikaners in die noorde wat hierdie woorde nie so uitspreek nie, of hulle moet hulle vernaam hou.

Aan die ander kant word “kokkeloer”, “trug”, “poppelierbos”, “vijool”, “janloers”, “sikketaarstreë” en baie ander gebruik. Baie van ons spreek die woorde só uit, maar party spreek hulle weer anders uit. Hulle word selfs in die noorde nie algemeen so gehoor nie. As ons so aangaan, dan sal ons spelling te deurmekaar wees, want elkeen sal op sy eie gesag spel. Maar verder wek sulke spelling reaksies en i.p.v. die invoering van meer noorde-like vorme word die deur onverbiddelik gesluit omdat ons so bont skryf. Dis 'n wesenlike gevaar.

Om saam te vat: Ons het hier met 'n boek te doen, wat veral waarde het as 'n belofte vir die toekoms. Dit bevat mooi dele, maar dit dra te veel spore van haastigheid. Dis jammer dat die skrywer nie 'n hele paar woorde en enkele toneeltjies wat min met die verhaal te doen het, weggelaat het nie. Nou gee hulle aanstoot en sal die kunsgehalte van die werk by die minder-nadenkende skaad. Hulle verhoog nie die waarde van die werk as kunswerk nie en hulle is vir die gewone leser „onfatsoenlik.” Waar dit in die opset van die werk pas, moet dit beslis bly.